

2. EKUMENIES - PRINSIPIEEL

DIE BEPALER EN BEDIENAAR VAN DIE REG EN DIE ORDE VIR DIE KERK

2.1 VERKENNING

In hierdie afdeling gaan dit om 'n grondidee: *die bepaler en die bedienaar van die reg en orde vir die kerk*. Die grondidee is vir die ontplooiing van hierdie studie die sleutel tot 'n Skrifgebonde kerkreg- en kerkordebeskouing. Die grondidee is ook die fundamentele vertrekpunt van enige kerkregeringstelsel. Vir hierdie studie is die grondidee derhalwe meer as 'n metodiese vertrekpunt, dit is reeds die inhoudelike rigtingbepaler. Daarom word nie in hierdie afdeling, ekumenies besien, die kaleidoskopiese variante op die betekenis en die inhoud van die reg en die orde vir die kerk ondersoek nie. Hier word hoofsaaklik gekonsentreer op dié faktor in die kerkregering waardeur die inhoud, selfs die wese van elke kerkreg- en kerkordebeskouing bepaal word: *die bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk*.

'n Antwoord op die vraag wie of wat die bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk is, verklaar tegelyk waar die reg en orde vir die kerk setel. Dit verklaar wat die bron van die reg en die orde is, en waaruit dit nagevors moet word. Selfs die aard, die gesag, die inhoud, die doel, die implementering, die hele wese van die reg en die orde vir die kerk word fundamenteel deur die bepaler en bedienaar daarvan bepaal. Hieruit blyk die belang van die geformuleerde grondidee.

Nou staan 'n mens voor 'n keuse. Hoe moet die bepaler en bedienaar van die reg en die orde in die kerk vasgestel word? Moet 'n metode, moontlik heilshistories-eksegeties, bedink word om direk 'n antwoord uit die Skrif te kry? Of moet 'n mens, met die besef dat hierdie vraagstuk 'n historiese impak

het, jou laat lei deur die historiese resultate van kerklike nadenke, besluitneming én omgang met die Skrif, waardeur al eeue lank beskouinge oor 'die bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk' in kerkregeringstelsels geïmplementeer is? Hiervoor sou 'n histories gerigte ekumenies-prinsipiële ondersoek op die gebied van die kerkregeringstelsels dienstig wees.¹⁾

Laasgenoemde alternatief lyk my 'n verantwoorde keuse. Hierdeur word die moontlikheid gebied om 'n posisiekeuse tussen (waarskynlik) verskillende kerk-historiese perspektiewe te maak, nadat die gedagtelyne wat daartoe gelei het, prinsipiël beoordeel is. In hierdie keusemoontlikheid is die deurslaggewende faktor uiteraard die hantering en interpretasie van Skrifgegewens. Om dan, vanuit die posisiekeuse, 'n verdere deel van die studie eksegeties uit die Skrif te belig, lyk nou reeds na 'n boeiende én noodsaaklike moontlikheid.

Die verskille tussen die kerkregeringstelsels word hier op één punt, die fundamentele punt afgestem, naamlik die bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk. Van hierdie punt af kan 'n duidelike perspektief op die verskillende beskouings verkry word, byvoorbeeld die verskillende visies op die bron, die aard, die gesag, die inhoud, die doel en die implementering van die reg en die orde vir die kerk. Van hieruit lyk 'n posisiekeuse met betrekking tot die ontplooiing van 'n kerkreg- en kerkordebeskouing nie slegs opwindend nie, maar ook prinsipiël verantwoord.

Om in staat te wees om uit elke ter sake faset van die kerkregeringstelsels op die grondidee in te sny, is dit noodsaaklik om die verskillende kerkregeringsbeskouings breed aan te voor. Ek beperk egter die tallose moontlike rigtingpylers wat na die grondidee toe lei, deur in hoofsaak die *kerkbegrip*, *gesagsbegrip* en *diensbegrip* van die kerkregeringsbeskouings te ondersoek.

Hieruit kan die lyne dan duidelik na 'n bepaler en bedienaar van die reg en

die orde vir die kerk, vanuit elke bepaalde kerkregeringsbeskouing getrek word. Waar die inhoud van die betrokke kerkregeringsbeskouing dit vereis, volg ek ook ander rigtingpylers.

Die beskouingsrigtings wat hier ondersoek word, verteenwoordig die belangrikste kerkregeringstelsels:

- (i) Die Roomse beskouing.
- (ii) Die Lutherse beskouing.
- (iii) Die Erastiaanse beskouing.
- (iv) Die Kollegialistiese beskouing.
- (v) Die Kongregasionalistiese beskouing.
- (vi) Calvyn se beskouing.

Die Roomse beskouing is van historiese én aktuele belang. Van historiese belang: omdat die Roomse beskouing oor die bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk myns insiens een van dié krisispunte was, binne die kader van verskeie verskilpunte, waarop die kerklike weë in die sestiende eeu geskei het.²⁾ Van aktuele belang: omdat die beskouing oor die bepaler en die bedienaar van die reg en die orde in die kerk dermate bepalend vir die kerk-, gesags- en diensbegrip is, word die verskille tussen die Roomse en die protestantse denkrigtings steeds in die genoemde beskouing as 'n kernmoment saamgetrek (vgl. Mörsdorf 1964:3; kyk 2.2.4).

Die Lutherse beskouing is eweseer van groot belang vir die doel van die studie, veral omdat die wortels van die Erastiaanse- (Wesel-Roth 1954:97) en die kollegialistiese beskouing (De Wet 1921:22; Janssen 1855:17) daarin te vind is, maar ook omdat die bepaalde visie van hierdie beskouing op die bepaler en bedienaar van die reg en orde vir die kerk, vanweë die groot invloed wat dit op die Nederlandse en Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis (ver-

al via die kollegialisme) gedurende die negentiende eeu gehad het (Spoelstra 1983:30v; kyk 2.5.2 en 2.8.3), belangrik vir 'n verantwoordelike posisiekeuse is.

Die Erastiaanse beskouing is veral vanweë die historiese konsekwensies daarvan van belang: Dit is juis die standpunt van die ontkenning van 'n selfstandige kerkregering waarop die Arminiane hulle tydens die Dordtse Sinode van 1618-1619 beroep het (Nobbs 1938: 25vv); in Duitsland het die staat hom die titel van *Summus Episcopus* toegeëin en in Engeland tree die koning onder die naam van *Defensor fidei* op (Janssen 1855:6); die kerk in die Kaap word die De Mist-'kerkorde' in 1804 van staatsweë opgelê (Van der Watt 1976: 39,44-46; Jooste 1961:56-61; kyk 2.5.2). In Nederland plaas koning Willem I die Nederlandse Hervormde Kerk onder die jurisdiksie van die 1816-Reglement (Bronkhorst 1945:18-26).

Die kollegialistiese beskouing se belangrikheid is veral geleë in die bepalende rigting waarin hierdie beskouing die kerkgeskiedenis in onder andere Duitsland (Schlaich 1969:13vv), Nederland (Hoedemaker 1904:10v,13v) en Suid-Afrika (Van der Watt 1976:45; kyk 2.5.2 en 2.8.3) beïnvloed het. Vir 'n groot deel het die kerkbegrip en die kerklike gesags- en diensbegrip in genoemde lande in 'n kollegialistiese rigting opgegaan.

Die kongregasionalistiese beskouing is van belang omdat dit hoofsaaklik verteenwoordigend van die Engelssprekende kerkwêreld is, maar ook omdat die invloed van die reformasie in 'n ander variasie in hierdie beskouing na vore kom (Walker 1893:194-237,354-408).

In Calvyn se beskouing trek die hart van die reformasie se dryfvere saam. Hierdie beskouing het 'n ontsaglike invloedseer in die protestantse kerke

verkry. Die diepste dryfveer in Calvin se beskouing dring die vraag na vore, naamlik hoe die Woord van God op sy regmatige plek in die kerk gebring moet word, en derhalwe hoe die God van die Woord reg vereer moet word (Ganoczy 1968:195-206; Milner 1970:4). Niemand wat erns maak met 'n skriftuurlik bepaalde kerkreg- en kerkordebeskouing kan Calvin se beskouing ter syde laat nie.

Deur elkeen van die genoemde beskouings dedukties vanuit 'n breë basis tot op 'n piramidepunt saam te trek, naamlik *die bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk*, word die taak vergemaklik om met die Heilige Skrif as uitgangspunt te bepaal watter een - indien enige - van hierdie beskouings as 'n basis vir 'n Skrifgebonde kerkreg- en kerkordebeskouing kan dien.

Die samevatting aan die einde van elke beskouing is nie 'n bloot feitelike opsomming van die voorafgaande nie, maar 'n bondige interpretatiewe weergawe van die aspekte wat as die belangrikste vir die doel van die ondersoek aangemerkt moet word. In die bevindinge word die hooflyne uit elke beskouing ook bondig op die enkele spitspunt, *die bepaler en bedienaar van die reg en die orde in die kerk*, afgestem. My posisiekeuse vorm dan as't ware die hoogste punt van 'n aantal piramidepunte om daarvandaan 'n uitsig op die verdere deel van die studieveld wat ontgin moet word, te verkry.

2.2 DIE ROOMSE BESKOUING

2.2.1 *Inleiding*

Hoewel daar na die Tweede Wêreldoorlog nuwe nuanserings en ander beklemtonings in die Roomse teologiese denke met betrekking tot die Roomse kerkbegrip, gesagsbegrip en diensbegrip te voorskyn gekom het (vgl. Walden 1975:37), bly die amptelike Roomse ekklesiologie steeds 'n gevangene van sy tradisionele, self-ontwerpte strukture (vgl. bv. resente skrywers, wo.: Erler 1983; Neumann 1981; Schwaiger 1977; Feine 1972; Leitmaier 1971; Mörsdorf 1964). Bewys dat die tradisionele Roomse Katolisisme offisieel weinig *wesenlike* veranderinge ondergaan het, is gelewer deur die beslissings van sowel die eerste (1869-1870) as die tweede Vatikaanse Konsilie (1962-1965) (vgl. Trimp 1982:29-32, 51-64; vgl. Rossouw 1984:37vv, 47, 63-65)¹⁾.

Die verskuiwing in die ekklesiologiese denke van Roomse skrywers na die Tweede Wêreldoorlog van die tradisionele, star Roomse kerkbegrip as geïnkarneerde en veral geïnstitusionele "liggaam van Christus" na "volk van God", word myns insiens by verre te hoog as "the Copernican revolution in ecclesiology" (vgl. Walden 1975:155v) aangeslaan. Hoewel hierdie skrywers²⁾ pouslike dekreete en konsilie-uitsprake in 'n mindere of meerdere mate nuut nuanseer en anders as die tradisionele wyse interpreteer, bly dit per slot van rekening die amptelike formulerings en die verklarings daarvan waaruit die Roomse beskouing op die bepaler en bedienaar van die reg en die orde in die kerk, en derhalwe die visie op kerkreg en kerkorde, bepaal moet word. Derhalwe word in hierdie ondersoek op die tradisioneel offisiële Roomse beskouing gekonsentreer, soos dit deur kontemporêre skrywers ontwikkel en weergegee word.

2.2.2 *Die 'goddelike reg' en die kerkbegrip*

Kontemporêre Rooms Katolieke kerkregskrywers is dit in teorie daaroor eens dat

God as die hoogste outoriteit ook die diepste grond van die reg en die orde vir die kerk is (Mörsdorf 1964:3,13,21; vgl. Aymans 1983:4-8; vgl. ook Potz 1978:188vv). Maar omdat die kerkreg volgens die Roomse beskouing as *ius commune* verbintenisse en verhoudings reël en 'n vredevolle samelewing beoog waarvoor vanselfsprekend die samewerking van mense verkry moet word; en omdat die kerkreg 'n ordeningsfunksie het wat op die natuurlike sedewet (*lex naturalis*) volgens die Roomse interpretasie van Romeine 2:15 berus, kan dit nie volstaan met slegs die hoogste outoriteit en die diepste grond van die reg nie. Om orde in 'n konkrete gemeenskap te vestig, vereis die reg noodwendig 'n menslike outoriteit, maar 'n menslike outoriteit wat 'n aanwysbare begronding in die goddelikheid het (Mörsdorf 1964:3).

Weliswaar is Christus in die Nuwe Testamentiese kerk as die enigste Hoof van die kerk erken. Maar die kerk was, volgens die Roomse beskouing, toe nog nie 'n regsgeordende gemeenskap nie. Die kerk was veel eerder 'n liefdesgemeenskap, 'n pneumatiese organisme wat ongedwonge, sonder 'n gepositiverde regstelsel as $\sigma\omega\mu\alpha \text{ } \chi\rho\iota\sigma\tau\omicron\upsilon$ gefunksioneer het (Feine 1972:28v; vgl. Erler 1983:10-12).

Reeds kort na die eerste eeu moes, volgens die Roomse kerkbegrip, vir die dele ('die gemeentes') voorsiening gemaak word om in die geheel ('die kerk') op te gaan. Daarom het die parochieë (gemeentes) mettertyd in die bisdomme opgegaan en die bisdomme het as streekkerk in die 'eintlike kerk' opgegaan (vgl. Schwendenwein 1983a:198-206).

Die 'kerk' wat as die sigbare liggaam van Christus 'n toenemende aantal 'dele' as *communio* moes laat funksioneer, het al hoe meer 'n eie regsorde vereis. So het die sakrale amps- en kerkreg noodwendig uit die charismatiese karakter van die algemene priesterdom ontwikkel. Hierdie reg word van goddelike oorsprong beskou; volgens die Roomse beskouing kan dit direk na die voorskrifte van

Christus en die apostels herlei word (Feine 1972:29).

In feite het die 'godelike reg' die diepste fundering van die kerkbegrip in die hiërargiese kerkstruktuur geword, juis omdat dit op die Nuwe Testamentiese Hoofskap van Christus gegrond sou wees (vgl. Ecclesia Docens, encyklik Quas Primas 1940:24). Vanweë die 'godelike reg' wat in die kerk funksioneer *het* die kerk nie slegs sakramente nie, maar *is* die kerk self dié sakrament, dit wil sê die sigbare en werksame teken van die onsigbare genade van God (Trimp 1982:38). Om die sakramentskerk sy ordelike beslag te gee het die kanoniese wet as *ordinatio fidei* noodsaaklik geword (vgl. Corecco 1983:23).

Volgens Roomse beskouing berus dié kerkreg volkome op die godelike wil, trouens dit word ook *ius divinum* genoem. Die *ius divinum* bestaan uit twee hoofkomponente:

- (i) Die positiewe openbaring waaronder die Heilige Skrif sowel as die kerklike tradisie verstaan word. Die ontvouing van die *traditio* lê op dieselfde vlak as die verklaring van die leer van die kerk en is gesamentlik die positivering van die godelike reg (*ius divinum positivum*) (vgl. Bouwman I 1970:193).
- (ii) Die natuurlike openbaring, oftewel natuurreg, waaronder én die ingeskepe sedelikheid én die natuurlike regsgevoel (*ius divinum naturale*) verstaan word (Erler 1983:125; Potz 1978:186,188-207, 211vv).

Hierdie beskouing rus op die teorieë van Thomas von Aquino wat beweer het dat die natuurreg in die redelik-sedelike wesensaard van die mens ingeskepe is (Pötz 1978:188). Daarom kan Neumann (1981:5 verklaar: "Die Idee des Rechts gründet in der menschlichen Person".

Vanweë die sakrale ampsreg en die godelike natuurreg, beide openbaringsele-

mente, waardeur God se wil bekend word, word die kerklike wetgewing as die positiewe reg van God beskou. In die Roomse Kerk se *potestas ordinis*, sy *potestas gubernationis* en sy *potestas iurisdictionis* (vgl. Ecclesia Docens, *encycliek Quas Primas* 1940:24) behou die kerk hom die reg voor van outentieke interpretasie van die *ius divinum*. En die taak van die Roomse Kerk om die *ius divinum* as geopenbaarde goddelike reg te formuleer, is nog steeds nie beëindig nie (Leitmaier 1971:66vv). As *ius divinum positivum* is dit deur die loop van die eeue in hooftrekke in die *Codex Iuris Canonici* vasgelê. (Die jongste hersiene uitgawe daarvan het in 1983 verskyn).

Die *Codex Iuris Canonici* figureer vanaf Pinkster 1918 as die belangrikste bron van die Roomse kerkreg (Mörsdorf 1964:27; Erler 1983:28) soos dit opgebou is uit materiaal van die *Corpus Iuris Canonici* waarvoor die basis omstreeks 1140 n.C gelê is (Richter & Dove 1876:138-156; Plomp 1978:143). Hierdie basis van die *Corpus Iuris Canonici* was 'n versameling kodekse, wette en canones bekend as die *Decretum Gratiani* en uitgegee onder die veel-seggende naam *Concordia Discordantium Canonum*. Dit was inderwaarheid 'n grootskaalse poging om harmonie te bring in "een collectie van innerlijk vaak tegenstrijdige kerkelijke bepalinge". (Van't Spijker 1972:10). Hierdie regsbron gee nie soseer die indruk van 'n kerkorde of 'n kerklike regimentebundel nie, maar eerder die van 'n bundel regspostuleringe sowel as verskeie wetboeke wat inmekaar verweef is (vgl. *Codex Iuris Canonici*:1918 en 1983). In hulle aanspraak, óók om wêreldlike gesag, hou die Roomse hiërargie die *Codex Iuris Canonici* graag voor as 'n model vir die burgerlike reg (Erler 1983:30). Reeds uit die geskiedenis van die *Corpus Iuris Canonici*, tot sy afsluiting in die veertiende eeu, blyk hoedat die kerk 'n politieke liggaam geword het, bestuur deur 'n pouslike monarg, met al die kenmerke van 'n streng georganiseerde staatstruktuur (Bakhuizen van den Brink 1968:25).

Die historiese ontwikkeling van die *ius divinum positivum* het daarop uitgeloop dat die kerk met sy bestuurshiërargie onder 'n soewereine hoof op die Romeinse staatsregtelike patroon ingerig is. Roomse kerkreg het 'n volkome vermenging van kanoniese reg en Romeinse staatsreg geword (Feine 1972: 30, 272, 273; vgl. Mörsdorf 1964:26). Omdat beide regstelsels, die *ius romanum* en die *ius canonicum*, se begronding op die filosofiese uitgangspunte van die natuurreg (*ius divinum naturale*) berus, en omdat beide regstelsels as *ius commune* 'n *societas perfecta* beoog, kon die *ius publicum ecclesiasticum* hom nooit ontworstel van die invloed van die *ius romanum* nie (vgl. Correco 1983:20; vgl. Luf 1983:25vv). Volgens die model van die Romeinse keiser wat tegelyk hoogste wetgewer, opperregter en finale begenadiger was, soos wat die volheid van die mag oor die ryk in sy persoon saamgetrek het, só is die opperheerser van die kerk ingeklee (vgl. Neumann 1981:15). Selfs die begrippe waarmee die Roomse hiërargie funksioneer, is uit die Romeinse reg oorgeneem: die *ius divinum* van die keiser; die *auctoritas* van die senaat; die *potestas* van die magistrate, die *iurisdictio* van die regters; die *libertas* van die volk (Neumann 1981:90,103,104). "Lediglich wenige Begriffe sind spezifisch christlich" (Neumann 1981:64). So is 'n kerkimperium op die grondslag van die *staatsimperium* opgerig waarin die universele kerk van Christus met die aardse sigbare instituut van Rome geïdentifiseer word. Augustinus se grondgedagte oor die kerk as liggaam van Christus is in die Roomse kerkbegrip veruitwendig: die kerk het die juridiese gedaante van 'n staat verkry (vgl. Richel 1942:60).

Hierdie aardse instituut moes nie slêgs 'n *societas perfecta* wees nie, maar dit is ook 'n *societas inaequalis et hierarchie*: 'n ongelyke gemeenskap wat uit die *clerus (ordo)* en die *laicos (plebs)* bestaan (Walden 1975:44vv). Eintlik bestaan die kerkinstituut in hoofsaak uit die *clerus* (die pries-

terstand - die leke is bykomstig. Die *clericus* is die handelende verpersoonliking van die kerk, deur wie en in wie die kerk sy sigbare gestalte verkry. Die priester en die biskop trek in die pous saam aan wie hulle hulle bediening en hulle gesag ontleen. Soos die pous Christus se stedehouer op aarde is, is die biskop en die priester weer die pous se verteenwoordigers in 'n bepaalde deel van die kerk. Gevolglik is die geordende priesterstand die eintlike onderrigterende kerk (*ecclesia docens*) wat die genade bedien (vgl. Praamsma 1949:491v).

Die pous is die sigbare beliggaming van die universaliteit en die eenheid van die kerklike *imperium* wat op die patroon van die Romeinse *imperium* opgerig is. Sonder die pous is die kerk nie 'n menslike realiteit nie; sonder die pous is die kerk nie eens Christelik nie, want Christus word in die pous verteenwoordig (Rahner & Ratzinger 1962:11lv). As plekbekleër van Christus op aarde (*Ecclesia Docens, Mystici Corporis Christi* 1949:45: "Divinus Redempto per suum in terris vicarum Corpus suum mysticum gubernet") is die pous Petrus, oftewel die *Apostolorum Principi* (*Ecclesia Docens, Mystici Corporis Christi* 1949:45): dáárop berus sy 'primaat' (Hinschius I 1959: 195vv; Richter & Dove 1876: 121-123).

Hoewel die Roomse kerkbegrip tradisioneel geen oog vir die 'onsigbare' kerk het nie (omdat die 'onsigbare' kerk met die sigbare kerk geïdentifiseer word), is daar wel hedendaagse skrywers van dié kerk wat byvoorbeeld van die 'Doppelschichtigkeit' van die kerk praat: die institusionele regstruktuur (liggaam van Christus) en die nie-institusionele gemeenskapslewe wat as 'volk van God' getipeer kan word (Walden 1975:106; vgl. aantekening 2). Gewoonlik kom die tradisionele beskouing van die institusionele struktuur van die kerk weer as die bepalende faset na vore waardeur die kerk 'volk van God' is. Hiervolgens is die institusionele faset, en nie die gemeenskapsfaset nie, die wese van die

kerk. Hiervoor word die argument aangevoer dat indien die strukture bestaan, kan dit altyd deur die Heilige Gees met geloofslewe gevul word; maar sonder die strukture sal beide, instituut en gemeenskapslewe, verdwyn. Die institusionele struktuur is die voorwaarde vir kerkwees, derhalwe ook vir gelowigwees - "The institution is the church makes a people; the community is the church made by the people" (Walden 1975:106).

Dit blyk dat die Roomse Kerk volkome as 'n heilsinstituut beskou word en derhalwe die bedienares van die genade¹³ wat oor die toesegging van die saligheid beskik. In die kerkinstituut is die genadeskatte gedeponeer en as middelares^{13d} onmisbaar in die verkeer met God. Hierdie magte is gegrond op die sakramente (vgl. Aymans 1983:3-11; vgl. ook Mörsdorf 1964:10) sowel as op die Woord van God én op die kerklike tradisie as supplementêre openbaringe van God se wil (Mörsdorf 1964:18; Erler 1983:125).

2.2.3 *Diensbegrip*³⁾

Hoewel Vaticanum II in die vroeg-sestigerjare veel meer nadruk gelê het op die dienskarakter van die amp (bv. Kertelge 1972:158; bv. Schillebeeckx 1979:147-160; en Ratzinger 1968:347-376; vgl. Trimp 1982:117) is daar geen essenisiële wysiging in die ampsleer, wat deur die eeue as dogma vasgelê is, te bespeur nie (Trimp 1982:20). Deur die loop van die eeue is die Roomse ampsleer tot 'n imposante gedagtekonstruksie uitgebou, waarin die amp as 'n *sakramentele stand* beskryf is, dit wil sê dat Christus self as regeerder in die ampsdraers teenwoordig is (Trimp 1982:19). Omdat Christus self in die amp (*clerus*) teenwoordig is, is die hiërargie die setel van én die kerk én die gesag. Daarom kom die amp as 'n bepaalde stand op 'n vlak bokant die leke te staan. Die Roomse begrip van 'diens' is dus wesenlik 'amp' in konteks met die begrippe 'posisie', 'status', 'stand' (vgl. aantekening 3). Derhalwe word, waar dit van toepassing is, in hierdie hoofstuk na 'amp' pleks van 'diens'

verwys.

Soos dit die geval met die Roomse kerkbegrip is, is dit ook met die Roomse ampsbegrip: die 'laere' gaan in die 'hoëre' op. Gevolglik is die kerk waar die priester is, want waar die priester is, word die pous verteenwoordig: *ubi papa ibi ecclesia* (vgl. Feine 1972:46-51; vgl. ook Aymans 1983:3-11). Deur sakramentele wyding kry die *clerus* deel aan die *potestas ordinis*, om so tot die *ordo*⁴⁾ toegelaat te word, waardeur die kerk as liggaam van Christus beliggaam word (vgl. Van't Spijker 1972:26). Deur die ampswyding verkry die *clericus* deel aan die *onvernietigbare karakter* van die amp, naamlik die *character indelebilis*. Hierdie besondere eienskap is die diepste grond van die *status* van die amp: "Niet de uitoefening van het ministerium, maar de blijvende potestas van de ambtsdrager staat hier centraal" (Trimp 1982:46). Hierdie sakrale karakter van die amp is die konstitutiewe aspek vir die hiërargie as stand, waardeur die *clerus* as *ordo* (teenoor die leke) die eintlike kerk, in wie Christus lewend teenwoordig is, vorm. Trimp (1982:46) stel die *character indelibilis* van die amp in perspektief deur dit as die basis aan te voer waarop die amp losgemaak word van die Woord en van die werking van die Heilige Gees en waardeur die amp as 'n geobjektiveerde, selfstandige instelling in die kerk heers.

Wat dusver hier van die amp gesê is, is in die eerste plek van die pouslike amp waar. Die pous word op grond van die apostoliese suksessie as die oorsprong van elke ander amp beskou. As opvolger van Petrus is die pous opperherder en derhalwe die biskop onder die biskoppe (*episcopus episcoparum*). Die grond vir hierdie dogma vind die Roomse kanonici in Matteus 16:13-19, Lukas 22:32 en Johannes 21:15-17 (Feine 1972:311v; Mörsdorf 1964:343). Vanweë die verligting van die Heilige Gees, volgens die Roomse interpretasie van Johannes 20:22 en 23, is nie alleen die universele episkopaat aan die pous toegeken nie maar ook die leeramptelike onfeilbaarheid: *infallibilitas*

papae loquentis ex cathedra (Schwaiger 1977:161; Erler 1983:128). Hy word as die direkte verteenwoordiger van Christus op aarde beskou (Mörsdorf 1964: 343). Gedurende die twaalfde en dertiende eeue is die algehele ampsheerskappy van die pous as Petrus se opvolger in die *Corpus Iuris Canonici* deur die groot juristepouse gedefinieer: Alexander III, Innocentius III, Gregorius IX en Innocentius IV (Erler 1983:27; Feine 1972:271). Die Petriniese opvolging en die daaruitspruitende pouslike magte is as dogma deur die Konsilie van Trente (1545-1563) (Brouwer 1937:12) vasgelê. Die eerste Vatikaanse Konsilie (1869-1870) het dit bevestig (Schwaiger 1977:161). Ook die tweede Vatikaanse Konsilie (1962-1965) het dié dogma herbevestig. (Trimp 1982:29-32).⁵⁾

Die leiding van die kerk is volkome en onveranderlik in die hande van die pous: "dessen unumschränkter Primat in Gesetzgebung und Rechtsprechung, in Verwaltung und Besteuerung jetzt feststeht, ja für heilsnotwendig erklärt wird. Er ist Stadthalter Christi auf Erden, vicarius Petri, Christi, Dei (Innocenz III), potestate Petrus, unctione Christus bei Bernhard von Clairvaux, weniger als Gott, mehr als Mensch nach Innocenz III" (Feine, 1972: 300).

Soos wat die apostels die eenheid van die twaalf stamme uitgedruk het (Mt 19:28), so bring die pous en sy biskoppe die eenheid van die nuwe volk van God tot uitdrukking (Mörsdorf 1964:351). Die Roomse Kerk vind egter nie alleen die waarborg vir sy eenheid in die pous nie, hy vind ook die waarborg vir sy apostoliese identiteit in die pouslike suksessie (Neumann 1981:67). Die pous is identies aan die kerk: *papa qui potest dici ecclesia*. "Im Papst als Vertreter Gottes auf Erden verkörpert sich nach Gottes Willen die Kirche, und in seinem Gehorsam zu stehen, ist der menschlichen Kreatur zum Heile notwendig" (Feine, 1972:312).

Uit hierdie onderafdeling blyk dat die Roomse amp buite-om die Woord as 'n

selfstandige entiteit funksioneer. Die *clerus* wat in die pous as die hoogste amp op aarde saamtrek, vorm die eintlike kerk. Die ampte as die eintlike kerk van God in die wêreld beklee 'n eiesoortige stand, selfs in kleding en lewenswyse (en die selibaat!) (vgl. Trimp 1982:20). Die amp is verhef tot 'n sakramentele stand waardeur die ampsdraers Christus direk op aarde verteenwoordig. Die *character indelebilis* wat in die amp setel, is enersyds die diepste grond van die status van die amp en andersyds die waarborg vir die onvernietigbaarheid van die amp. Die pouslike amp is dié amp waarvan al die ander ampte slegs verteenwoordigers is. Inderwaarheid lê die konstitusie van die Roomse Kerk in die pouslike amp opgesluit. Die waarborg vir die kerk se eenheid, sy universaliteit en sy voortbestaan setel in die pous as die hoogste verteenwoordiger van Christus op aarde.

2.2.4 Gesagsbegrip

Omdat die Roomse kerkinstituut deur die priesterstand beliggaam word, wat op hulle beurt die verteenwoordigers van die pous is, is nie slegs die leke nie, maar ook die *clerus* absolute onderhorigheid en gehoorsaamheid aan die pous verskuldig. Die pous is die plaasvervangende verteenwoordiger van Christus. As *vicarius Christi* heet hy ook *pontifex maximus* en *episcopus episcoporum* (Schwendenwein 1983b:206,210).

Geskoei op die lees van die Romeinse keiserryk is die Roomse gesagsbegrip streng monargaal. Dit beteken dat die pous in werklikheid Christus as Hoof van die kerk verplaas (vgl. Van der Walt 1976:87-98). As sodanig beskik hy oor onbeperkte bevoorregtings- en kwytskeldingsregte (Feine 1972:333). As opperherder het die pous geen aardse herder oor hom nie (Mörsdorf 1964: 26v); as hoogste gesag het hy geen aardse gesag oor hom nie (Mörsdorf 1964: 343v); en as hoogste regter het hy geen aardse regter oor hom nie (Neumann

1981:137; Feine 1972:336): *papa omnes iudicat, sed a nemine indicatur*.

Daarom is die pous ook die sigbare aardse hoof van wie die konings, vorste en wêreldlike regeerders hulle gesag ontvang.

Volgens die Roomse beskouing het God self die twee regeringswaarde aan die pous toevertrou: die geestelike sowel as die wêreldlike swaard. As gesaghebber oor die kerk (*civitas Dei*) en oor die wêreld (*civitas terrena*) is die pous gesagvoerder oor beide regsisteme: die *ius canonicum* en die *ius civile* (Feine 1972:299). As "Priester nach der Ordnung Melchisedeks, König der Könige, Herr der Herren" (Thomas von Aquino) ontvang ook die keisers en die konings die grond vir hulle gesag van die pous. Niemand is regeermag waardig as die kerk hom nie die waardigheid daartoe verleen het nie (Neumann 1981:137; Feine 1972:301,336).

Dit beteken dat geen appél ten opsigte van 'n uitspraak van die pous moontlik is nie, nié na die algemene konsilie, òf na die wêreldlike regbank toe nie. Die pous staan bo die konsilies én bo die wêreldlike regeerders en regters. Hoewel die bevoegdheid om bindende wette te maak sowel die konsilie as die pous toekom, ontvang die konsilie as verteenwoordigende orgaan sy bindende krag deur 'n pouslike dekreet, kragtens die pous se primaat. Die pous se wetgewende mag is dus 'n onafhanklike, soewereine mag (Bouwman I 1970:196). Die pous is derhalwe ook die hoogste wetgewer; hy interpreteer die goddelike reg; as Heer van die *canones* het hy die bevoegdheid daaroor. Hy is by magte om wette en leerstellinge te verander, ter syde te stel, of te herroep (Mörsdorf 1964:344).

Die Roomse Kerk trek saam in die hiërargie, die hiërargie met die pous as die gewer van alle gesag aan die spits is derhalwe die kerk: "Die Kirche ist das in hierarchischer Ordnung lebende neue Gottesvolk zur Verwirklichung des Reiches Gottes auf Erde" (Mörsdorf 1964:21). En omdat die kerk (die

hiërargie) as liggaam van Christus geïdentifiseer word met Christus as Hoof van die liggaam, word die onderworpenheid aan Christus verdring deur 'n onderworpenheid aan die hiërargie.

Rome se onwankelbare gesag word ook gesteun deur die konsilie-beslissings dat die Skrif en die tradisie langs mekaar as gelykwaardige bronne van goddelike outoriteit gestel word. Die uitlegging van die Skrif is gebonde aan die oorlewering van die vaders, soos geïnterpreteer deur die hiërargie met die pous as hoogste gesag (Bouwman I 1970:193). Op die wyse het die pous 'n gesagsbasis bekom wat hom bo die Skrif stel.

Die stelling kan gemaak word dat vanweë die verselfstandiging van die amps-gesag van die pous, los van en teenoor die Woord van God, hy die absolute gesagvoerder in die Roomse Kerk is. Hy is én wetgewer én regter in die Roomse Kerk: "Der Papst schafft das gemeine Kirchenrecht. Er ist der eigentliche und ausschliessliche Gesetzgeber für die Gesamtkirche" (Feine 1972:329).

2.2.5 *Samevatting*

Die Roomse kerkbegrip en die Roomse beskouing oor die 'godelike reg' is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Soos wat die kerk as liefdesgemeenskap uit die Nuwe Testament al hoe meer tot 'n regsgemeenskap ontwikkel het, was al hoe meer regstrukture noodsaaklik om die kerk as die institusionele liggaam van Christus te laat funksioneer. Om beslag te gee aan die institutionaliseringsproses is deur die eeue sterk teen die Romeinse keiserryk as model aangeleun. So het die Roomse kerk die juridiese gedaante van 'n staat verkry. Die *Corpus Iuris Canonici* wat in die begin van die twintigste eeu in die *Codex Iuris Canonici* verfyn is, het die Skrif as die belangrikste bron van die Roomse kerkreg verdring.

Die sigbare kerkinstituut is sêlf sakrament, as liggaam van Christus is dit identies met Christus self. Daarom is die kerk die onveranderlike heilsinstituut, die beskikker oor die genade van God, die middelares van die gelowiges. Die 'eintlike kerk' bestaan uit die *clerus* teenoor die leke. Die pous is as die hoogste verteenwoordiger van Christus op aarde die verpersoonliking van die kerk. Hy is die hoogste gesagsdraer, hy is die hoogste wetgewer, hy is die hoogste regter: hy is die absolute, soewereine monarg van die kerk. Sy mag berus op twee hoofpilare: die apostoliese suksessie en die kerklike tradisie.

Omdat die Heilige Skrif en die kerklike tradisie as *gelykwaardige* bronne van die goddelike reg beskou word, en omdat die Heilige Skrif bowendien verklaar moet word in die lig van die tradisie, beskik die pous as die outentieke interpreteerder van die goddelike reg oor absolute gesag - in feite selfs oor die Woord van God.

As direkte verteenwoordiger van Christus op aarde is die pous se gesag nie tot die kerk beperk nie; hy het ook alle seggenskap oor die maatskaplike en burgerlike lewensterreine, selfs oor regerings en staatkundige monargieë. Die ampte ontleen deur die *ordinatio* hulle ampsbevoegdheid van die pous vanweë die *potestas ordinis*. Hulle is die pous se lewende verteenwoordigers in die kerk, soos wat die pous die direkte, lewende, aktiewe en gevolmagtigde verteenwoordiger van Christus op aarde is. Die ampshiërargie in wêre Christus sakramenteel teenwoordig is, is derhalwe die 'eintlike kerk'. Gesien teen die agtergrond van die beskouing dat die kerk met Christus geïdentifiseer word, funksioneer die amp op grond van *ampsgesag* buite die Woord om. Die amp is dus deur sakrale onaantasbaarheid omhul - solank as wat die bekleër daarvan aan die pous gehoorsaam bly.

Die lyne wat in hierdie ondersoek getrek is, dui daarop dat die pous in feite die alleenbepaler en bedienaar van die reg en die orde in die Roomse Kerk is. Hy bepaal en hy voer gesag oor 'n juridiese kerkreg en 'n positiewe wetsorde wat nie deur die Woord van God nie, maar deur die natuurreg en die regspositiwisme beheers word (kyk 4.2.1.2.2).

2.3 DIE LUTHERSE BESKOUING

2.3.1 *Inleiding*

Die hart van Luther se teologie klop in sy beskouing oor die regverdigmaking (Lieberg 1962:19; Dantine 1982:23vv; Heckel 1964:137). Nie Luther se kerkbegrip, die ekklesiologie, was in sy teologiese denke op die voorgrond nie, maar die soteriologiese vraag: Waar kry ek 'n genadige God; oftewel, wat moet ek doen om salig te word? (Exalto 1983:177; vgl. Heckel 1964:145). Die insig dat die regverdigmaking nie deur die mens se werke plaasvind nie, maar alleen deur geloof (*sola fide*), was die antwoord wat hy gevind het op sy soeke na 'n genadige God (Heussi 1960:305). Ook het Luther duidelik ingesien dat die Woord van God as genademiddel die enigste grond van die regverdigmaking is (Althaus 1963:22vv; Pinomaa 1964:125-131vv); en dat die begrip 'geregtigheid van God' nie op die toorn van 'n straffende God dui nie, maar op die liefde van 'n barmhartige God wat die sonde op grond van sy geloof uit louter genade vergewe (vgl. Heussi 1960:280). Naas die *sola fide*-uitgangspunt, gee Luther se teologie oor die regverdigmaking dus ook inhoud aan die *sola gratia*-beginsel. Beide word uiteraard deur sy *solus Christus*-beskouing bepaal, wat vanselfsprekend die resultaat van 'n *sola Scriptura*-teologie is (vgl. Lieberg 1962:22vv; vgl. ook Ebeling 1964:226vv). Hierdie insigte was gesamentlik die fondament van die reformatie.

Om die bepaler en die bedienaar van die reg en die orde in die kerk volgens Luther se beskouing, sowel as die Lutherse beskouing vas te stel, moet daar steeds rekening gehou word met die vertrekpunt van Luther se teologie. Die vraag 'waar kry ek 'n genadige God?' word in Luther se ekklesiologiese arbeid verlê na dié vraag: 'Hoe bedien God sy genade aan die kerk in onderskeid met die wêreld?' 'n Antwoord op die vraag vind Luther baie duidelik *nie*

in die ^{Corpus} ~~Codex~~ *Iuris Canonici*, oftewel die pouslike kerkregering nie (De Groot 1983:33v). Hy begin by die Woord (Stolk 1983:7-16) en ontplooi op dié basis sy twee-ryke-leer. Hy het sy beroemde twee-ryke-leer tot die kardinale konsep in sy teologie uitgebou, in so 'n mate dat dit die sleutel tot 'n juiste perspektief op sy ekklesiologie bied. Op hierdie spoor trag ek om Luther se beskouing in hierdie ondersoek te ontsluit; dáárvoor moet by Luther se visie op die Woord begin word.

2.3.2 *Woord: wet en evangelie*

Soos niemand vir baie eeue nie, gryp Luther terug na die Woord van God¹⁾. Vir hom gaan dit om die verkondigde Woord van God wat deur die Heilige Gees lewende Woord gemaak word (*viva vox evangelii*) deur sy aanspraak op lewende mense (Althaus 1963:22vv). Die bepalende tema van die lewende Woord is die boodskap van genade en reddende liefde (Pinomaa 1964:125-131vv; Ebeling 1964:105vv). Hierdie boodskap is as't ware die sigbare gewaad van die regverdigmaking (Hermann 1960:343vv). Dat die evangelie die nuwe lewe in Christus, nie vanweë ons geregtigheid bied nie, maar vanweë Christus se geregtigheid (*iustitia aliena*), wys enersyds op ons sondeverlorenheid in onself en andersyds op God se genade oor sy sondaarkinders (Ebeling 1964:134vv; Althaus 1963:197vv).

In die Woord, God se genademiddel, funksioneer twee elemente inhoudelik, te wete die wet en die evangelie (Luther Aug. W.VIII: 173-180; Melancton 1970: 181-184; vgl. hierby Lieberg 1962:20vv; Ebeling 1964:120vv; Althaus 1963: 218vv). Die wet ontmasker die mens se ongeregtigheid, sy sondeverlorenheid en sy vyandskap teen God. Die evangelie is die Woord van vergiffenis, die vleesgeworde Woord, Jesus Christus, deur wie die wat glo geregverdig word (Wehrhahn 1956:100-102). Tussen die wet en die evangelie is daar nie 'n in-

houdelike verskil nie, maar 'n funksionele verskil: die wet eis die nuwe lewe van Christus; die evangelie gee die nuwe lewe van Christus (Nürnberger 1985:11). Die werking van die wet is drievoudig (*triplex usus legis*):

- (i) Dit bewerk die uiterlike tug teen die ongehoorsames.
- (ii) Dit dryf tot sonde-erkenning - as tugmeester - na Christus toe.
- (iii) Dit is 'n hulp en troos en 'n tugmeester teen die oorblywende sonde vir die wat deur die geloof geregverdig is. Wie gelowig en gehoorzaam word, word dit deur die werkinge van die Heilige Gees buite die wet om (Wehrhahn 1956:102-105).

Vir die algemene orde het God drie sedelik-wetlike ordeninge (*ordo triplex*) daargestel waarbinne elke Christen leef:

- (i) Die stand van die huisvader met die verpligting van die familie-versorging, oftewel die ekonomie (*status oeconomicus*).
- (ii) Die leerstand met die verpligting van die pastorale sorg, oftewel die kerk (*status ecclesiasticus*).
- (iii) Die staat, oftewel die regering met die verpligting om benewens die wêreldlike regering ook die leer en die godsverering in stand te hou (*status politicus*) (Wehrhahn 1956:106-109).

Deur die wet word die gelowiges eties en prakties, in die lig van die evangelie se boodskap van verlossing, tot 'n geloofsorganisme georden. Geen wêreldlike wet of staatsregiment kan die geloofsgemeenskap in aansyn roep nie. Die geloof het met die siel van die mens op 'n bo-tydelike en 'n bo-wêreldlike vlak te make, derhalwe kan die geloofsgemeenskap slegs deur die ewige Woord van God as sy kerk geïnstitueer word (vgl. Luther Ausg. W.V: 290). Hierdie beskouing van Luther vorm die basis van sy twee-ryke-leer, waarin 'n geestelike- en 'n wêreldlike ryk figureer (kyk 2.3.3), wat weer op sy beurt 'n belangrike invloed op Luther se kerkregbegrip en sy kerkregerings-beskouing gehad het (kyk 2.3.4 en 3.3.5).

2.3.3 *Twee-ryke-leer*

Volgens Luther se leer van 'n *geestelike* én 'n *wêreldlike* ryk, wat hy in hooftrekke van Augustinus (De Civ. Dei 15,1) se onderskeid tussen die *civitas Dei* (ryk van God) en die *civitas terrena* (ryk van die aarde) ontleen het, regeer God op tweeërlei wyse deur twee regimente:²⁾

- (i) direk deur sy Woord en Gees in die harte van die gelowiges; en
- (ii) indirek deur die *wêreldlike* vors (Luther in 'n preek oor 1 Tm 1:18-2: 2, Maart 1525 (WA 17,1:149), in *Von Weltlicher Obrigkeit* 1523 (WA 11:251,262), en in *Epistel S. Petri gepredigt und ausgelegt. Erste Bearbeitung*, 1523 (WA 12:334v); vgl. ook Grundmann 1969b:274vv).

Die eerste, oftewel *geestelike* ryk, is "die christliche Versammlung" (die kerk) wat deur die *geestelike regiment* regeer word. Die Heilige Gees werk nie deur wette of institusionele instellings om van mense Christene te maak nie, die Heilige Gees werk egter deur die *geestelike regiment* (Luther Ausg. W.VI:19v). Die tweede, oftewel *wêreldlike* ryk, is die staat en die staatsowerheid wat deur God by wyse van 'n *wêreldlike regiment* regeer word. Op hierdie wyse oefen God sy heerskappy ook oor ongelowiges uit en sodoende word ook hulle in orde gehou (vgl. Törnvall 1947:70vv). Die *geestelike* ryk kan deur kinders en suigelingte begryp word; die *wêreldlike* ryk gee niks meer as voeding en beskerming nie (Luther 1884:375).

Die onderskeid in die twee ryke is duidelik nie identies aan die onderskeid tussen Christus se ryk en Satan se ryk, derhalwe tussen goed en kwaad nie. God is die regeerder van beide, die *geestelike* en die *wêreldlike* ryk. Beide ryke is in die stryd tussen goed en kwaad gewikkel, dit wil sê sowel Christus as Satan se ryk loop dwarsdeur die *geestelike* én die *wêreldlike* ryk (vgl. Wehrhahn 1956:110).

Albei regimente is in hierdie *wêreld* noodsaaklik: die *geestelike regiment*

om die regering van die Heilige Gees in die wêreld te manifesteer; die wêreldlike regiment om wetteloosheid en onordelikheid in die wêreld te bekamp (Douma 1984:47). Daarom onderwerp die Christen hom vrywillig aan die wêreldlike regiment. Direk-persoonlik het hy die wet en orde nie nodig nie, maar indirek tóg: daardeur word vir hom 'n ruimte in die chaotiese wêreld geskep waarbinne hy beskermd kan leef (vgl. Ebeling 1964:239vv). Daarom neem die Christen ook aktief deel aan die funksies wat deur die staat geskep en in stand gehou word, soos byvoorbeeld die politiek, die regs-wese en die landsverdediging (Althaus 1965:123vv). Soos wat die kerk vir die 'innerlike' heerskappy van God nodig is, is die staat vir die 'uiterlike' heerskappy van God nodig. Die staat moet die regsorde daarstel en handhaaf, sodat die kerk die Woordverkondiging kan behartig. Die kerk moet hom aan die regsreëlings en orde van die staat onderwerp, maar die staatsmanne moet hulle aan die innerlike gesag van die Woord onderwerp. Die staat kan dwing, die kerk moet oorreë. In die geval waar die staatsmag nie voor die Woord wil buig nie, moet die kerk onbevrees voortgaan om God se wil te verkondig, al beteken dit dan ook marteling (Nürnberg 1985:21v,24).

Uit hierdie uiteensetting het dit reeds geblyk dat Luther, anders as Augustinus met sy skerp dualisme tussen die geestelike en die vleeslik-wêreldlike (Augustinus 1965:201), positief teenoor die wêreldlike ryk staan. Trouens die wêreldlike owerheid is vir Luther 'n teken van God se genade vir die behoud van die mens (Luther Ausg.W. VIII :194).

Die regverdigmaking is nie vir Luther 'n bloot spiritualistiese begrip wat geen anker in die wêreld het nie. Hoewel Luther hierdie aspek van sy teologie nie in besonderhede uitgewerk het nie, is die konkrete neerslag van die daad van die regverdigmaking ingebed in die burgerlike lewe in hierdie wêreld. Daarom staan Luther nooit enige wêreldmydingsteologie of 'n ontvlugtingsvroomheid voor nie. Vir hom is die hele lewe 'Gods-diens',

derhalwe was dit vir hom moontlik om in 'n teologiese sin die amp van die owerheid te herstel en die gelowige tot aktiewe diens in die wêreld op te roep (Douma 1984:86).

Die genadige God wat sy kinders deur die geestelike regiment geestelik bewaar en opbou, bied hulle ook die beskerming van die wêreldlike regiment op hulle aardse lewenstog. Die logiese konsekwensie hiervan is dat die geestelike ryk ook van die wêreldlike regiment gebruik maak. By die staat se verantwoordelikheid om die reg te handhaaf en die vrede uit te bou, is hy volgens Luther se beskouing ook verantwoordelik daarvoor dat die evangelie verkondig word. Voorts mag die kerk ook op die staat aanleunt op sigte van wat die kerk as 'uiterlike' handeling beskou waarmee hy gemoeid is (vgl. Frost 1972:5v). Hierdie beskouing het verreikende implikasies vir die Lutherse kerk- en kerkregbegrip.

2.3.4 *Kerk- en kerkregbegrip*

Luther se kerkbegrip moet vanuit sy twee-ryke-leer verstaan word. Die kerk is die geestelike ryk wat deur die geestelike regiment regeer word. In die geestelike regiment is die "Wortkönig" beheersend. Die Woord van God is die skoot waaruit die kerk gebore word. Die kerk word as't ware deur die lewende verkondigde Woord, waaraan die sakramentsbediening onlosmaaklik verbind is, gekonstitueer (Wehrhahn 1956:14; Van't Spijker 1983: 117, 176; Hermann 1960:342,367vv; vgl. Exalto 1983:186-188). Onder 'kerk' verstaan Luther die gelowiges in 'n organiese verband met God en met mekaar. Dit is die geestelike ryk. Hy praat van "eine christliche Versammlung" (Luther Ausg. W. V :289vv) en van "ein heiligste Christenheit" (Luther Ausg. W.VI:376). In sy Groot Kategismus verklaar hy die kerk as 'n geloofsgemeenskap van die heiliges (Luther Ausg. W.VI:375v). Luther se kerkbegrip

is geen staties institusionele begrip nie, maar 'n dinamies organiese begrip (Luther Ausg. W.VIII:213-217) wat sterk pneumatologies bepaal is (Luther Ausg. W. VI:375). Trouens, dit blyk dat Luther die kerk in 'n groot mate met die koninkryk vereenselwig het (Hoedemaker 1904:53).

In hierdie kerkbegrip val die nadruk nie op dit wat sigbaar is nie, maar op wat nie sigbaar is nie: die geloof. Dit beteken egter nie dat Luther die sigbare gestalte van die kerk ontken het nie, trouens die sigbaarheid van die 'uitwendige' kerk as 'n vergadering rondom die *Woord-* en *sakramentsbediening* is vir hom 'n noodwendigheid. Waar die Woord en die sakramente bedien word, kom die kerk sigbaar tot uitdrukking; daarom beskou Luther hierdie twee komponente as die *notae ecclesiae* (WA 7:720; kyk ook Melancton 1970:303-307). Maar omdat die kerk as geloofsgemeenskap hier op aarde ook uit ongelowiges bestaan (*ecclesia permixta*), is die kerk in sy ware samestelling onsigbaar (*ecclesia invisibile*) (Exalto 1983:178; vgl. Hermann 1960:343). Derhalwe word die kerk in sy ware aard nie met liggaamlike oë onderken nie, maar slegs met die gelowige verstand (*sed in intellectu et fide cognoscuntur*).

Luther se begrip van die onsigbaarheid van die kerk kom in werklikheid op die verborgenheid van die kerk neer (Van't Spijker 1983:175). Die hele wese en die lewe van die kerk as die geestelike ryk is in die Woord van God verborge. Daar kan dus slegs een legitieme uitsig op die kerk wees, te wete die geloofsmatig teologiese.

Luther se twee-ryke-leer, waarin die staat die beskikkingsmag oor die kerk se 'uiterlike' handeling ontvang (kyk 2.3.3), sowel as sy kinderlike geloof in die ordeningskrag van die verkondigde Woord (vgl. Luther 1884: 370v), én sy afkeer aan die Roomse institusionalisme³⁾ én die praktiese omstandighede van sy tyd met betrekking tot die organisasie van die kerk⁴⁾,

het hom verhinder om veel aandag aan die institusionele gestalte van die kerk te gee, waarbinne die reg en die orde van die kerk moet funksioneer. Die regshandelinge van die kerk val vir hom onder die 'uiterlike' heerskappy van God. Gevolglik hoort die aspekte van reg en orde in die kerk vir hom - selfs die lewensonderhoud van die Woordbedienaars - onder die wêreldlike regiment (Heussi 1960:296,308vv; vgl. Frost 1972:5v). Dáárom is die reg en die orde van die (sigbare) kerk as *kerklike* aangeleenthede reeds by Luther, én later in die Lutherse teologie, verwaarloos (Rieker 1899:67v; Bouwman I 1970:202v).

Latere eksponente van Luther se kerkregbeskouing het sy gedagtegang met betrekking tot die 'uiterlike' en die 'innerlike' regsterreine van die kerk verder geëksploiteer. Harnack (1862:49vv) het byvoorbeeld onderskei tussen "Kirche" en "Kirchentum". "Kirche" is die wesenlike (verborge) kerk, soos Luther verklaar het. "Kirchentum" is die georganiseerde kerk wat 'n empiries waarneembare gestalte in sy kultiese handelinge, sy Woord- en sakramentbedieninge en sy orde toon. Ander teoloë het 'n onderskeid tussen 'wesenkerk' en 'regskerk' gemaak, naamlik die "Geisteskirche" en die "Rechtskirche". Die wesenskerk is bo die skeppingsordeninge verhewe, derhalwe ook bo die reg. Die regskerk is die "geschichtlicht-soziale" verskyning van die wesenskerk, oftewel die uiterlike groepering van mense wat hulle rondom God se Woord verenig. Indien die regskerk die wesenskerk sou oorskadu, sou daar 'n wettisistiese, wêreldlike struktuur tot stand kom (vgl. Wehrhahn 1956:16; vgl. ook Holstein 1928:177-180).

Uit die gedagte-ontwikkeling blyk dat, met Luther se twee-ryke-leer as basis, 'kerk' en 'reg' twee onafhanklike komponente in die Lutherse beskouing gebly het. Dit word beskou as twee groothede wat God daargestel het wat uit die "jenseitige" werklikheid in die "diesseitige" wêreld ge-

stalte verkry (Wehrhahn 1956:17). En in hierdie wêreld kom hierdie begrippe op twee verskillende terreine tereg: die *kerk* val op die terrein van God se 'innerlike' heerskappy en die *reg* val op die terrein van God se 'uiterlike' heerskappy.

Hierdie siening het tot die juriste-kerkregtelikes se stryd gelei om die plek van die kerkreg (en die kerkorde) teenoor en in konteks met die 'geestelike kerk' te formuleer.⁵⁾ 'n Groot deel van hierdie kerkreg is uiteraard meer 'n hoofstuk uit die positiewe staatlike reg wat op die kerk toegepas word, as wat dit die daadwerklike ontplooiing van 'n prinsipiële skriftuurlike kerkreg is.

Uit hierdie agtergrond dat kerkreg as 'n onderafdeling van die 'wêreldlike regiment' ontwikkel het, kan 'n mens tog positiewe begrip vir die waarheidselement in Rudolph Sohm se veel-gedebatterde uitspraak hê. Sonder twyfel die mees gesitêerde kerkregtelike uitspraak nóg, kom van hom: "Das Wesen des Kirchenrechts steht mit dem Wesen der Kirche im Widerspruch" (Sohm 1892:700). Die motivering van hierdie uitspraak is ewe kontroverseel: "Das Wesen der Kirche ist geistlich, das Wesen des Rechts ist weltlich. Die Kirche will durch das Walten des göttlichen Geistes geführt, regiert werden; das Recht vermag immer nur menschliche herrschaft, irdischer, fehlbarer, der Zeitströmung unterworfenen Natur hervorzubringen ... Die wahre Kirche, die Kirche Christi, kennt kein Kirchenrecht" (Sohm 1892:455v). As 'n Duitse juris-kerkregtelike, uit die agtergrond van die twee-regimente-leer, en daarby met 'n spiritualistiese kerkbegrip (Plomp 1967:8), kon Sohm kerkreg nie anders sien as gewoon positiewe reg nie. Die kerk is vir hom 'geestelik' en derhalwe bo die reg verhewe. Die reg is vir hom: "die selbstherrliche Ordnung einer sittlich notwendigen überindividuellen äusseren Gemeinschaft" (Dreier 1972:25) en derhalwe 'wêreldlik'. Hy wys die positiewe reg vir

die kerk as 'kerkreg' waarmee die kerk op 'n wêreldlike wyse regeer word, skerp af. Hoewel Sohm 'n onhoudbare skeiding tussen 'kerk' en 'reg' maak daarin dat die eintlike kerk spiritualisties onsigbaar en geestelik is en dat die reg daarteenoor uit wêreldlike komponente soos dwang, mag en wêreldlike ordeninge bestaan (Plathow 1982:153; Maurer 1976:328vv; vgl. Dreier 1972:19vv), is hy volkome korrek as hy geen ander septer as die van Christus en geen ander regering as die van die Heilige Gees in die kerk kan aanvaar nie (Sohm 1892:455vv; vgl. Dreier 1972:21). En vanweë die twee-regimente-leer én vanweë sy spiritualistiese kerkbegrip het Sohm egter in gebreke gebly om die kerkreg te ontkoppel van die positiewe (staatlike) reg en om sodoende die heerskappy van Christus vir die kerk in 'n skriftuurlike kerkreg, onafhanklik van die positiewe (staatlike) reg, te verwoord.

2.3.5 *Diens- en kerkregeringsbegrip*

Vanweë die pouslike oorbelading en oorstrukturering van die diens as 'amp' en 'ampshiërargie' (*ordo*), veral soos dit in die aflaatstelsel op die spits gedryf is, moes Luther 'n antwoord vind op die vraag: In watter mate het die dienste selfstandige gesag onafhanklik van God se Woord? Sy verwerping van die Roomse ampsgesag is daarop gegrond dat hy volkome onder die '*Wortkönig*' wou buig (kyk bv. Luther WA 43:673; WA 25:254; WA 52:515). Vir hom was die Woord van God die volstreckte en enigste kerklike gesag (Melancton 1970:304v). Daarom het Luther van 'amp' weer 'diens' gemaak: die gesag van die Woord moes aan die gemeente bedien word. Hy het geen ruimte vir 'n selfstandige ampsgesag nie. Die menslike *potestas* wat deur die Roomse *sacerdotium*-dogma tussen Christus en die gemeente ingedwing is, word geheel en al deur hom verwerp. Geen mens, struktuur of instansie het die reg om die regstreekse gemeenskap tussen Christus en sy

volk te onderbreek met die pretensie van 'n middelaar nie. "Gott regiert durch seinen Geist die Herzen der Gläubigen" (Aarts 1972:310,318). Die gemeente is nie afhanklik van enige monopolie wat aan die klerikale stand toegeken is nie (Trimp 1982:81): "Daarom kan Luther op geen enkel wijze ruimte maken voor het sacrament van de *ordo*. En valt het sacrament van de *ordo*, dan is daarmee het pousdom ingestort". *Potestas* word nou *ministerium*.

Vir Luther setel die gesag oor die kerk en die kerkregering, die gesag oor lidmate én dienaars, slegs in die Woord van God (Grundman 1969b:454vv; Van't Spijker 1983:180; vgl. Stein 1974:204). Daarom is daar vir hom geen prinsipiële gesagsonderskeid tussen die gelowiges in hulle hoedanigheid van die *algemene priesterskap* en die dienaars van die gemeente nie. Kragtens die *algemene priesterskap* mag elke gelowige byvoorbeeld in beginsel die Woord verkondig. Want die Woord is aan die gemeente toevertrou (Luther in *De Captivitate Babylonica ecclesiae praeludium*, 1520 (WA 6:564); vgl. ook Lieberg 1962:63-65; Aarts 1972:310,318). Maar omdat nie elkeen die Woord kan verkondig nie, moet die gemeentes enkeles daartoe roep: "*Quod enim omnium est communiter, nullus singulariter potest se arrogare, donec vocetur*"⁶⁾ (aangehaal deur Plomp 1967:9; kyk ook Luther in *Sechste Predigt in der den 110 Psalm, 9 Juni 1535* (WA 41:210)).

Luther gee wel erkenning aan die diakensdiens, byvoorbeeld in sy "*Vermahnung an die Geistlichen, versammelt auf dem Reichstag zu Augsburg, Anno 1530*" (WA 30,2:249-251). Trouens, sowel die leerdien as die diakensdiens het Luther as apostolies erken. Maar die kerndien is vir hom die '*Predigtamt*' wat deur die gemeente daargestel moet word. Hy handel byvoorbeeld uitvoerig oor tal- le sake rakende hierdie diens (Luther Ausg. W. VIII: 217-235). Alles in die gemeente draai as't ware om die prediking van die Woord. Dit is die sleutel-

mag wat aan die gemeente toevertrou is. Nie die 'amp' nie, maar die *Woord*; nie die *verkondiger* nie, maar die *verkondiging*: "Für Luther ist nicht das Wort um des amtes willen da, sondern durchaus das Amt um des Wortes willen" (Lieberg 1962:241). Die *ministerium verbi* is die eerste opdrag aan die gemeente. Daarom lê Luther so 'n besondere klem op die '*Predigtamt*' (Stein 1974:27vv:42vv; vgl. Lieberg 1962:2-24).

Luther het dus nooit die waarde van die dienste, in besonder die '*Predigtamt*', ontken nie (Melanchton 1970:305). Bahmann (1967:105) voer aan dat Luther selfs die voortbestaan van die kerk van die dienste afhanklik gestel het. Eweneens stel Aarts (1972:311) insake Luther se diensopvatting: "Die Kirche ist die durch das Amt strukturierte Gemeinschaft der Gläubigen". Luther het immers self gesê dat daar geen kerk bedink kan word sonder 'ampsbediening' nie (Melanchton 1970:305).

Die grondbeginsel van Luther se kerkregering is die sentrale plek van die gemeente, teenoor die Roomse ampshiërargie (kyk 2.2.3). Die *gemeente* het die sleutels van die hemelryk ontvang. Dit is die *gemeente* wat die bevoegdheid ontvang het om die kerkregering toe te pas en in besonder te waak oor die Woordbediening deur diensknegte te beroep en waar nodig selfs af te sit (Luther Ausg. W.V:289vv).

Dit blyk dat Luther nie teen die kerkreg en kerkregering gekant was nie. Dit is onjuis om Luther se verbranding van die ^{Corpus} ~~Godex~~ *Iuris Canonici* saam met die pouslike banbrief op 10 Desember 1520, soos Sohm, te vertolk as 'n verwerping van die kerkreg. Met hierdie daad het Luther sy finale breuk met die *pouslike kerkregering*, en alles waarvoor die pous op eie gesag onafhanklik van die Woord staan, te kenne gegee (Luther in *Warum des Papstes und seiner jünger Bücher von D. Martin Luther verbrannt sind*, 1520 (WA 7:152-186); kyk ook De Groot 1983:33v; Van Itterzon 1958:6v; Plomp 1967:

7; Heckel 1964:1).

Die gebrek aan toereikende organisatoriese insette is aan 'n verskeidenheid faktore te wyte (kyk 2.3.4, óók aantekeninge 3 en 4). Hierdie gebrek aan 'n doeltreffende kerkorganisasie het daartoe aanleiding gegee dat die ouderlinge nie 'n amptelike regeerliggaam in die gemeente gevorm het nie, hulle het slegs in tuggevalle gefunksioneer. Sedert 1542 het die ouderlinge en diakens prakties verdwyn. In hulle plek het die episkopaal-konsistoriale stelsel gekom. Hiervolgens was die landsvors *summus episcopus* van die landskerk, met 'n *consistorium* wat hom in 'n raadgewende hoedanigheid bygestaan het. In feite het hy as *membrum conspicuum* die plaasvervanger van die biskop geword (De Wet 1921:24). Prakties het dit moontlik geword dat die landsvors as 'noodbiskop' in die kerk opgetree het, vanweë die vakuum wat in die kerkregering ontstaan het na die breuk met die Rooms Katolieke Kerk. Hy het trouens ook die vernaamste lid van die kerk geword en die bewaker van beide tafels van die wet. Kerkreg het nou as 'reg' en kerkorde as 'wet' 'n saak van die owerheid geword en nie van die kerk nie (Douma 1984:63,69). Weliswaar het Luther die oorgawe van die kerkregering aan die 'wêreldlike regiment' as 'n noodmaatreël beskou, maar wel as 'n noodmaatreël wat deur die sondeval genoodsaak is (vgl. Wehrhahn 1956:109vv) en wat dus geldend sou bly. Na alle waarskynlikheid buite-om Luther se bedoeling (Bahmann 1967:301v), vanweë 'n verskeidenheid faktore (kyk 2.3.4, veral aantekeninge 3 en 4), en tog as 'n konsekwensie van sy twee-regimente-leer (kyk 2.3.3), het die kerkregering vir alle praktiese doeleindes geheel en al by die landsvors tereg gekom en so het die 'Landesherrliches Kirchenregiment' ontwikkel.⁷⁾

Ten aansien van die landsvors as "weltliche Oberkeit" was Luther se standpunt steeds dat hy in alles gehoorsaam moet word, behalwe wanneer sy be-

palings die gehoorsaamheid aan God in die weg staan. Dan het die gelowiges 'n reg tot verset. In Luther se "*Von weltlicher Obrigkeit*" ken hy nie aan die owerheid die reg toe om 'leer' voor te skryf nie (Luther WA 11:261-271, veral p. 267).⁸⁾ Hieruit blyk dat Luther vanweë sy (onhoudbare) skeiding tussen 'geestelike' en 'wêreldlike' en derhalwe ook 'inhoudelike' en 'formele' dit nie bedoel het om die 'materiële' kerkregering aan die owerheid oor te gee nie, maar slegs die 'formele' aspekte daarvan.

Onder die landsvors is die kerk deur superintendente en 'n *consistorium* regeer. Die *consistorium* was 'n soort kerklike geregshof met staatsregtelike mag, bestaande uit teoloë en juriste. Gedurende die sewentiende eeu het die konsistorialisme 'n nuwe hiërargie geword. As reaksie daarteen het die territoriale stelsel gedurende die agtiende eeu opgekom. In die territoriale stelsel het die landvors ook oor die kerk regeer, nie as 'n lidmaat van die kerk nie maar onder invloed van die natuurreg, kragtens sy staatsmag (Wehrhahn 1956:109vv; vgl. Heckel 1964:232vv; vgl. ook Heussi 1960:296,308vv). Mettertyd is die middeleeuse staatspraktyk, as 'n samestelling van monargieë en republieke, vervang deur die 'soewereine' staat. Die nuwe staatsbegrip het nie daarvoor voorsiening gemaak om by die stoflike welvaart van die staatsonderdane ook hulle geestelike welsyn op die hart te dra nie. Uit die oogpunt van die staat is die kerk nou as 'n *corporation* beskou. Hieraan het die genootskapsgedagte in die kerkbegrip en die kollegialisme in die kerkregering hulle ontstaan te danke (De Wet 1921:25).

Die Lutherse beskouing het daartoe gelei dat die kerkregering, wat die institutêre sy van die kerk betref, op die langduur huijtie en muijtie aan die owerheidsbeskikking oorgegee is. Kerkreg en kerkorde het volgens hierdie beskouing prakties onder die bevoegdheid van die wêreldlike regiment gesorteer.

2.3.6 *Samevatting*

Die vertrekpunt van Luther se teologie is die vraag: Waar kry ek 'n genadige God? Die antwoord het hy in die regverdigmaking gevind: Deur die geloof alleen.

Die enigste bron van die geloof is die Woord wat uit die wet en die evangelie bestaan. Die geloofsgemeenskap kan slegs deur die Woord as kerk geïnstitueer word. Teenoor die geloofsgemeenskap bestaan die wêreldlike gemeenskap wat deur die staatsowerheid met wette georden word. Beide hierdie groothede word duidelik in Luther se twee-ryke-leer omlyn. Hiervolgens regeer God die geestelike ryk by wyse van die 'geestelike regiment' en die wêreldlike ryk by wyse van die wêreldlike regiment. Luther staan geen wêreldmyding voor nie: Albei hierdie regimente is in hierdie wêreld noodsaaklik.

Die onsigbare kerk is as eintlike kerk die geestelike ryk wat deur die 'geestelike regiment' (Woord en Gees) regeer word. Daarom mag die dienste in die gemeente nie as 'n 'ampsinstelling', 'n sakrale klerikale mag, tussen God en en sy kerk funksioneer nie. Vir die gemeente, as geestelike ryk, is daar slegs één gesag: die gesag van die "Wortkönig".

Vir Luther val die (sigbare) regeringsaspek van die kerk egter onder die 'wêreldlike regiment'. Dáárom, én vanweë sy verzet teen die verdwyning van Christus deur die sakramentele ampshiërargie in die Roomse Kerk, én vanweë praktiese omstandighede, én vanweë sy kinderlike geloof in die ordeningskrag van die verkondigde Woord, het sy kerkregeringsbegrip nie tot sy skriftuurlike reg gekom nie. Luther het wel die algemene diens van die gelowige op 'n merkwaardige wyse herstel, maar hy het tog nie daarin geslaag om die regeerdiens in die kerk na behore te laat funksioneer nie. Gevolglik is eers die 'uitwendige' aspekte van die reg en die orde

in die kerk aan die landvors oorgelaat; later het die ouderlinge (en die diakens) prakties verdwyn om plek vir die episkopaal-konsistoriale kerkregering te maak. Hiervolgens het die landvors in feite die plaasvervanger van die biskop geword. Dit het daartoe gelei dat die Lutherse kerkreg op die langduur in hoofsaak 'n hoofstuk van die positiewe staatlke reg geword het wat op die kerk van toepassing gemaak word. Só het die staatsowerheid, as heerser oor die 'wêreldlike regiment' in hierdie kerkregeringstelsel die bevoegdheid van bepaler en bedienaar van die regsorde vir die kerk verkry.

2.4 DIE ERASTIAANSE BESKOUING

2.4.1 *Inleiding*

Thomas Erastus (1524-1583) was 'n mediese professor in Heidelberg aan die hof van die keurvorste Otto Heinrich en Friedrich III. Hy het hom veral in die filosofie en die teologie verdiep, waardeur hy 'n pertinente eie beskouing oor die bepaler en bedienaar van die reg en die orde in die kerk ontwikkel het (vgl. Hermann 1960:447vv)¹⁾. Hoewel hy 'n aanhanger van Zwingli was, toon sy beskouing ongetwyfeld Lutheraanse beïnvloeding. Om Erastus se beskouing te peil moet eerstens met sy opvatting oor die staat rekening gehou word. Sy staatsbegrip hou uitsluitlik die sleutel vir sy kerkregeringsbegrip, waaruit die bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk vasgestel moet word.

2.4.2 *Staatsoewereiniteit*

Die begrip 'staat' het in die sestiende eeu nog nie die duidelik gedefinieerde betekenisinhoud gehad wat dit vandag het nie. Daarom kan dit begryp word dat Erastus die begrippe '*imperium*', '*ryk*', '*republica*' en '*gemeenskap*' alternatiewelik gebruik. Daarmee dui hy op die leierspits, oftewel die owerheid. Onder 'owerheid' verstaan hy die volksowerheid sowel as die stadsowerheid: én die keiser én die keurvors. Erastus het nog nie aan 'n abstrakte staatspersoon gedink waarin sowel die owerheid as die volk vervat is nie. Trouens, die volk figureer nie in sy staatsbegrip nie. Omdat die owerheid vir hom 'n dienskneg van die goddelike heilsplan in die wêreld is, en omdat elke gemeenskap in die gemeenskapslewe een sentrale opperleiding nodig het, is die owerheid soewerein (Wesel-Roth 1954:95-97).

Vir Erastus was dit nie van belang of die staatsoewereiniteit deur een

persoon of deur meer persone as owerheid beliggaam sou word nie (Wesel-Roth 1954:97). Die aard van die soewereiniteit was vir Erastus ook nie in dispuut nie. In watter vorm die argitektuur van soewereine mag ook al tot uitdrukking gekom het, die gedagte was om't ewe: mag oor alle dele van die samelewingordening. Geen geleding van die samelewing het die bevoegdheid gehad om onafhanklik, volgens 'n eie regsorde, te figureer nie (vgl. Nobbs 1938:255v).

Erastus ontleen sy ideaalbeeld van die owerheid aan die Ou Testament, en veral aan Psalm 101: "Ek kies as my amptenare dié in die land wat op God vertrou; die man wat opreg lewe, hy kan in my diens wees. Geen bedrieër sal in my paleis diens doen nie, geen leuenaar kan my dien nie. In my daaglikse regspraak sal ek al die goddeloses in die land uitwis, almal wat onreg doen uit die stad van die Here uitroei" (v. 6-8) (vgl. Wesel-Roth 1954:99).

Luther se twee-regimente-leer het opsigtelik sy spoor dwarsdeur Erastus se beskouing getrap. Erastus grond byvoorbeeld die soewereiniteit van die owerheid op die goddelike beskikking. God is die direkte heerser oor die 'innerlike regiment', terwyl Hy die 'uiterlike regiment' aan die staat oordra: "*Et internae gubernator est Deus, externae moderator est magistratus unicus*" (Wesel-Roth 1954:97). Die 'uiterlike regiment' omvat vir Erastus alle uiterlike gemeenskapsaspekte van sowel die burgerlike as die kerklike lewe. Hy vind sy regverdiging vir hierdie siening in die Ou Testamentiese Joodse staat wat vanweë sy goddelike daarstelling vir hom die maatstaf vir elke staatsorganisasie is. Hy vergelyk die staat met 'n liggaam: so onnatuurlik as wat 'n liggaam met twee koppe is, so onnatuurlik is 'n gemeenskap wat meerdere owerhede langs mekaar erken. Die wye verskeidenheid van bestuursgebiede regverdig nie vir hom 'n verdeling van die gesagstruktuur nie

(Wesel-Roth 1954:97v). Derhalwe val alle samelewingsverbande onder die soewereine gesag van die owerheid. Alle mag konsentreer in die staatsowerheid en word volgens dié se diskresie gebruik. Hiervolgens is die mag die reg wat deur die regeerder bepaal en gehandhaaf word (vgl. Nobbs 1938:256v).

2.4.3 *Kerkgrip*

Luther se twee-regimente-leer, oftewel twee-ryke-leer, bied eweneens die sleutel tot Erastus se kerkgrip. Benewens die sigbare werklikheid in al sy uiterlike verskyningsvorme en in al sy georganiseerde geledinge is daar vir hom 'n onsigbare ryk van die Heilige Gees. Hierdie onsigbare ryk val onder die direkte beskikkingsmag van God. Die kerk is nie identies aan die onsigbare ryk nie; nee, beide werklikhede (ryke) loop deur die kerk. Die kerk bestaan uit die *ecclesia externa* en die *ecclesia interna*. Laasgenoemde faset van die kerk is wel identies aan die *regnum spirituale Dei* (die geestelike ryk van God). 'n Mens kan slegs 'n lid van die *regnum spirituale Dei* word vanweë die verlossing van die sondige natuur deur Christus se soendood (vgl. Wesel-Roth 1954:96). Die gemeenskap van geroepenes, die heiliges, word nie sigbaar in die wêreld nie, want dit bestaan in die harte van mense. Die *ecclesia interna* as 'innerlike gemeenskap' word met die *ecclesia externa* as 'uiterlike gemeenskap' in die wêreld omkleed. Alle kerklidmate is lede van die *ecclesia externa* deur die belydenis van dieselfde geloof, die aanvaarding van dieselfde leer en die deelname aan dieselfde sakramente. Maar alle kerklidmate is nie noodwendig deel van die *ecclesia interna*, oftewel die innerlike gemeenskap nie. Omdat 'n mens slegs met die uiterlike houdings van mense rekening kan hou, kom dit nie die sigbare of 'uiterlike' kerk toe om te oordeel of mense wel in 'innerlike gemeenskap' met Christus leef of nie.

Die sigbare kerk, oftewel 'uiterlike gemeenskap', staan in diens van God in die wêreld om die mense voor te berei vir die 'innerlike gemeenskap'. Die sigbare kerk is 'n instrument waardeur die Heilige Gees die onsigbare kerk bereik. Die werktuie wat die Heilige Gees gebruik om die onsigbare kerk te bereik, is die prediking van die Woord en die bediening van die sakramente. Die *regnum spirituale Dei* kan slegs in die uiterlike, sigbare kerk (*ecclesia externa*) teenwoordig wees indien die Heilige Gees dit as sy instrument gebruik en derhalwe self daarin teenwoordig is. Die Woord- en sakramentsbediening in die 'uiterlike kerk' bly bloot uiterlike handeling indien die Gees van God nie daarin werksaam is nie (vgl. Wesel-Roth 1954:96v; vgl. ook Nobbs 1938:259).

Die 'uiterlike' en die 'innerlike' ryke kan onderskei word, maar kan nie geskei word nie. Dwarsdeur al die fasette van die kerk het 'n mens met beide ryke te make: "*homo externus et internus, minister externus et internus, ministerium externum et internum, verbum externum et internum, in Sacramentis quoque res externae et internae*" (Wesel-Roth 1954:97). Die attribuut "*internum*" dui op die werksterrein van die Heilige Gees en is as sodanig 'n uitdrukking van die *regnum spirituale Dei*.

Ondanks die kerk se 'innerlike' diens, dit wil sê sy diens aan die *regnum spirituale Dei*, is hy in sy verskyning in die wêreld uiterlik niks meer as 'n wêreldlike organisasie nie. Die kerk het geen onafhanklike jurisdisie nie; hy staan volkome onder die wêreldlike owerheid aan wie God die seggenskap oor alle 'uiterlike' aangeleenthede gegee het (vgl. Wesel-Roth 1954:97; vgl. ook Nobbs 1938:25vv). Sinodes kan derhalwe nie plaasvind sonder die sanksie van die owerheid nie en geen sinodebesluite is geldig sonder die goedkeuring van die owerheid nie.

Die kerk beskik, volgens Erastus, wel oor 'geestelike' mag. Maar hierdie mag is geen bevoegdheid oor 'uiterlike' sake nie, dit geld slegs ten aansien van die uitbouing van die *regnum spirituale Dei*. Met ander woorde, die 'geestelike' mag se beperking lê daarin dat dit slegs 'n mag is waardeur mense - deur die Woordbediening - die regte weg aangetoon word. As 'uiterlike' organisasie benodig die kerk menslike regspraak en menslike regeringsmetodes wat hom onder die wet van die owerheid te staan bring (vgl. Wesel-Roth 1954:97; vgl. ook Nobbs 1938:259vv).

Vanweë hierdie beskouing was Erastus ook die mening toegedaan dat die kerk geen mag met betrekking tot die Christelike ban het nie. Tug is vir hom 'n outoritêre mag wat nie in die kerk van Christus tuishoort nie, maar by die owerheid. Slegs die owerheid het tugreg. Die kerk kan nie selfstandige tugreg naas die owerheid hê nie. Die 'geestelike' mag waaroor die kerk beskik hou slegs vermaning deur die Woord van God in (Bouwman 1937:12). Dit is te begrype dat Erastus se eie ekskommunikasie wat van 1570 tot 1576 geduur het, vir hom 'n onaanvaarbare teenslag was (Hermann 1960:447vv, 461vv).

Erastus se beskouing oor die tugreg, het hy eweneens uit die Ou Testament gemotiveer. Volgens hom was én die politieke én die kerklike oppergesag in Moses se hande, nie in die hande van die priesters Aäron, Josua, of Eleasar nie. Dat die latere hoëpriesters ook politieke mag bekom het, het as 'n voorbeeld van die priesterskap én die koningskap van Christus gedien. Daarin kan die kerk dus geen model vind nie. Die kerklike regeringsvolmag is aan die owerheid gegee: byvoorbeeld Dawid en Salomo. Dit is die owerheid se verantwoordelikheid om die reg en die orde vir die kerk te bepaal en te bedien (Hermann 1960:470v). Erastus se beskouing toon die volle konsekwensie van die Lutherse dualisme tussen die terreine van die 'innerlike' en 'uiterlike' regering van God. Hy maak geen voorsiening vir enige mate van kerkreg

en kerkorde onafhanklik van die owerheid nie. Hy verset hom teen enige vorm van selfstandige kerkregering.

2.4.4 *Verhouding tussen kerk en staat*

Om dit vir die owerheid prakties moontlik te maak om oor kerklike aangeleenthede te kan beslis, stel Erastus 'n 'kollegium van teoloë' voor wat as adviesliggaam vir die owerheid moet dien. Trouens, die staat moet ook met behulp van die teoloë georganiseer word, om sodoende sy bevoegdheid oor die kerk na behore te volvoer (Wesel-Roth 1954:95,98).

Die begrensing van die owerheid se gesag oor die kerk hou slegs in dat die werktuie van die Heilige Gees, naamlik Woord- en sakramentsbediening, nie onder owerheidswette val nie. Inhoudelik hoort hierdie elemente onder die 'innerlike regiment'. Erastus het die owerheid se gesag só omlin en begrens: Vir die 'uiterlike regiment' van God oor die wêreld geld die owerheidswette waarvan die maatstaf in die Woord is; vir die 'innerlike regiment' van God geld geen wet nie en daarvoor kan geen reël vasgestel word nie, want God is self die wet daarvoor. Die Woord- en sakramentsbediening moet dus deur die owerheid beskerm word (Wesel-Roth 1954:98).

Die owerheidsregiment in die kerk is nie aan menslike willekeur onderworpe nie, maar die owerheid moet hom streng hou aan die rigsgoere wat die Heilige Skrif gee. 'n Owerheid bewys hom as Christelik en derhalwe legitiem daardeur dat hy nie in die geringste mate wil afwyk van die goddelike reg wat in die Heilige Skrif, veral in die wet, vasgelê is nie. Die owerheid moet hom verder ook deur die beginsels van *aequitas* (billikheid), *iustitia* (geregtigheid) en *honestas* (eer) in sy regstoepassing laat lei.²⁾

Erastus ag dit die Woordbedienaars se verantwoordelikheid om die owerheid

tot die regte begrip van die Skrif te lei, sodat hulle hulle regeringstaak ook ten opsigte van die kerk na behore kan uitvoer. Waar die owerheid sy plig versaak, moet die Woordbedienaars vermanend optree om die owerheid op dié wyse terug na die Woord te lei. Erastus gee toe aan die moontlikheid van 'n botsing tussen kerk en owerheid, veral waar die owerheid 'n valse leer onder sy beskerming neem. Tog is hy van oordeel, met verwysing na die Persiese konings wat tydens die ballingskap oor die Joodse volk regeer het, dat die verskil tussen kerk en owerheid in so 'n geval nie noodwendig tot 'n botsing hoef te lei nie (Wesel-Roth 1954:99).

Erastus se algehele prysgawe van die kerkregering aan die owerheid behels dat die bepaler en die bedienaar van die reg en die orde in die kerk vir hom sonder enige voorbehoud slegs een instansie kan wees: juis die owerheid.

2.4.5 *Samevatting*

Erastus se staatsbegrip is bepalend vir sy siening oor die bepaler en bedienaar van die reg en die orde in die kerk. Sy beskouing van 'staat' kom inhoudelik neer op 'owerheid'. In hoofsaak leun hy sterk teen Luther se twee-ryke-leer aan. God is die direkte heerser oor die 'innerlike regiment', terwyl hy die 'uiterlike regiment' aan die staat oordra. Die 'innerlike regiment' is die regering van God deur sy Heilige Gees oor die 'innerlike kerk' met die Woord- en sakramentsbediening as die werktuie. Die 'uiterlike regiment' is die staatsowerheid wat kragtens sy Godgegewe soewereiniteit oor alle georganiseerde gemeenskapsvorme regeringsmag beskik.

Die 'innerlike kerk' is die kerk as geloofsgemeenskap wat nie as 'innerlike kerk' sigbaar word nie, maar wel 'n sigbare gestalte deur die 'uiterlike kerk' vertoon. Alle lidmate behoort deur die uiterlike handeling van die kerk aan die 'uiterlike kerk', maar slegs die ware gelowiges behoort aan

die 'innerlike kerk'. Alle regshandelinge en regeringsoptrede in die kerk hoort tot die 'uiterlike kerk' en val as sodanig onder die owerheid se gesag. Die kerk mag derhalwe nie self 'n kerkorde daarstel, of enige mate van kerkreg bedryf nie: hierdie aspekte hoort onder die jurisdiksie van die staatsowerheid. Die bepaler en die bedienaar van die reg en die orde vir die kerk is geheel en al die staatsowerheid.

2.5 DIE KOLLEGIALISTIESE BESKOUING

2.5.1 *Inleiding*

Die kollegialisme het sy wortels in Luther se beskouing oor die kerkregering waarin die staatsowerheid die bevoegdheid as bepaler en bedienaar van die reg en die orde in die kerk verleen word (De Wet 1921:22; vgl. 2.3.5). Die benaming kom dan in 'n kerkregtelike konteks ook uit die Evangelies-Lutherse kerkreg, naamlik van Henning Boehmer (1736). Hy het van die *systema collegiale* gepraat (Schlaich 1969:13vv). Buite dié spesifiek kerkregtelike konteks kan die oorspronklike betekenis van die benaming in die Romeinse regspleging gevind word, waarin wettig geoorloofde verenigings *collegia licita* genoem is (Kuyper 1883:51; Kleynhans 1982:84). Bloot uit die benaming kan reeds afgelei word dat die kollegialisme 'n bepaalde beskouing van die kerk as vertrekpunt het. Derhalwe is ook in hierdie beskouing 'n pertinente siening oor die bepaler en bedienaar van die orde vir die kerk beslissend vir die kerkregering.

Om die kollegialistiese beskouing se visie spesifiek op die bepaler en bedienaar van die reg en die orde in die kerk vas te stel, word dié beskouing eerstens in sy historiese ontwikkeling en daarna inhoudelik ondersoek.

2.5.2 *Histories: 'n grondverskuiwing*

Die kollegialisme in Nederland en die kollegialisties beïnvloede kerkregering in Suid-Afrika het vanaf die begin van die negentiende eeu 'n parallelle ontwikkeling deurloop. Aanvanklik was die bepaler en die bedienaar van die reg en die orde vir die kerk in beide lande onmiskenbaar die staatsowerheid (vgl. Janssen 1855:15vv; vgl. Van der Watt 1980:39v,42).

In die Kaap het De Mist se 'kerkorde' van 1804 die regsbevoegdheid en orde-

bepaling blykens artikels 4,6,7,9,10,19,21-24,34,37-39,41-44 vir die goewerneur gereserveer (vgl. Jooste 1961:57-59; vgl. Van der Watt 1980: 39-46). Hoewel die bepalings in genoemde artikels oor 'uiterlike' sake handel, gee dit die goewerneur wel beslissende magte in kerklike regs- en ordebepalings, veral as in ag geneem word dat die hele 'kerkorde' die karakter van statute vir 'n staatsdepartement toon. De Mist het gepoog om die kerklike sake in die Kaap te orden deur kerk en staat van mekaar te probeer skei, maar die resultaat daarvan was dat die kerk in alle opsigte onder beheer van die staat geval het (Jooste 1946:90-107; Kleynhans 1974:29-37). Hoewel Van der Watt (1980:40,42) dit nie so skerp stel nie, is dit tog geregverdig om die afleiding te maak dat die kerk met betrekking tot die kerkregering as't ware soos 'n staatsdepartement aan die owerheid verantwoording verskuldig was (Jooste 1946:107). Die Erastianisme het kenmerklik 'n stewige greep op die De Mist-Kerkordinansie verkry (vgl. Spoelstra 1984b:39).

In Nederland het die 'Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk van het Koninkrijk der Nederlanden', wat in 1816 op gesag van koning Willem I geïmplementeer is, eweseer aan die koning regsbevoegdheid oor die kerk gegee. Dit blyk veral uit 'n geskrif waarin J.D. Janssen 1855,¹⁾ die geestelike vader van die 1816-Reglement, die agtergrond van hierdie reglement toelig. Hy ken aan die staatsowerheid (genoem 'die Soewerein') beheermagte²⁾ oor die kerk op die 'Landsherrliche' model toe (Janssen 1855: 17). Die kerklike beheer sorteer volgens Janssen (eg Erastiaans) onder die "Kerkelyk Staatsregt" oftewel die sogenaamde 'landsheerlike reg', of die *ius majestaticum*, ook die territoriale *circa sacra* genoem. Hieronder spesifiseer hy (Janssen 1855:9-11) die reg van die staatsowerheid soos volg:

- (i) Die reg van *toelating*, *toestemming* of *erkenning* met betrekking tot die toelating van nuwe 'erediensbeoefenings' asook met betrekking tot die *bestuur* van enige 'kerkgenootskap'.
- (ii) Die reg van *oppertoesig* oor die bestaande 'kerkgenootskappe', waarin *alle* kerklike handelingde deur die 'staatsowerheid' geïntreleer kon word.
- (iii) Die reg van *oppervoogdyskap* oor kerklike goedere.

Die organisasie van die 'kerkgenootskap' moes aan die owerheid voorgelê word, wat dit na goeëdunke kon wysig. So is die institutêre gestalte van die kerk in feite deur die staatsowerheid gekeur en bepaal (Janssen 1855:17). Die staatsowerheid tree as 'beskermheer' van die kerk op en het as sodanig selfs die plig en die bevoegdheid tot die handhawing of verandering van die kerklike 'reglemente'. So is die institutêre gestalte van die kerk in feite deur die staatsowerheid gekeur en bepaal (Janssen 1855:17v).

Die parallelle lyne tussen die 1804-kerkorde in die Kaap en die 1816-Reglement in Nederland waarin veral die 'nuwe' staatsregtelike opvattings van die *Aufklärung* na vore kom (vgl. Pont 1985:170), is dus duidelik aantoonbaar.

Na die 1804-Kerkorde is in 1824 'n nuwe reglement vir die kerk ingestel, op die model van die 1816-Reglement in Nederland (Van der Watt 1980:39). Maar in die 1824-Reglement is daar teenoor die 1804-Kerkorde reeds 'n duidelike grondverskuiwing te bespeur ten opsigte van die bepaler en bedienaar van die reg en die orde in die kerk. In artikel 38 word wel steeds bepaal:

"Het oppertoezicht echter over alle kerkelijke administratiën blijft aan den Gouverneur in der tijd."

Maar artikel 9 dui reeds op die ontwikkeling van 'n nuwe visie in die Kaap, in dié geval diametraal teenoor die 1804-kerkorde van De Mist sowel as die grondwet van die Kaap: "De hoogste directie der Hervormde Kerk in deze

volksplanting omtrent kerkelike zaken berust by de Algemeene Kerkvergadering" (Jooste 1961:88v). Hierdie ontwikkelingslyn is verder voortgesit met die uitreiking van die bekende Ordonansie 7 van 1843, waarvolgens die goewerneur se direkte seggenskap in kerklike sake ingrypend afgeplat is (Jooste 1956:197-199). Die 'kommissaris-politiek' het uit die kerkvergaderings verdwyn. Voortaan sou die goewerneur slegs die direkte reg hê om predikante aan te stel. Maar indirek het die staatsowerheid 'n bepaalde mate van seggenskap oor die kerk behou deur byvoorbeeld die besoldiging van predikante en die beperking van die georganiseerde kerkverband tot die staatsowerheid se jurisdiksiesfeer, die Kaapprovinsie (Van der Watt 1980:44v). Die regering van die kerk sou voortaan in hoofsaak deur die sinode uitgeoefen word, waarin die kerkrade en ringe betrek is (vgl. Van der Watt 1980:44).

Soos wat die 1804-Kerkorde met die 1824-Reglement in die Kaap vervang is, is die 1816-Reglement met die 1852-Reglement in Nederland vervang. Geen fundamenteel skriftuurlike kerkregtelike beginsels is egter ingevoer waarmee die 1816 kollegialistiese uitgangspunte vervang kon word nie (Haitjema 1951:53). Eers in 1866 (soos in 1824 en pertinenter in 1843 in die Kaap) het daar definitiewe tekens van 'n grondverskuiwing met betrekking tot die basis van die kerkregering, naamlik die bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk, sigbaar geword. Op 9 Februarie 1866 is 'n Koninklike Besluit uitgevaardig waarvolgens die regstreekse tussenkoms van die staatsowerheid by die beheer van die goedere van die Hervormde kerk gestaak word. Dit is gedoen deur die daarstelling van 'n 'Algemeen College van Toezicht' (Haitjema 1951:58). Die stryd sou egter steeds voortduur om "de algemeene belangen der gemeenten, behoorende tot de Nederlandsche Hervormde Kerk" toevertrou te kry aan "de Algemeene Synode, die de Kerk vertegenwoordigt en voor haar in rechten optreedt" (Haitjema 1951:64).

Die basis van die kollegialisties beïnvloede kerkregering het in Nederland en in Suid-Afrika, gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu en in die desennium of twee daarna, 'n waarneembare verskuiwing ondergaan: die staatsowerheid is al hoe meer deur die hoogste gesagsliggaam van die kerk as bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk vervang.

Of hierdie grondverskuiwing waarmee in hoofsaak met die Erastiaanse invloed weggedoen is, ook 'n verskuiwing weg van die kollegialisme was en of dit 'n verskuiwing binne die kollegialisme was, moet getoets word aan die tipiese kenmerke van die kollegialisme soos dit in die kerkregeringstelsel se kerkbegrip, gesagsbegrip en diensbegrip tot uiting kom.

2.5.3 *Kerkbegrip*

Die eerste spore van die kollegialisme as 'die vrye verdrag van outonome burgers' lê reeds in die opkoms van die konsiliarisme in die eerste helfte van die veertiende eeu. Op die vraag of die oppergesag die pous of die keiser toekom, het Willem van Occam en Marsilius van Padua toe reeds geantwoord dat die hiërargie van die kerk ewemin as die staat 'n goddelike bepaalde *ordo* is. Hulle het aangevoer dat beide hierdie instellings bloot histories te verklaar is en hulle oorsprong aan die vrye wil van die mens ontleen (Bakhuizen van den Brink & Lindeboom (1965:199v)). Hieruit blyk dat die gedagte van die volksoewereiniteit 'n veel vroeëre oorsprong as die Franse Rewolusie het. Hierdie gedagte het wel sy hoogtepunt in die Franse Rewolusie en later in die *Aufklärung* gevind.

In die tyd van die Franse Rewolusie, en die *Aufklärung* daarna, het die rasionalisme die staat losgeruk van alle goddelike gesag. Op die spoor hiervan het die kollegialisme die sigbare (institutêre) kerk ook ontdaan van enige goddelike gesag. Soos wat die staat en die owerheid op grond

van 'n vrye verdrag van outonome burgers daargestel word, so word die kerk bloot as 'n vereniging op grond van 'n vrye verdrag van outonome godsdienstiges daargestel (Kleynhans 1982:85). Die kerk word as 'n *collegium*, of 'n genootskap beskou, wat as 'n *societas* funksioneer (Schleich 1969:49vv). Dit beteken dat die kerk 'n vereniging van mense op vrywillige grondslag is, wat op 'n kontrak of verdrag berus. "Een genootschap ontstaat door eene overeenkomst tusschen individuen" (Hoedemaker 1904:94). Hierdie genootskap besit regspersoonlikheid om namens sy lede regshandelend op te tree (Van der Linde 1965:19; De Wet 1921:20vv,102; bv. Fourie 1973:81v).³⁾ Volgens hierdie beskouing verskil die kerk in geen opsig van enige ander menslike vereniging nie.

'Die kerk' bestaan uit 'n versameling van gemeentes. In hierdie versameling van gemeentes verloor die plaaslike gemeente sy bevoegdheid as volledige liggaam van Christus. Trouens, die gemeentes funksioneer as 'takke' van 'die kerk' (bv. Fourie 1973:62,81v). Dit beteken dat die kerkverband as 'kerk' geïnstitueer word, naas (én bo) die plaaslike kerke (bv. O'Brien Geldenhuys 1951:157 en Fourie 1973:61). Sodoende word die kerkrade ge-devalueer tot blote administratiewe liggame waardeur die sinode werk (Du Plessis 1925:81,104).

Die sinode, as hoogste gesagsliggaam waarin die gemeentes deur die 'ampsdraers' verteenwoordig word, is die kernpunt in die kollegialistiese denke. As daar van die eintlike kerk gepraat word, word enersyds na die 'ampsdraers' verwys en andersyds na die sinode en die permanente gesagsbesture van die sinode. Genoemde instansies het die bevoegdheid om geldende uitsprake namens 'die kerk' te maak. Teen hierdie agtergrond moet dié kontradiktoriese spreekwyse beoordeel word: "*die kerk* se plig teenoor sy lidmate"; "*die kerk* se taak teenoor sy jeug"; "*die kerk* se verantwoordelikheid ten aansien van sy lidmate in die nywerhede"; ensovoorts (Spoelstra 1984a:20).

In feite funksioneer die kerk geheel en al as 'n genootskap waaraan die lede kontraktueel verbind word (De Wet 1921:112). 'Kerklidmaatskap' word 'n uitwendige verbintenis aan 'n korporatiewe liggaam wat op sterkte van die soewereiniteit van die mens se gewetensvryheid willekeurig aangegaan en opgesê kan word (Spoelstra 1984a:28). Die korporatiewe liggaam bestaan op denkbearde gronde as 'n grootheid buite-om en bo-oor die lidmate en die gemeentes. Dit beteken dat 'n persoon primêr lid van die kerkverband-as-kerk is en aldus lidmaat van die plaaslike kerk (bv. Vos 1854:20; kyk ook Du Plessis 1925: 113vv; en Van der Watt 1973:30). Van die kerkinstituut is na analogie met die staat 'n kerklike imperium gemaak onder die bevoegdheid van die hoogste gesagsliggaam wat demokraties uit die gemeentes daargestel word (De Wet 1921:120).

Die basis van die kerk, sy staanplek, is in die kollegialisme nie die monargale outoriteit soos by Rome, of die staatsowerheid soos by Luther en Erastus nie. Hier het die kerk 'n korporatiewe basis: die gemeentes. Die gemeentes is bevoeg om sekere regte namens die gemeentelede, wat hulle self uit soewereine vrye wil tot die gemeente verbind het, uit te oefen. En die gemeentes doen dit deur hulle bevoegdheid aan 'n gesamentlike 'hoër gesagsliggaam' van 'die kerk' oor te dra.

2.5.4 *Gesagsbegrip*

Die rasionalistiese opvatting van die outonomie van die mens uit die agtiende eeu, één van die ontembare lote wat uit die natuurreg spruit (Sehling 1914:38), is die basis van die kollegialistiese gesagsbegrip (De Wet 1921:2,6vv). Vanweë die mens se soewereine gewetensvryheid word godsdiens op die basis van die mens se vrywillige beslissing beoefen en moet as sodanig deur die kerk gereël word (De Wet 1921:48). Elke individu regeer soewerein oor homself. Daar is geen hoër gesag as die mens se eie gesag nie.

Die *pligte* van die mens teenoor die wet van God word nou vervang met die *regte* van die individu teenoor die maatskappy (Schlaich 1969:89vv; Kleynhans 1982:85).

Die Franse Rewolusie (1789-1794), met sy slagspreuk "Gelykheid, Vryheid en Broederskap", het 'n sterk impetus aan die gesagsbegrip gegee. Individue beskik oor die inherente mag om hulle regte op te neem en om op grond van sosiale verdrae en onderlinge kontrakte hulle gesag aan verteenwoordigers oor te dra wat hulle regte namens hulle mag uitoefen. Dit word gedoen met die *societas aequalis et libera* - uitgangspunt van die verenigingsreg.

In die kerk dra die lidmate vrywillig al hulle gesag aan die 'ampsdraer' oor (*ecclesia mandataris*). Die 'ampsdraers' beskik nou oor die mag om die kerkregering na willekeur in te rig (Schlaich 1969: 15v; Van der Walt 1976:105v; Du Plooy 1979:9; Van der Linde 1965:78). Dit hou in dat die regeermag van die kerk by die lidmate berus, maar dat hulle die regeermag weens praktiese redes met 'n meerderheidstem aan 'n verkose kerkraad oordra. Die kerkraad bestaan vanweë praktiese oorwegings, en is bloot 'n verteenwoordiger van die gemeente (Van der Linde 1965:79). Gehoorsaamheid aan dié gesagsliggaam is in werklikheid eintlik gehoorsaamheid aan die gesamentlike wil van die individu wat hulle gesamentlike belange saamgesnoer het in 'n regeerliggaam. Die hoogste bestuursliggaam is 'n uitdrukking van die volksoewereiniteit. Die stem van die meerderheid is die stem van God (*vox populi, vox Dei est*). Selfs waar semi-kollegialisties geredeneer word dat Christus die gesag aan sy kerk oorgedra het, kom dit weer daarop neer dat die kerk deur middel van sy gesagsorgane die gesagsbeksleër is (De Wet 1921:121).⁴⁾

Die gemeentesoewereiniteit kom tot uitdrukking in die sinode se gesag.

Die *collegium* vind sy voltooiing in die hoogste verteenwoordigende vergadering wat op akkumulatiewe wyse oor die hoogste gesag beskik. Die si-

node en die permanente kommissies vorm gesagstrukture wie se uitsprake bindend vir al die gemeentes is wat alle sinodale bepalings as die kerk se besluite noukeurig moet uitvoer. Hierdie besluite is die gesagvolle meerderheidswil. Nie die Heilige Skrif nie, maar die meerderheidsbeslissing is deurslaggewend (Kuyper 1883:51; Biesterveld & Kuyper 1905: X,XI).

Dit is ook die sinode se taak om wette vir die hele kerkgemeenskap te maak en te wysig (Nauta 1971:9). Die kerkwet en reglemente (soms ook 'n kerkorde genoem) het hulle ontstaan aan die 'hoër gesag' van die sinode te danke en funksioneer op gesag van die sinode. Die gesag van die sinode is egter genootskapsgesag: dit word bereken en uitgemeet in terme van juridies-wettiese bepalings (De Wet 1921:122; Spoelstra 1984a:26). Hierdeur word 'n sinodokratiese kerkregering daargestel waardeur die regeringsmag weer hiërargies van die sinode tot by die plaaslike kerkraad gedelegeer word (Van der Linde 1965:119).

Op die keper besien is die sinode nie aan die Hoof van die kerk, Jesus Christus, verantwoording verskuldig nie, hoewel dit in teorie ontken word. Prakties regeer die sinode in opdrag van die gemeentes deur die meerderheidsbeginsel van die helfte plus een. In hierdie wyse van kerkregering gaan dit dus om wat die meerderheid besluit en nie in die eerste plek om wat die Woord eis nie (Van der Walt 1976:106vv).

Uit die ondersoek dusver kan gekonstateer word dat die gesag ten diepste in die gemeente setel. Die gemeente is 'n vereniging wat vrywillig tot stand gebring is deur individue wat soewereine magsbeskikking oor hulleself uitoefen. Die gemeente dra egter sy kerklike regsbevoegdheid ten aansien van bepaalde sake aan die sinode oor: só word die sinode die hoogste gesagsliggaam van die kerk en derhalwe die gemandateerde bepaler en die bedienaar van die reg en die orde vir die kerk.

2.5.5 *Diensbegrip*

In die kollegialisme lê die gewig van die 'ampsdraer' in die 'amp' en nie soseer in die diens (die funksie van die 'amp') nie. Daarom word die diens buite sy funksie om verselfstandig. 'Diens' word 'amp' en 'amp' word 'n struktuur waaraan die dienswerk in die kerk "toevertrou" word. So verkry 'amp' die betekenis van *posisie* en *status* waaraan sekere bevoegdhede kragtens die posisie en status verleen word (Smit 1984d:13). As uitvloeisel van die kollegialistiese kerk- en gesagsbegrip word die dienaars-van-Christus vir die kerk nou 'ampsdraers van die kerk'. Predikante word in die naam van die sinode bevestig. Die 'amp' is nie primêr aan die plaaslike kerk verbonde nie, maar aan die 'eintlike' kerk, dit wil sê aan die kerkverband (Van der Linde 1965:119).

Die 'ampsdraers' se opdrag kom van die kerk, soos geformuleer deur die kerk se hoogste gesagsvergadering. Daarom word hulle magte en bevoegdhede deur die kerkwet en die reglemente bepaal (Schlaich 1969:100). Derhalwe is hulle eintlik 'amptenare' van die kerk en dus onder die sinode se toesig (De Wet 1921:125). Sodoende kan predikante buite-om die plaaslike kerk, selfs buite-om die funksie van Woordbediening, "in sinodale diens" aangesel word "met behoud van status" (Agenda NGK 1982, p. 58-64; kyk ook *Reglement vir die status van predikante en proponente*, 2.2.4.2 en 2.2.5 in Die Kerkorde, NGK 1982, p. 43).

Die permanente gesagstrukture van die kerk kan deur middel van magsdelegasie sy 'ampsdraers' mandateer om sekere handelingte 'namens die kerk' uit te voer en uitsprake 'namens die kerk' in die openbaar te doen. Die opdrag daartoe rus op die konsensus van die meerderheid (Schlaich 1969:94v,100). Kerkregtelik bedien die 'amp' nie in die eerste plek die Woord óf die gesag óf die heerskappy van Jesus Christus, die Hoof van die kerk nie, maar

die standpunt en die wil van die gemeente, soos deur die sinode verwoord (Van der Walt 1976:107). Vanweë die oorbelading van die 'amp', deurdat die lidmate 'hulle gesag' aan die 'ampsdraers' oordra, kom daar weinig van die algemene priesterskap van die gelowige, oftewel die 'amp van die gelowige', tereg (De Wet 1921:125).

Die dienste (*diakonai*) word gedevalueer van hulle goddelike oorsprong tot organe van die kerk: deur die kerk, uit die kerk, ter wille van die kerk (vgl. De Wet 1921:127). Die 'ampsdraer' is verteenwoordiger in die sin van die gevolmagtigde van die gemeente (De Wet 1921:129). Die dienste in die kerk word in 'n struktuur van kerklike amptenary vasgevang. Die produk is 'n klerikalisme waarin die dominokrasie welig gedy.

Retrospektief is dit duidelik dat die eintlike gesag in die gemeente setel. Die gemeente dra sy regsbevoegdheid ten opsigte van die kardinale kerklike sake aan 'die kerk' oor, waarvan die gemeente 'n 'tak' is. 'Die kerk' se hoogste gesagsliggaam is die sinode waarop die reg en die orde van die kerk by wyse van meerderheidsbeslissing bepaal word. So word die sinode - as't ware in opdrag van die gemeentes, kragtens die gemeentesoewereiniteit - die bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk.

2.5.6 *Samevatting*

In die kollegialisme is die gemeentesoewereiniteit die basis van die kerkregeringsstelsel. Die gemeente bestaan uit 'n aantal individue wat hulle vrywillig met mekaar tot 'n gemeente vir 'kerkdoeleindes' verbind. Die gemeente is 'n 'tak' van die 'kerk'. 'Kerklidmaatskap' word 'n uitwendige verbintenis aan 'n korporatiewe liggaam, wat op sterkte van die soewereiniteit van die mens se gewetensvryheid, willekeurig aangegaan en opgesê kan word. In feite funksioneer die kerk geheel en al as 'n genootskap waaraan die lede

kontraktueel verbind word.

Die lidmate dra hulle gesagsbevoegdheid aan mandatarisse oor, wat as 'ampsdraers' volmag ontvang om die gemeente se regsake te hanteer. Die dienste funksioneer as ampte-*van*-die-kerk.

Nadat die kerk in Nederland en in Suid-Afrika op 'n parallelle wyse deur die loop van die negentiende eeu ontworstel is van die staatsowerheid as 'hoogste gesagvoerder' oor die kerk, is die sinode as 'hoogste gesagsliggaam' in die kollegialisme gevestig. In die sinode trek die gemeentes se gesagsoewereiniteit saam, die reg en die orde van die kerk word op die sinode by wyse van meerderheidsbeslissinge bepaal. Derhalwe kan met stelligheid gesê word dat die sinode volgens die kollegialistiese beskouing, die bepaler en bedienaar van die reg en die orde in die kerk is.

2.6 DIE KONGREGASIONALISTIESE BESKOUING

2.6.1 *Inleiding*

As basis word die *Cambridge Platform* (1648) gebruik om aan die hand van die kerkbegrip, gesagsbegrip en diensbegrip van die kongregasionalisme die regsbepler en regsbedienaar vir die kerk volgens hierdie beskouing te bepaal. Hierby word die *Savoy Declaration* (1658) ook geraadpleeg. (Voorts word die afkorting CP vir *Cambridge Platform* en SD vir *Savoy Declaration* as verwysing gebruik).

Hierdie twee dokumente het onderskeidelik in Amerika en in Engeland vanaf die tweede helfte van die sewentiende eeu as die offisiële kerkordes in die kongregasionalistiese kerke gedien (Walker 1893:194-237, 354-408; vgl. Deddens 1984:53v). Ondanks die aksentverskille in die kongregasionalisme, soos byvoorbeeld die verskil wat Deddens (1984: 46-57) tussen die *Cambridge Platform* en die *Savoy Declaration* ten aansien van die beskouing oor die sinode aangetoon het,¹⁾ blyk die hooflyne waaruit die bepler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk in dié kerkregeringsbeskouing aangetoon moet word, fundamenteel gelykluidend. Daarom kan daar van dié kongregasionalistiese beskouing ten opsigte van die bepler en die bedienaar van die reg en die orde in die kongregasionalistiese kerke gepraat word.

Die benaming 'kongregasionaliste' word by voorkeur eerder as die benaming 'independente' gebruik. Reeds die Cambridge Sinode van 1648 het hom teen laasgenoemde term uitgespreek (CP II,5), omdat dit ook - volgens John Cotton - in Engeland 'n versamelnaam vir allerlei separatistiese sektes en ketterye geword het (Foote 1949:43).

2.6.2 *Cambridge Platform*

Die *Cambridge Platform* word as basis gebruik, en nie in die eerste plek byvoorbeeld die *Savoy Declaration* nie, omdat die swaartepunt van die kongregasionalisme, selfs die volledige ontplooiing daarvan, in Noord-Amerika lê, en dan veral in Massachusetts. Anders as in Engeland kon die kongregasionalisme daar vry ontwikkel (Boon 1951:6). Die *Cambridge Platform* is geen belydenis nie, dit is wel "an agreed order of procedure". Dit veronderstel 'n belydenis, naamlik die *Westminster Confession*, wat tussen die 1647- en 1648-sessies van die Cambridge Sinode gepubliseer is (Hocking 1949:57).

Die *Cambridge Platform* het die kongregasionalistiese kerke nie slegs vir meer as tweehonderd jaar offisieel gedien nie, die invloed daarvan op dié kerkregeringstelsel is blywend (Horton 1949:51vv; Foote 1949:45). Die hoofbeginsels van die kongregasionalistiese kerkregering kom onveranderd uit die *Platform* (Horton 1949:52). In der waarheid meen kongregasionaliste om daarin "a timeless quality, such as belongs to all mighty instruments of the Spirit, which makes it contemporary to every age" te vind (Horton 1949:53). Hier en daar is deur die eeue egter wel gewysigde menings gevorm en enkele aspekte het in die vergetelheid versink (Horton 1949:53).

Om 'n indruk van die blywende waarde van die *Cambridge Platform* in die kongregasionalisme te kry, gee ek 'n sewetal uitgangspunte daaruit weer, wat volgens Horton (1949:53) as die enkele opspoorbare beginselveranderinge oor meer as drie eeue aangemerkt kan word:

- (i) "The parts of Church-Government are all of them exactly described in the word of God ..." (CP I,3).
 - Teenswoordig aanvaar kongregasionalistiese Christene nie meer dat die Skrif 'n bepaalde vorm van kerkregering presies omskrywe nie.

- (ii) " ... There is no greater church than a *Congregation*, which may ordinarily meet in one place." (CP III,5)
- Die invloed van ander kerkgemeenskappe het teweeggebring dat kongregasionaliste teenswoordig (onoffisieel) van hulle kerkverband as 'n 'kerk' praat.
- (iii) " The office of the *Pastor & Teacher*, appears to be distinct. The *Pastor's* special work is, to attend to *exhortation*: and therein to Administer a word of *Wisdom*: the *Teacher* is to attend to *Doctrine*, & therein to Administer a word of *Knowledge* ..." (CP VI,5; vgl. VII).
- Teenswoordig is die dienste van herder ("pastor") en leraar ("teacher") verenig, en die diens van die regeerouderlinge is verdeel tussen die diakens en die trustees.
- (iv) " ... Such officers as he hath not appointed are altogether ... to the great dishonour of Christ Jesus, the Lord of this house, the King of his church, whether *Popes, Patriarkes, Cardinals, Arch-bishops, Lordbishops, Arch-deacons, Officials, Commisaries, & the like*" (CP VII,6).
- Die moderne puritein sou nouliks kon aanvaar dat die gebruik van nie-Bybelse titels vir kerkdienaars in die kerk 'n oortreding teen Christus is.
- (v) " Hee that is clearly loosed from his officerelation unto that church wherof he was a minister, cannot be looked at as an officer, nor perform any act of *Office* in any other church, unless he be again orderly called unto *Office* ..." (CP IX,7).
- Die beskouing dat predikantskap net geldend is in die enkele kerk (kongregasie) waarin die predikant bevestig is, het vroeg reeds in onbruik geraak (kyk ook McGiffert 1949:114).
- (vi) " Magistrates, have powr to call a Synod ..." (CP XVI,3).
- Omdat die burgerlike owerheid nie noodwendig uit die kerk se lidmate verkies is nie, sal die plaaslike owerheid nouliks meer gevra word om 'n meerdere vergadering op te roep. Hierdie be-

nadering tot die staat is egter nie nuut nie: die bevoegdheid van die owerheid om die Cambridge Sinode op te roep, is tóé al deur die kerke bevraagteken.

(vii) " If any church one or more shall grow schismaticall ..., or shall walke incorrigibly or obstinately in any corrupt way of their own, contrary to the rule of the word; in such case, the Magistrate is to put forth his coercive powr" (CP XVII,9).

- Ook die teenswoordige teenstand van die kerke om die staat in te roep vir die beslegting van kerklike geskille is nie nuut nie. Die *Platform* (XVII,7) bepaal dat hierdie prosedure slegs aanvaarbaar is (selfs in die sestiende eeu), indien die *regte* of *besittings* van 'n lidmaat betrokke is.

Buiten hierdie aspekte waarop daar in die kongregasionalistiese kerkpraktyk wysigings voorkom bly die *Cambridge Platform* vir kongregasionaliste "strikingly modern" (Horton 1949:53), en bly dit derhalwe die sleutel tot die kerk-, gesag-, en diensbegrip in die kongregasionalistiese beskouing.

2.6.3 *Kerkgrip*

In Engeland het Robert Browne die sentrale beginsel van die kongregasionalisme ongeveer in 1580 geformuleer: Waar twee of drie in die Naam van die Here vergader, om volgens die wet van Christus te leef, het 'n kerk tot stand gekom. So 'n kerk ('congregation') kom georganiseer tot stand wanneer sy lede hulle deur 'n verbond ('covenant') verbind het en ouderlinge verkies het (Starkey 1966:14). Ten diepste lê hierin die uitgangspunt van elke groep individuele gelowiges wat hulleself *vrywillig* in 'n 'congregation' organiseer (*congregatio fidelium*) (CP II,6; kyk ook Kuyper 1883:49).²⁾

Hierdie 'congregation' is nie vanselfsprekend presies dieselfde begrip as 'plaaslike kerk' nie. Die 'congregation' is byvoorbeeld nie geografies begrens nie, maar bestaan uit groepe gelowiges wat hulle volgens eie voorkeur

bymekaar voeg en as groep ('congregation') onafhanklik van ander soortge-lyke groepe ('congregations') voortbestaan (Dexter 1970:105). Op die vraag wat die essensiële merkteken van die sigbare kerk is, antwoord h'n rasegte kongregasionalis: "The essential mark of the Visible Church is its *congregations*". (Horton 1952:79; vgl. CP II,5; SD III).

Hierdie kerklike individualisme het veral sterk by Robert Browne en Henry Barrowe en hulle volgelinge, bekend as "the Separatists", tot uiting gekom. Hoewel kongregasionaliste soos Thomas Hooker, John Cotton en John Davenport hulle teen die separatiste uitgespreek het, kon hulleself en andere ook nie van die kenmerkende independentisme van die kongregasionalisme ont-kom nie (vgl. Horton 1952:59,69). Ook in die geskrifte van Robert Parker (oorlede 1617), William Bradshaw (oorlede 1618), Paul Baynes (oorlede 1617) en William Ames (oorlede 1633) kom dit daarop neer dat Christus atomisties oor 'n aantal afsonderlike, onafhanklike kerke regeer (kyk SD X; vgl. Dexter 1970:108; vgl. ook Millar 1933:76v).

Lidmaatskap van die 'congregation' berus op die verbond wat lede onderling aan mekaar in die Here verbind.³⁾ Hierdie verbond is volgens Horton (1952: 33) nie 'n blote kontrak of selfs 'n algemene "social compact" nie: "It is a *holy* covenant".⁴⁾ Ook in hierdie verbondsluiting word die vrywillige beslissingsaspek van die gelowige beklemtoon. In die verbondsluiting gee 'n persoon homself aan die Here oor (CP IV,3), waarna hy/sy na 'n ondersoek ten opsigte van sy/haar wedergeboorte en bekering by wyse van verkiesing deur die gemeentelede tot die kongregasie toegelaat word. Persoonlike geloofsekerheid speel 'n pertinente rol by die toelating.

Veral die twintigste eeuse kongregasionaliste hou 'n sterk saak voor dat hierdie 'kerkverbond' geen belydenis is nie, maar 'n instemming om in 'n gemeenskaplike doel te verenig wat as basis vir die kerk dien (McGiffert

1949:109; Foote 1949:35). Vir bindende belydenisskrifte as akkoord van kerklike gemeenskap is daar in die individualistiese en voluntaristiese karakter van die kongregasionalisme nie 'n plek nie. Daarom word volstaan met 'n "covenant" wat elke kerk vir homself opstel (Boon 1951:163).

Die inhoud van die 'verbond' word daardeur bepaal dat die opbou van die kerk met die fondament van die kerk moet korrespondeer (Boon 1951:61;122vv).

Thomas Hooker het in sy "survey" verduidelik dat die genadeverbond ingesluit en veronderstel word in die 'kerkverbond' (Boon 1951:129).⁵⁾ In hierdie konteks het Williston Walker geskryf dat Christus in so 'n werklike sin die Hoof van elke kerk van sy dissipels is en dat hulle so één met Hom is deur die 'kerkverbond' dat selfs al die handeling van so 'n kerk in werklikheid die handeling van Christus deur sy volgelinge is (Horton 1952:78). Die 'kerkverbond' is 'n kerklike implementering van, en in 'n sekere sin 'n kerklike realisering en voortsetting van God se genadeverbond met sy volk. Die invloed van die 'congregation' ten opsigte van die reg en die orde vir die kerk word reeds in die 'kerkverbond' weerspieël.

Deur middel van die 'kerkverbond' word die gelowiges as't ware aan Christus gebind en sodoende in 'n georganiseerde kerk vergader. Die openbare belydenis by die bevestiging van lidmate heet dan ook in kongregasionalistiese terminologie: "joyning the Covenant" (Boon 1951:132).

Diegene wat die kerkverbond onderteken om lidmate te word, is (ietwat donatisties) "*Saints by Calling*" (CP III:1,2; IV,1; SD VIII). Die belang van die 'kerkverbond' as band met Christus word ook daardeur beklemtoon dat die kinders van die gelowiges as kerkbondelinge heilig genoem word (CP III.2.2). Hiermee word egter nie "inward holiness" bedoel nie, maar uitdruklik "covenant-holiness" (Boon 1951:134). Die lidmaatskap van minderjarige kinders hang daarvan af of minstens een van die ouers tot die verbond behoort (Boon

1951:136).

Op grond van die *unio* van die kerke is daar wel *communio* onder die kerke moontlik. Hoewel die gemeenskap van die onafhanklike kerke aangevoel word as " 'n plig tot gemeenskap" (Horton 1952:18), kom hierdie interkerklike gemeenskap in hoofsaak tot uiting deur dieselfde geloof wat hulle (onafhanklik van mekaar) bely, die gebede, die erediens en die bediening van dieselfde sakramente in die onderskeie kerke, sowel as 'n essensiële ooreenstemming in die onderskeie kerke se kerkordes (Boon 1951:155) en die aanvaarding van mekaar se attestasies (CP XIII,7). Interkerklike gemeenskap in die kongregasionalisme is derhalwe nie in die eerste plek 'n *gerealiseerde* gemeenskap nie, maar 'n *veronderstelde* gemeenskap op grond van ooreenstemmende kerkpraktyke.

Met betrekking tot bepaalde probleme mag kerke met mekaar in konsultasie tree (CP XV, 2,II). Indien 'n kerk nie ag slaan op die vermaninge van susterkerke in sinode nie, kan die kerke 'gemeenskap' met die dwalende kerk opsê (CP XV,2,III), wat in die praktyk weinig meer beteken as dat so 'n kerk nie meer in die sinode (wat soms een keer deur die loop van hoevéél desenniums vergader het) verwelkom word nie. Kerkverband tussen kerke wat een in belydenis en kerkregering is, bestaan in die kongregasionalisme prakties helaas nie, en in beginsel nouliks. Die eienskappe van die eenheid en die algemeenheid, of katolisiteit, van die kerk word prakties in die kerkregering van die kongregasionaliste genegeer. Die kerklike gemeenskap wat tussen die onafhanklike gelyke kerke, volgens die *Cambridge Platform*, onderhou behoort te word, word nie tot een van die noodsaaklike aspekte van kerkwees gereken nie (CP XV,1). Voorts word sinodes wel as nodig beskou, maar nie as noodsaaklik nie. Dit is nodig "to the welbeing of churches, for the establishment of truth & peace therein" (CP XVI,1). Die *Savoy Declaration* stel dat alle kerke met mekaar gemeenskap behoort te onderhou vir hulle vrede,

vermeerdering van liefde en wedersydse opbou, maar die wyse hoe dit prakties bindend verwerklik moet word, ontbreek grootliks (SD XXV). Voorts word die sinode as 'n adviesvergadering-by-geleentheid voorgestel (SD XXVI, XXVII), waarvan die besluite volgens die *Cambridge Platform* wel "met eerbied en onderwerping" bejeën moet word (kyk 2.6.1, aantekening 1). Die begrip "duty of fellowship", ten aansien van die 'congregations' onderling, is wel binne die kader van meerdere vergaderings verwerklik, maar vergaderings wat ongereeld byeengekom het en waarin hoofsaaklik gekonsulteer is en advies gegee is. "The synod was a council *ad hoc*, meeting not regularly but only as occasion required" (Horton 1952:18).

In die vorige eeu was die meerdere vergaderings in Amerika hoogstens konferensies, vriendskaplike diskussies (Walker 1894:393) wat uiteindelik eerder in predikantekonferensies ontwikkel het as wat dit meerdere vergaderinge was (Horton 1952:21). In Amerika was daar na 1648 (Cambridge Sinode) die Boston Sinode in 1679 en toe weer die Albany Convention in 1852 wat as van enige beduidenis uit 'n kerkregtelike oogpunt aangemerkt kan word (Deddens 1984:55; kyk ook Horton 1952:22). In Engeland het die kongregasionalistiese kerke na 1658 (*Savoy Declaration*) deur die sewentiende en die agttiende eeu nie weer in 'n sinode byeengekom nie (Deddens 1984:55). Hierdie onbelangstelling ten opsigte van die sinode moet verklaar word, soos reeds aangedui, uit die beskouing dat die sinode slegs van belang vir die *bene esse* en nie vir die *esse* van die kerk is nie (Boon 1951:158), vanweë die geringskatting van die *eenheid* en die *katolisiteit* van die kerk ener syds, en andersyds 'n oorwaarding van die onafhanklike kompleetheid van die 'congregation'.

Later het daar in die kongregasionalistiese kerke 'district associations', 'state conferences' en 'n 'General Council' gekom. Hierdie vergaderings

werk steeds onder die beginsel dat die gesag in die kerke setel. Die afgevaardigdes kom slegs in 'n verteenwoordigende hoedanigheid byeen om advies uit te bring (McGiffert 1949:114).

Ten aansien van die kerke se verhouding met mekaar en die gesag van die meerdere vergaderings is daar by 'n meer resente skrywer soos Horton (1952: 17) 'n duidelike afwyking van die tradisionele kongregasionalisme te bemerk as hy verklaar: "My thesis is that *a council is a kind of congregation ... and that we may therefore expect from it, if we develop it as a congregation, the same kind of effect upon its own social milieu and upon itself which any congregation, dynamically obedient to Christ, produces*" (kyk ook Horton 1952 24vv). Hierdie is nie 'n toevallige raakpunt tussen die kongregasionalisme en die kollegialisme nie (kyk 2.5.3): albei staan op die basis van gemeentesoewereiniteit (alhoewel verskillend gemotiveer) (kyk 2.6.4). 'n Verdere raakpunt is die praktiese konsekwensie van gedelegeerde gesag: *klerikalisme* in die kollegialisme (kyk 2.5.5) en *dominokrasie* in die kongregasionalisme (kyk 2.6.4). 'n Spesiale vorm van kerklike gemeenskap word gevind in die 'consociation', 'n vergadering van predikante waar in die praktyk besluite geneem word insake kerklike aangeleenthede (Boon 1951:156v).

Wat die onafhanklike kerke se verhouding tot die staatsowerheid betref, word 'n onderskeid tussen kerkgesag en staatsgesag gehandhaaf (Fagley 1949: 4; Foote 1949:32). "It is not in the powr of Magistrates to compell their subjects to become church-members & to partake at the Lords table ... As it is unlawfull for church-officers to meddle with the sword of the Magistrate, so it is unlawfull for the Magistrate to meddle with the work proper to church-officers ... (CP XVII,4,5). In die *Cambridge Platform* word egter nie op Calvyn se spore 'n "clear-cut seperation" tussen kerk en staat gemaak nie (Foote 1949:44). Die *Platform* staan op 'n kerk-staat-

verhouding waarin die kongregasionalistiese kerke deur die staat ondersteun is deur belastingheffings vir die kerke. Dit was 'n bevoorregting teenoor ander kerke wat in Massachusetts in 1833 en in Connecticut in 1818 beëindig is. Derhalwe is dit te begryp dat die kongregasionalistiese kerke in die sewentiende en agtiende eeu nie getrag het om die staatsowerheid se kontrole oor die kerk te vernietig nie, maar om dié kontrole eerder te beheer deur die staatsgesag op die Woord van God te probeer afstem (Millar 1933:61vv): "It is the duty of the Magistrate, to take care of matters of religion, ... They are called Gods ... Idolatry, Blasphemy, Heresy ... are to be restrained, & punished by civil authority" (CP XVII,6,8).

Uit die ondersoek van die kongregasionalistiese kerkbegrip blyk dat die klem ten opsigte van regs- en ordebepaling en -bediening op die gemeente val; egter nie op die gemeente as die samesnoering van 'n aantal soewereine individue soos in die kollegialisme nie, maar op die gemeente as kompleet, 'selfstandige' samesnoering van gelowiges op grond van 'n 'kerkverbond'.

2.6.4 *Gesagsbegrip*

In die kongregasionalisme word Christus as Hoof van die kerk bely (CP V,1; SD I: vgl. Dexter 1970:108v). Die kernvraag op die Cambridge Sinode was of die selfregerende kerke elkeen onder die direkte regering van Christus sou staan, en of hulle deur een of ander menslike instelling regeer sou word. Daar is bepaal dat die 'congregation' volkome alle gesag oor homself het. Hierdie gesag "belongs unto the brotherhood" (CP V,2; SD VI). Die uitgangspunt is dus die soewereiniteit van die gemeente. Waar die soewereiniteit van die gemeente in die kollegialisme van die natuurreg ontleen word (Sehling 1914:38), word dit in die kongregasionalisme van Christus ontleen. Hy delegeer sy gesag aan elke gemeente, daarom beskik die gemeente

oor goddelike gesag (CP V,2; SD IV). Derhalwe staan daar geen menslike figuur of instansie tussen die gemeente en Christus nie. Christus oefen sy regeermag nie deur 'n pous, biskop of ouderling uit nie, maar deur die 'congregation' self (McGiffert 1949:107v) "The local church is the seat and source of authority" (McGiffert 1949:105; vgl. Dexter 1970:40). "In Congregationalism the members rather than the minister are, under Christ, the sole and final authority. The authority they possess they cannot surrender to another church nor to their minister nor to a synod. A Congregational church may delegate authority. It cannot surrender it" (McGiffert 1949:108).

Kongregasionaliste was dit sedert die sestiende eeu eens dat die sinode ('council') eintlik slegs konsulterend en adviserend kan optree, ondanks die aanwysing dat sinodebesluite "met eerbied en onderwerping" bejeën moet word (vgl. Deddens 1984:57). Die sinode het geen positiewe kerkregtelike gesag oor plaaslike kerke (CP XVI,4; Millar 1933:58; McGiffert 1949:112), of oor die vergaderings waardeur die sinode gekonstitueer word nie; die sinode beskik slegs oor *morele gesag* (Horton 1952:37vv). Die kongregasionaliste beskou hulleself geheel en al vry van alle 'menslike regulasies' en slegs gebind deur die voorskrifte van die Nuwe Testament (Fagley 1949:5).

Samevattend bied die volgende stellings 'n geheeloorsig oor bykomende fasette van die kongregasionalistiese gesagsbegrip (Fagley 1949:17; vgl. Walker 1893:146-148):

- (i) 'n Ampsdraer het slegs regeringsmag in sy 'congregation'. Geen samekoms met ander ampsdraers kan hom die reg gee om oor ander gemeentes te regeer nie, want sy regeringsmag geld net sy gemeente.
- (ii) Solank as die kerk 'n ware kerk van Christus is, kan sy volstreekte mag om homself te regeer hom nie wettig ontnem word nie.

- (iii) 'n Plaaslike kerk is die hoogste kerklike regbank waarheen enige verontregte party mag appelleer.
- (iv) Indien 'n plaaslike kerk hom onbekwaam voel om regspraak te lewer, moet in berading met ander kerke getree word. Maar die tugreg lê nie by 'n meerdere vergadering nie, dit behoort aan die plaaslike kerk wat dit van Christus ontvang het.
- (v) Die meerdere vergaderings ('councils' of 'synods') het hoogstens die bevoegdheid om gemeentes te adviseer en te vermaan. In die geval van 'n eiesinnige gemeente (plaaslike kerk) wat in sy dwalinge volhard, kan kerklike gemeenskap dié gemeente ontsê word.
- (vi) Die meerdere vergaderinge het geen gesag om hulle bevindinge op kerke af te dwing nie, want die kerke het mag oor die meerdere vergaderings vanweë hulle afvaardiging daarheen. Die afvaardiging na die meerdere vergaderinge dien slegs as verteenwoordigende en nie as gedelegeerde gesag nie.

In die kongregasionalisme beskik slegs die gemeente oor die gesag om die reg en die orde te bepaal en te bedien. Maar die gemeente beskik nie oor dié gesag vanweë 'n rasionalisties bepaalde soewereiniteit nie, wél vanweë die interpretasie dat Christus sy gesag aan die gemeente gedelegeer het.

2.6.5 *Diensbegrip*

Die beginsel dat predikante nie deur biskoppe aangestel word nie, maar deur die kongregasie verkies moet word (CP IIX,9), is deur Thomas Cartwright, wat in 1570 as professor in die Teologie aan Cambridge Universiteit aangestel is, geformuleer (Foote 1949:35). Elke kerk het die vrye reg om sy eie predikant(e) te verkies uit dié wat hoë opvoedkundige kwalifikasies bekom het (Fagley 1949:8). Cartwright, sowel as Hooker, se gedagtegang wat in die Cambridge Platform weerspieël word (CP IX,2,6,7), naamlik dat die predikantsamp slegs in die betrokke kerk erken word, word nie meer deur Amerikaanse

kongregasionaliste gehandhaaf nie. Die predikantsamp word teenswoordig as van blywende aard erken en is derhalwe ook geldig buite die plaaslike gemeente (Walker 1893:143; kyk ook 2.6.2 en 2.6.3).

Die verteenwoordigende aard van die dienste was ten dele 'n protes teen klerikale gesag (McGiffert 1949:111). 'n Herder en leraar is nie nodig vir die wese van die kerk nie, maar slegs vir die welwese daarvan (CP VI,2; McGiffert 1949:111).

Die swakheid van die kongregasionalisme se diensbeskouing lê daarin dat die apostoliese *ministerium* slegs gekoppel word aan die buitengewone dienste van apostel, profeet en evangelis wat eenmalig was (CP V,1). Daarom word die dienaars in die praktyk bloot amptenare van die gemeente (vgl. CP V,2; vgl.IIX).

Die dienste wat in die kerk funksioneer, is die van ouderlinge en diakens. Die ouderlingdiens is onderverdeel in herder en leraar vir die bediening van die Woord, asmede die regerende ouderlinge in die kerkregering. Die opdrag vir die herder en leraar is genuanseerd: eersgenoemde lê hom op die pastorale aspek van die prediking toe en laasgenoemde lê hom op die didaktiese aspek en die uitoefening van die kerklike dissipline toe. Beide mag die sakramente bedien. Die regerende ouderling het nie die prediking en onderwysing as sy taak nie. Die diakens is ingestel vir die versorging van die tydelike dinge in die kerk, waaronder die geldelike aangeleenthede (CP VI,VII; Boon 1951: 146v).

Die bevestiging van dienaars is die bekragtiging van die verkiesing deur die gemeente, dus gaan die laaste die eerste vooraf. Die beroep van 'n Woordbedienaar kom tot stand deur die vrywillige en vrye verkiesing van die gemeente en die opvolging daarvan deur die betrokke. Die handoplegging geskied deur die ouderlinge, maar ook lidmate wat deur die ge-

meente aangewys word, mag daaraan deelneem (CP IIX,IX; Boon 1951:149).

Die 'consociations' (predikantevergaderings), waarop al hoe meer besluite ten opsigte van die 'congregation' geneem is (vgl. Youngs 1976:69-78), sowel as die negering van die regerende ouderling, wie se taak onder die diakens en die trustees van die gemeente verdeel is (Horton 1949:53; kyk 2.6.2,iii), het onvermydelik tot 'n dominokrasie in die kongregasionalistiese kerke gelei (Deddens 1984:56). In Amerika het ook die sinodes niks anders as predikantevergaderinge geword nie (Starkey 1966:93).

Dit blyk dat daar groot bevoegdheid ten opsigte van die bepaling en bediening van die reg en die orde aan die dienaars in die kongregasionalisme gegee word, te meer omdat in elke gemeente 'n eie reg en orde mag geld, soos wat dit deur die dienaars van die betrokke gemeente geïnterpreteer en ingestel word. Maar die dienste beskik nie oor enige mag om selfstandig, los van en buite-om die gemeente op te tree nie. Trouens, die dienaars is geheel en al verteenwoordigend uit die gemeente en kan selfs as amptenare van die gemeente beskou word. Hoewel die dominokrasie in die kongregasionalistiese kerke 'n beslissende faktor geword het ten aansien van die bepaling en bediening van die reg en die orde vir die kerk, is hierdie dienste volgens die fundamentele kongregasionalistiese beskouinge so gebonde aan die gemeente, dat al hulle beslissings oor die gemeente steeds toetsbaar deur die gemeente bly. In die finale instansie is die gemeente as die gesagsdraer van Christus en die opdraggewer aan die dienaars steeds verantwoordelik vir die bepaling en bediening van die reg en die orde in die gemeente.

2.6.6 *Samevatting*

Na gelang van die konteks word in hierdie ondersoek die terme 'gemeente', 'plaaslike kerk', 'kerk' en 'kongregasie' as ekwiwalente van 'congregation'

gebruik. Die gemeente kom tot stand waar 'n groep gelowiges hulle deur 'n verbond verenig het en dienaars verkies het. Gemeentes bestaan atomisties uit onafhanklike groepe individue. Gemeenskap tussen die onderskeie gemeentes word wel as noodsaaklik beskou, maar nie in 'n absoluut bindende sin nie. Trouens, dit hoort ook nie onder die bevoegdheid van die meerdere vergaderings om bindende besluite vir die gemeentes te neem nie. Die afgevaardigdes uit die gemeentes kom in 'n verteenwoordigende hoedanigheid op die meerdere vergaderings byeen om te konsulteer. Alle besluite wat hier geneem word, het inhoudelik nie meer bindingskrag as adviese wat gehoorsaam moet word nie. Soos wat die kollegialisme die gemeentes laat opgaan in die kerkverband, só staan die kongregasionaliste afsydig van kerkverband. Kongregasionaliste het geen geloofsbelydenis waardeur gemeentes aan mekaar gebind word nie, maar hoogstens 'n verklaring van geloof (verbond) waardeur individue aan 'n gemeente gebind word. Kerklike gesag setel in die gemeente en is nie deur die verteenwoordigers van die gemeente na 'n meerdere vergadering oordraagbaar nie. Terwyl die kollegialistiese beskouing die soewereiniteit van die gemeente uit die natuurreg en die rasionalisme aflei, lei die kongregasionaliste die soewereiniteit van die gemeente uit gedelegeerde goddelike gesag af.

Vanweë 'n onderontwikkelde diensbeskouing waarin die regerende ouderling geen beduidende plek meer inneem nie, is die kerkregering in feite aan die Woord-bedienaars oorhandig. Tog bly hulle volkome onderhewig en toetsbaar deur die gemeente. Sonder die gemeente se toelatings- en beslissingsmag kan die Woordbedienaars nie funksioneer nie.

Die bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die gemeente is, selfs ondanks 'n dominokrasie, prinsipiëel die gemeente self wat sy gesag van Christus ontvang het. Die dominees bly aan die gemeente verantwoording verskuldig.

2.7 CALVYN SE BESKOUING

2.7.1 *Inleiding*

Op die keper beskou het Calvyn geen geslote teologiese sistematiek uitgewerk nie. Sy kerkbegrip kan in hooftrekke uit die vierde boek van die Institusie gerekonstrueer word, hoewel dit nie in 'n geslote sisteem as 'n *locus de ecclesiae* daarin aangebied word nie. Sy gesagsbegrip en diensbegrip lê verstrooid in sy kommentare en ander geskrifte, asook in die Institusie. Nogtans is dit merkwaardig moontlik om vanuit verskillende hoeke 'n soliede teologiese sistematiek uit sy beskouinge op te diep.

Calvyn se teologie oor 'kerk', 'gesag' en 'kerklike dienste' is nie slegs die resultaat van sy stryd teen die Rooms Katolisisme aan die een kant en die anabaptiste aan die ander kant nie. Hy was geensins 'n reaksie-teoloog nie. Sy teologie het hy ook nie uit voorveronderstellinge en denkbearde opgebou nie; dit is die resultaat van sy merkwaardige eksegetiese arbeid waardeur hy 'n heg-verweefde basis vir sy dogmatiese en kerkregtelike beskouinge geskep het. Daarom is dit net so belangrik om uit Calvyn se eksegetiese verklarings te put as om sy Institusie te raadpleeg vir 'n duidelike visie op sy beskouing ten opsigte van die bepaler en die bedienaar van die reg en die orde vir die kerk.

Waar vertalings van Latyn-sitate nie direk gegee word nie, word dit in die aantekeninge aangebied. Omdat nog net een deel van die verwagte standaard vertaling van die 1559-Institusie in Afrikaans tot op datum verskyn het, word waar die toeligting dit vereis, sitate uit A. Sizoo se (wél betroubare) Nederlandse vertaling gegee. Op hierdie wyse hoop ek om die leesbaarheid van die ondersoek te dien.

2.7.2 Kerkbegrip

Calvyn se kerkbegrip word nie deur 'n strak, juridies uitgewerkte kerkstruktuur bepaal nie. Trouens, Calvyn het van die kerklike instituut nooit 'n struktuur gemaak nie. Hy het die kerk as 'n dinamiese, historiese organisme gesien (vgl. Ganoczy 1968:356; Bohatec 1961:267).

Die grondbeginsel in Calvyn se kerkbegrip is die Hoofskap van Jesus Christus (Ganoczy 1968:383vv; Smidt 1972:20v). Nie 'n enkele gedagte wat hy op die kerk nagehou het, kan na behore buite-om hierdie grondbeginsel begryp word nie. "Jesus Christus beherrscht nicht nur den Inhalt, sondern auch die Form des Calvinischen Denkens" (Niesel 1957:246). Dit beteken dat Calvyn se teologie volkome aan die Skrif gebonde is en derhalwe op Jesus Christus afgestem is (Niesel 1957:30). So moet ook die *uitverkiesing* as die vertrekpunt tot Calvyn se kerkbegrip, uit Christus se Hoofskap begryp word. In Christus verwesenlik God sy uitverkiesende genade; in Christus word die uitverkorenes derhalwe organies saamgevoeg tot één liggaam: sý liggaam. Deur die één Gees van God word op grond van die één verlossingsdaad in Christus één kerk opgerig (Calvyn IV,i,2,3, en 21: " ... *intercedente Christi merito* ...¹⁾ (IV,i,21); Calvyn se eksegesi van Ef 1:4 (OC 51:147v), Ef 1:11 (OC 51:151v); Fröhlich 1930:48-50). Die gemeenskap van die heiliges (*communio sanctorum*) is dus eerstens op God gerig en dan deur al die eeue op mekaar (Calvyn IV,i,19; Fröhlich 1930:41; Ganoczy 1968:142vv,355): "Diese Kirche der Erwählung ... in der sich Tote und Lebende zusammenschliessen, erstreckt sich durch alle Jahrhunderte" (Fröhlich 1930:50). Vir Calvyn is die kerk dus wesenlik die gemeenskap van die uitverkorenes in hulle gesamentlike gerigtheid op God en op mekaar soos wat hulle te voorskyn kom as die volk van God, die liggaam van Christus en as die werksplek van die Gees van God (Ganoczy 1968:356).

Christus se Hoofskap is geen eretitel nie, maar 'n tekenende uitdrukking van die omvattendheid van sy eiendomsreg oor sy kerk (Bohatec 1961:271). Die kerk se verkiesing vloei voort uit die verkiesing van Christus. In Hom is die uitverkorenes kerk, oftewel sy liggaam. In der waarheid is Christus die een en al van sy kerk: benewens Hoof ook hart en hand (Calvyn se eksegeese van Ef 1:4 (OC 51:147v); Richel 1942:15). Calvyn se kerkbegrip vind 'n mens nie in die statiese raamwerk van 'n struktuur nie, maar in die dinamika van 'n organisme wat uit sy onderskeie lede bestaan (Bohatec 1961:267).

Die uitverkiesing was vir Calvyn die uitgangspunt tot sy kerkbegrip omdat dit die konstitutiewe fondament vir die gemeenskap van die uitverkorenes is. Ganoczy toon aan hoedat Calvyn sy kerkbegrip reeds in die 1536-Institusie op "die unsichtbare Einheit der in Christus Erwählten" bou (1968:147), en hoedat hierdie gedagte op grond van die eenheid van die Ou- en Nuwe Testament met Christus as die gemeenskaplike middelpunt dwarsdeur Calvyn se gedagte-ontwikkeling steeds die absolute fondament van die kerk bly (1968:354vv).

Hoewel Calvyn nie 'n duidelike sistematiese onderskeid tussen onsigbare en sigbare kerk gemaak het nie, bring die fondament van sy kerkbeskouing, naamlik die uitverkiesing, die onsigbare kerk in die middelkol van die spektrum te staan (Dankbaar 1982:193v). Die wese van die kerk is die *numerus electorum*, oftewel die *populus electorum*: "das Volk derer, die in Christus erwählt sind" (Ganoczy 1968:355). Geen mens kan beoordeel wie tot die getal van die uitverkorenes behoort nie. Dit is die ware kerk, die onsigbare kerk, wat slegs deur God kenbaar is (Calvyn IV,i,7). God alleen kan tussen die *externia ecclesia* en die *vera ecclesia* onderskei (Bohatec 1961:285vv; Wendel 1963:297).

Dit beteken egter nie dat Calvyn die bestaan van twee kerke, die onsigbaar-

ware en die sigbare langs mekaar gehandhaaf het nie (Wendel 1963:297).

Hy het geen skematiese konsep oor die onsigbare- en sigbare kerk uitgewerk nie. Trouens, daar bestaan geen ware en suiwer onsigbare kerk *buite* of *naas* die sigbare kerk waarin Woord en sakramente reg bedien word nie.²⁾ Die verborge werk van die Heilige Gees deur die *viva vox evangelii*, waardeur die harte tot geloofsgehoorsaamheid geneig word, is nie vir ons uiterlik vasstelbaar nie, daarom is die onsigbare kerk slegs deur God van die sigbare kerk te onderskei. Die onsigbare kerk manifesteer hom in die sigbare kerk, waarin ook die kaf vermeng met die koring, aangetref word (Richel 1942:63-65; Balke 1973:157).³⁾ Die sekerheid oor die onsigbare kerk, is soos 'n mens se sekerheid oor jou uitverkiesing: slegs deur die geloof. Soos wat 'n mens seker maak van jou eie uitverkiesing slegs deur in die evangelie te glo, so maak 'n mens seker van die (onsigbare) kerk slegs deur aan die (sigbare) kerk te glo (Milner 1970:69).

Deur die sigbare kerk kom Christus se heerskappy tot uitdrukking (Hunter 1950:154v; Fröhlich 1930:51). In die laaste boek van die 1559-Institusie behandel Calvyn die leer van die kerk onder die tema: "*De externis mediis vel adminiculis, quibus Deus in Christi societatem nos invitat, et in ea retinet.*"⁴⁾ Hierin trek Calvyn die lyne van die onsigbare kerk telkens deur na die sigbare kerk toe. Die sigbare kerk word as't ware deur die onsigbare kerk beheer. Die onsigbare kerk word in die *ecclesia fidelium* manifesteer, die gestalte van die kerk wat God alleen ken en sien, teenoor Rome wat die eintlike kerk met die sigbare instituut identifiseer. Hoewel Calvyn, teenoor Rome, die wese van die kerk in die onsigbare faset daarvan soek, is die sigbare en die onsigbare fasette so aan mekaar verbonde dat hy die term "moeder van die gelowiges" (*mater fidelium*) vir beide gebruik (Richel 1942:64).⁵⁾ Dieselfde kerk as *numerus electorum* (wat slegs deur God geken word) is as sigbare instituut ook *mater fidelium* én *Corpus*

Christi én communicatio sanctorum (Hanekom 1964:152).

Hoewel Calvyn uitgaan van die uitverkorenes as die wesentlike kerk, en derhalwe die onsigbare kerk, verval hy in geen opsig in 'n spiritualistiese kerkbegrip nie. Vir hom moet die kerk noodwendig 'n sigbare, institusionele uiterlike hê (Ganoczy 1968:370), waarin Christus se heerskappy óók in die organisasie van die kerk sigbaar moet word (vgl. Fröhlich 1930:54). Maar die uiterlike gestalte van die kerk hang nie van juridiese of politiese vormlikhede af nie. Die sigbare eenheid behels trouens geen eenvormigheid nie. Daarom kon Calvyn, ondanks die feit dat die kerke toe nog nie in gereelde vergaderings (sinodes) byeengekom het nie, tog deur sy persoonlike bemoeienis ook geestelik gemeenskap met byvoorbeeld die vlugtelingkerke (Denis 1984:69-92) en die kerk in Engeland deur sy briewe aan Cranmer (Calvyn 1980: 130vv, 140vv, 147vv) onderhou. Die kerk is daar waar Christus werklik regeer, dit wil sê daar waar *in* Christus en *onder* sy heerskappy God se Woord en die mens se gelowige antwoord mekaar ontmoet. En daarvoor moet die Woord rég verkondig word en die dienste moet rég funksioneer (Ganoczy 1968:371-374).

Omdat die onsigbare kerk hom binne die grense van die sigbare kerk manifesteer, is daar buite die kerk geen saligheid moontlik nie: *extra ecclesiam nulla salus* (Calvyn IV,i,1-4: "*Unde sequitur, discessionem ab ecclesia, Dei et Christi abnegationem esse*"⁶) (IV,i,10); kyk Calvyn se eksegesië van Ef 1 (OC 51:145-160), Kol 1 (OC 52:77-98); vgl. Hunter 1950:153 en ook Richel 1942: 12 vv). Calvyn se beskouing van *extra ecclesiam nulla salus* is nie 'n relativering van sy *sola Scriptura*-opvatting, soos wat Ganoczy (1968: 357) beweer nie, omdat die kerk juis tot stand kom waar die verkondiging van God se Woord en die mens se gelowige antwoord daarop korreleer. Calvyn sien die kerk nie as *causa salutis* nie, maar as *causa instrumentalis*. God alleen beskik oor die mag om salig te maak: "*Fidem nobis Deus inspirat, sed Evangelii*

sui organo ... Sicuti etiam penes Deum sua residet potentia ad servandum, sed eam in Evangelii praedicatione ..."⁷⁾ (Calvyn IV,i,5).

As *Corpus Christi*⁸⁾ word die kerk deur die Woordverkondiging 'gekonstitueer', deurdat die heiliges daardeur aan God en aan mekaar gebind word en deurdat Christus sy heerskappy uitoefen (Calvyn IV,i,5; vgl. Weerda 1964:142vv). Die prediking staan sentraal in Calvyn se kerkbegrip, trouens die gemeente word in Christus gefundeer deur die prediking van die ware leer (Calvyn se eksegeese van Ef 2:20 (OC 51:174-176)). Dit beteken dat Christus sy kerk deur die prediking bou, dat Hy die geloof deur die prediking bewerk en dat Hy deur die prediking regeer (Vgl. ook Van't Spijker 1984:215): "*... quod ex Paulo citavimus tenendum est, ecclesiam non aliter aedificari quam externa praedicatione ...*"⁹⁾ (Calvyn IV,i,5).

Hierdie hoë premie kan Calvyn op die Woordverkondiging plaas, slegs omdat die Heilige Gees juis deur die Woordverkondiging in die harte van die uitverkorenes werk (IV,i,6;IV,xiv,17). Vir Calvyn is die werking van die Heilige Gees onlosmaaklik aan die Woord verbonde.¹⁰⁾ Die mening van die Heilige Gees is in die Woord geopenbaar. Derhalwe is die Woord die kriterium vir die werkinge van die Gees. Onthullinge buite die Woord om is subjektiewisties en onkontroleerbaar, dit kan selfs op die Gees van Satan teruggaan (Doumergue 1931:79; Balke 1973:98v; Milner 1970:190v).

Volgens Matteus 18:20 is die sigbare kerk vir Calvyn orals waar die *Woord* suiwer gesprek en gehoor word, en waar die *sakramente* volgens die instelling van Christus bedien word (Richel 1942:64; Milner 1970:106-110). Derhalwe is hierdie twee aspekte vir Calvyn sóos vir Luther en Melancton (vgl. Wendel 1963:298), die kenmerke van die ware kerk (*notae ecclesiae*) (IV, i,8-12; IV, x,xii,xix). Minstens een keer noem Calvyn ook die handhawing van die *tug* in konteks met genoemde twee kenmerke (IV,v,10),¹¹⁾

maar meermale konsentreer hy op die Woordverkondiging as die beheersende aspek van kerkwees (Richel 1942:22; kyk ook Calvyn IV,ii,5).

Deur die Woordverkondiging en die daarmee gepaardgaande geesteswerkinge word die reg en die orde in die kerk bepaal en bedien (vgl. Kampschulte 1972:396vv; Kuyper 1883:32). Christus, as die eintlike Subjek van die Woordverkondiging, is derhalwe die eintlike Subjek van én die reg én die orde in sy kerk.

Die kerk, onder heerskappy van Jesus Christus, is as gemeenskap van die reg wat God in Christus geopenbaar het tegelyk ook draer van die nuwe orde in Christus (Richel 1942:77; Fröhlich 1930:12). Die kerk is ook méér : vanweë die korrelerende werking van die Heilige Gees en die Woord in die harte van die gelowiges, is die kerk self (die gelowiges) die nuwe en ware orde (*verus ordo*) (Spoelstra 1978b:27v), en aankondiger van die reg van God in die wêreld. Die kerk is die geskiedenis van die herstel van orde in die wêreld, die sfeer waarin die herskeppende aktiwiteit van die Gees werk: "The church is not so much an institution in history in which the restoration of order has been accomplished, as it is itself the history of that restoration" (Milner 1970:47). Die kerk is as't ware vir Calvyn die organiese wyse waarop God die geskiedenis herskrywe om dit uit die mag van Satan te ontruk. Onreg word reg en wanorde word tot orde herskryf deur die hand van God.

Vir Calvyn is daar een historiese gebeurtenis waaruit God die herstelde orde konstrueer, naamlik die opstanding van Christus: dáár begin Christus se direkte heerskappy oor sy kerk, dáár is die verbinding tussen Christus as Hoof en die kerk as sy liggaam gesmee, dáár lê die fondament vir die uitstorting van die Heilige Gees, waardeur God 'n nuwe orde daarstel (Milner 1970:84v).

Die nuwe orde wat deur die verlossing in Christus (soos voltrek in sy opstanding) tot stand kom, moet uiteraard ook in die kerk se uiterlike orde tot uitdrukking kom (vgl. Osterhaven 1978:23-44). Calvyn kan beskou word as die grondlegger van 'n nuwe orde wat deur God se Woord bepaal word (Kampschulte 1972:385vv, 396vv). "Wherever the *ordinatio* and *spiritus Dei* are correlated, there is order; where the Spirit works apart from the *ordinatio Dei*, there is the extraordinary" (Milner 1970:44) ... "When the work of the Spirit is correlated with those manifestations of the Word, order - above all the order which describes the church - appears. Thus church (order) can only be understood dialectically, as referring simultaneously to the Word and the Spirit" (Milner 1970:4). Die siening dat Calvyn se kerkreg- en kerkordebegrip veel eerder pneumaties as juridies bepaald is, word ook deur Bohatec gehuldig: "Es ist das Recht Christi, das sich auf den ganzen Kirchenkörper und jeden einzelnen erstreckt, und, da Christus durch seinen Geist und sein Wort wirkt, als *Wortrecht* und *Geistesrecht* bezeichnet werden kann. Weil es in Christus und seinem Wort verwurzelt, so sind alle von ihm geregelten kirchlichen Ordnungen pneumatisch. Darum ist die Kirchen Verfassung pneumatisch... Das Ordnungsrecht der Kirche ist daher kein weltliches Recht, keine juristisch Zwingende Gemeinschaftsordnung, sondern ein pneumatisches Ordnungsrecht ... kurz die Regel des Organisch-pneumatischen Wollens in der Kirche ..." (1961:570v).

Die heerskappy van Christus word as die koninkryk van die hemele geestelik in die kerk verwesenlik (Calvyn IV,i,9;ii,4), as die vrug van die Heilige Gees (Calvyn IV,i,6). Hieruit blyk dat dit nie toevallig is dat Calvyn wat as die teoloog van die Heilige Gees beskryf is, as teoloog van die orde¹²⁾ gëevalueer kan word nie (vgl. Calvyn se eksegese van 1 Kor 12:18 (OC 49:503); Calvyn IV,iii,10; IV,xi, 1; IV,iii,1; IV,iv,1; vgl. ook Kampschulte 1972:385vv; Fröhlich 1930:40). Inderdaad: "Calvins Gott ist

ein Gott der Ordnung" (Fröhlich 1930:52).

Calvyn se visie op die kerk as ware (herstelde) orde grond hy op die heerskappy van Jesus Christus. Hierdie heerskappy (koningskap) is die hart van die koninkryk van God. Dit kan nie anders nie: die koninkryk van God val vir Calvyn saam met die ware kerk (*numerus electorum*) (Bohatec 1961:271; Milner 1970:164vv). Sowel die wese van die koninkryk as die wese van die kerk is geestelik, onsigbaar en nie uitwendig nie. Die koninkryk word op elke lewensgebied aangetref waar Christus as koning erken en volgens sy ordinansies geleef word (Richel 1942:74v).

As Koning van sy ryk herstel Christus die ganse kosmos. Hy doen dit deur die daarstelling van 'n nuwe orde, naamlik die kerk. Buite die ryk van God - en die kerk, as die nuwe orde - verkeer die hele skepping in chaotiese verwarring. Dit is duidelik dat die ryk van God - én die kerk - diametraal teenoor die ryk van Satan staan (Fröhlich 1930:19vv). "Wo man das Königreich Christi und das Priestertum Christi ins Auge fasst, dort ist ganz gewiss die Kirche: Wo aber Christus nicht als König und Priester anerkannt wird, dort ist nichts anderes als das Chaos" (Fröhlich 1930:52v). Calvyn se teologie met betrekking tot die verhouding tussen kerk en koninkryk kom hierop neer: "Wo Christus regiert, wird alles von Grund auf restituiert" (Fröhlich 1930:46). Die ganse koninkryk is Christus se regeringsdomein: Dáár word sy koningskap sigbaar. Die kerk as herstelde orde is én die vrug én die sigbaarmaking van die koninkryk.

En tog is die kerk vir Calvyn nie gelyk aan die koninkryk nie. Binne die grense van die koninkryk onderskei hy duidelik tussen 'n 'geestelike regering' (die kerk) en 'n 'burgerlike regering'. Die 'geestelike regering' het betrekking op die lewe van die siel, terwyl die burgerlike regering betrekking het op die tydelike, die terrein wat tot die teenswoordige lewe behoort

(Calvyn III,xix,15). In hierdie gedagtegang van Calvyn volg boek IV, hoofstuk xx, eintlik logies op boek III, hoofstuk xix. In eersgenoemde gedeelte stel hy dit onomwonde dat die ganse burgerlike regering nie 'n "onreine saak" is wat die Christene nie aangaan nie (derhalwe nie deel van die ryk van Satan nie). Trouens daar moet tussen twee "soorte" van God se regering onderskei word: die geestelike regering en die burgerlike regering (Calvyn IV,xx,2). Hierdie gedagtegang van Calvyn kom merkwaardig ooreen met Luther se geestelike en wêreldlike ryk, innerlike en uiterlike regiment (kyk 2.3.3).

Omdat die kerk as herstelde orde die koninkryk aankondig en sigbaar maak, en die roeping het om dit uit te bou, is die orde wat God vir sy kerk gebied het vir Calvyn wesensnoodsaaklik (Kampschulte 1972:397) – teenoor Luther wat die kerklike organisasie nie as van wesenlike belang beskou het nie (Heussi 1960:317; kyk 2.3.4 en 2.3.5). In sy kommentaar op 1 Korintiërs 11:2 (OC 49:473) stel Calvyn egter tóg: "Want ons weet dat dit elke gemeente ('*unicuique ecclesiae*') vry staan om 'n wyse van regering ('*politiae formam*') in te stel wat vir hom geskik en nuttig is: want die Here het dien-aangaande niks sekere/vasstaande gebied nie" ("...*quia Dominus nihil certi praescripserit*"). Teenoor: "... die orde en die gestalte van die regerings-inrigting ('*politiae formam*') wat Hyself voorgeskryf het" (Calvyn IV,vi,9). En: "... dat ek slegs die menslike insettinge ('*humanas constitutiones*') goedkeur, wat op God se gesag gegrond is en uit die Skrif geneem is en dus geheel en al goddelik is" ("... *adeoque prorsus divinae sint*".) (Calvyn IV,x,30).

Tog is hier, uit die konteks van die drie uitsprake af te lei, geen teenstrydigheid in Calvyn se opvatting ten opsigte van kerkregering en kerkorde nie. In die eerste uitspraak verwys 'die regeringswyse wat deur elke

gemeente self bepaal kan word 'na die uiterlike reëlins', oftewel die *circumstantia* teenoor die *essentialia*. Dit gaan hier (1 Kor 11:2) om insettinge, oorleweringe in die sin van tradisies (παραδόσεις) wat deur Paulus as deel van die *politiae formam* aan die betrokke gemeente oorgelewer is. Hierdie aspek van die *politiae formam* is betreklik en derhalwe aanpasbaar, teenoor die aspek van die *politiae formam* (in die tweede uitspraak) 'wat God self voorgeskryf het' (Calvyn OC 49:473; IV,vi,9). Die beginsels (*essentialia*) van die kerkregering wat God direk (en afleibaar) in sy Woord voorgeskryf het, is onveranderbaar geldend vir elke gemeente. Daarsonder sou die kerke "van hulle senuwees beroof word en heeltemal misvorm en verstrooi word" (Calvyn IV,x,27). Hierdie wesenlike aspek van die kerkregering is "die orde waardeur die Here wil dat sy kerk regeer word" (Calvyn IV,iii,1). Die derde uitspraak wat hierbo gesiteer is, wys weer op die eerste. Die "menslike insettinge" (Calvyn IV,x,30), oftewel die "*politiae formam*" (Calvyn OC 49:473), wat elke gemeente na die eis van sy eie omstandighede mag instel met betrekking tot die sake waaroor daar nie definitiewe Skrifvoorskrifte bestaan nie, is nogtans aan die Skrif gebonde: hierdie "insettinge" moet met die "*generales regulas*" (algemene reëls) wat God vir die orde en die betaamlikheid ("*ad ordinem et decorum*") gegee het, ooreenstem. Sodanige "*humanas constitutiones*" is dan ook in der waarheid "*prorsus divinae*" (Calvyn IV,x,30). Maar indien sulke "insettinge" nie op God se Woord gegrond is nie, word die kerkregering menseregering pleks van Christusregering. Hierdie "insettinge" noem Calvyn volgens 1 Korintiërs 14:40 die godsalige wette van die gemeente ("...*pias ecclesiae leges* ..."), omdat dit in die algemene gebod ("*generali mandato*") gefundeer is (verwysend na die opdrag tot orde in 1 Kor 14:40 -CJS). Daarom is hierdie "insettinge" volkome geldig, ja, asof dit uit die mond van Christus self kom ("*quasi ex ore Christi ipsius.*") (Calvyn OC 49:536).

Calvyn maak dus 'n duidelike onderskeid tussen "oorleweringe" en "insettinge" op grond van plek en tydsomstandighede, teenoor dié bepalinge vir die kerkregering wat direk of afleibaar in God se Woord gegee is as 'n "vasgestelde vorm" van kerkregering (IV,x,27 en 30). Ook dié aspekte van kerkregering wat nie spesifiek in die Woord omskryf word nie, is derhalwe vasstaande "in soverre dit 'n deel is van die betaamlikheid ('*decorum*') ... wat ons deur die apostel aangeprys word" (IV,x,30). Só hoog slaan Calvyn die kerkregering aan wat op die Woord gegrond is (vgl. Kampschulte 1972:385vv), dat hy verklaar: "dat die heiliges deur geen ander band onderling verbonde is as wanneer hulle, terwyl hulle eendragtig leer en vordering maak, die orde van die kerk onderhou wat deur God voorgeskryf is" (IV,i,5). Trouens, die sigbare kerk word op geen ander wyse gebou nie as deur die prediking en word deur geen ander band gebind as deur die skriftuurlike kerkregering nie. Dáárdeur regeer Christus sy kerk.

Vir die kerkorganisasie maak Calvyn veral van sy eksegetiese arbeid oor 1 Korintiërs en Efesiërs gebruik. In hoofsaak is die basis van sy *Ordonnances Ecclésiastiques* van 1541 wat in 1561 gefinaliseer is daarin geleë. Calvyn se kerkorde het 'n nuwe gees van orde en geestelike opbou in Genève geskep, juis vanweë die bevestiging van die Woord- en sakramentsbediening daardeur (Kampschulte 1972:396vv). Die organisasie van die kerkinstituut is vir Calvyn veel meer as enige ander menslike organisasie, dit is vir hom *ius divinum* (Fröhlich 1930:54; Kampschulte 1972:397). Deur die opdrag van die Here tot Woordverkondiging kom die kerkinstituut tot stand: "in der sich die *gegenwart Gottes* verkörpert. Das Institut ... ist Träger der Präsenz Gottes" (Fröhlich 1930:57; vgl. Kampschulte 1972:396vv). Daarom is Calvyn se kerkinstituut nie 'n vergadering-gestruktureerde en 'n sinodaal-georkestreerde begrip nie, maar 'n begrip wat eenvoudig rondom die *ministerium* (dienswerk) uitkristalliseer. Sy *Ordonnances Ecclésiastiques* begin in die

eerste plek met die dienste: *pasteurs, docteurs, anciens* en *diacres* (vgl. Smidt 1972:101vv).

Die plaaslike kerk bestaan rondom die dienste. Die plaaslike kerk gaan nie in die algemene kerk op nie, maar is 'n uitdrukking van die algemene kerk ter plaatse. Die dienste kom uit die plaaslike kerk en is daaraan gebonde. Die plaaslike kerk is komplette kerk, dit wil sê liggaam van Christus (Calvyn IV,i,9).

Calvyn het nie van die onderskeie plaaslike kerke een instituut gemaak wat met institutêre gesag die hoofskap van Christus verdring het nie (Weerda 1964:151). Die kerk is vir Calvyn die openbaring van die liggaam van Christus op 'n bepaalde plek met as middelpunt die bediening van die Woord en die sakramente. Alle lede van die liggaam van Christus het as profeet, koning en priester deel aan Hom en sy weldade (Richel 1942:198v). Calvyn se kerkbegrip stel hom nie oop vir die vraag waar die oorwig lê, naamlik òf by die dienste òf by die gemeente nie. Die kerk is 'n monargie met Jesus Christus as Koning (kyk Calvyn se eksegeese van Hd 13:2 (OC 48:279-281)). Christus bedien sy gesag deur sy Woord en Gees direk aan elke lidmaat, en by wyse van toespitsing deur middel van sy dienaars (Richel 1942:202).

Merkwaardig dat Calvyn hom só beywer vir kerklike eenheid, verskeurdheid só betreur (Fröhlich 1930:68v) en tog nêrens *een kerkverband* bepleit nie (Hanekom 1964:151,154). Dit kom daarby dat hy kerkverband nooit institutionaliseer nie. Vir hom is die antwoord van één kerk nie 'n institutêre antwoord nie, maar 'n geloofsantwoord: dit gaan om één leer, één belydenis, één geloof. Nooit word die kerk in Calvyn se teologie 'n korporatiewe strukturele grootheid in die genootskaplike betekenis nie, dit bly steeds 'n organiese, plaaslik georganiseerde geloofsgemeenskap: een van " *de externis*

mediis vel adminiculis ..." tot "... *Christi societatem ...*"¹³⁾ (Op-skrif van Calvyn IV; vgl. Hanekom 1964:152).

In geheel genome, uit watter hoek ook al besien, is dit duidelik dat Calvyn se kerkbegrip beheers word deur die grondbeginsel: Jesus Christus is die volstrekte Hoof van die kerk. Maar Calvyn se visie op die goddelike heerskappy oor die kerk is drie-enig. Hy dink én christologies én teokraties én pneumaties oor die kerkregering. Vir hom is die bepaler en bedienaar van die reg en die orde in die kerk onbetwisbaar die drie-enige God.

2.7.3 *Gesagsbegrip*

Calvyn se gesagsbegrip moet eweneens vanuit sy allesbeheersende visie op God as die soewereine Gesagvoerder oor sy kerk, en nader bepaal op Christus as Hoof van die kerk verstaan word. Hy alleen het die mag om oor die kerk te regeer (Calvyn se eksegeese van Kol 1:18 (OC 52:86v). In Calvyn se eksegeese van Handeling 13:1-3 lê die sentreerpunt van sy gesagsbegrip. Daar wys hy alle menslike seggenskap af: "Want niks is meer die eie werk van God nie as dat Hy met sy mag ('... *quam ut potestate ...*') en gesag ('... *sua et impero ...*') sy kerk regeer ... En verseker moet ons bely dat die liggaam van die kerk vermink en sonder hoof sou wees as ons nie erken nie dat dit God is wat sy kerk volgens sy wil regeer, leraars oor die kerk aanstel, en die kerk se uitbreiding en ordening ('*ordinem*') reël ('*moderatur*')" (OC 48:281, vgl. ook Calvyn se eksegeese van Ef 1:22,23 (OC 51:159v), en Ef 5:23 (OC 51:222)). Sy skriftuurlike aversie teen menslike gesagsvorming in die kerk kom sprekend tot uitdrukking in sy eksegeese van Efesiërs 4:15: "Wat 'n lelike bult/boggel ("*gibbus*") is die pousdom derhalwe, waardeur die hele eweredigheid van die gemeente geskend word, terwyl één mens hom teen die Hoof stel ... " (Calvyn OC 51:202).

God bedien sy gesag én sy heerskappy oor die kerk by wyse van sy Woord en sy Gees (Calvyn IV,iii,1; kyk ook Ganoczy 1968:291vv). Daar kan geen kerklike mag buite-om die Woord bestaan nie (Calvyn IV,viii,1 en 4). Die kerklike gesag is nie staties nie: dit setel nie in die persoon, of in die diens, of in die kerklike vergadering nie. Die kerklike gesag is dinamies: dit setel in die lewende Woord. Die dienaars spreek slegs gesagvol as die Woord in hulle woorde aan die woord kom (Ganoczy 1968:291v). Dit beteken nie dat Calvyn uit oorreaksie teen Rome die tradisie-erfenis van die kerk geheel en al verwerp nie. Die tradisie het egter nie *as tradisie* gesag nie, maar wel indien dit 'n getroue historiese weerklank van die Skrif is. Die tradisie kan slegs gesagvol spreek as Christus se stem daarin gehoor kan word (Calvyn IV,ix,1 en 8).

Christus oefen sy gesag deur sy Woord en Gees direk in die hart van elke gelowige uit. Juis dit is die betekenis van die koninklike priesterdom van die gelowige. Waar die Woord *gehoor* word, dit wil sê waar die werkinge van die Gees met die Woord korreleer, ontstaan geloof; dáár kom die nuwe (ware) orde tot stand (die kerk), waar onder sy gesag gebuig word (Milner 1970:4; Ganoczy 1968:195-206). Uiteraard moet elke gelowige toegang tot die Woord hê op welke wyse hy direk onder die gesag van Christus te staan kom. Elke gelowige is ook geroep om dié gesag te bedien (Calvyn IV,i,3; IV,xii,2 en 7; vgl. Calvyn se eksegeese van Ef 1:22v (OC 51:159v) en Ef 4:6 (OC 51:192)).

Tog het Christus spesifieke dienste ingestel waarvoor hy spesifieke mense toerus en deur die gemeente laat aanwys. Die roeping van alle gelowiges om sy gesag te bedien, word op die wyse besonderlik op die aangewese dienaars toegespits. Die dienaars ontvang nie 'n ander gesag nie. Ook hulle is bedienaars van een en dieselfde gesag. Die gesag setel nie in die diens of in die persoon nie, maar dit setel onoordraagbaar in die Woord

van God van waaruit dit aan alle mense bedien moet word. Deur die besondere diens van sy geroepe dienaars wil God die geloof van sy kinders (wat tot dieselfde diens in 'n algemene sin geroep is) steeds versterk en hulle sondes bestraf (Calvyn IV,viii,2,4,8).¹⁴⁾ Calvyn stel hom dus lynreg teenoor Rome wat die dienaars met gesag bekleed, sodat die dienaar namens (in die plek van) Christus kan spreek. Hy spreek hom skerp uit teen enige menslike wette, reglemente en voorskrifte wat onafhanklik van die Woord kerklike gehoorsaamheid wil afdwing (Calvyn IV,x,6,8,17,30). In Calvyn se gesagsbegrip gaan dit uitdruklik nie om *mag* ("*potestas*") wat aan mense gegee word nie, maar om die *bediening* ("*ministerium*") van Christus se mag (Calvyn IV,xi,1: "... *nec tam potestatem esse quam ministerium ...*")¹⁵⁾.

Ook die kerklike vergaderinge het geen eie gesag nie, maar is 'n bediening van Christus se gesag. Calvyn stel dat Christus in der waarheid die voorsitter van die vergadering moet wees, en dit is Hy eers dan wanneer die vergadering in al sy besluite ooreenkomstig die Woord deur die Gees gelei word (Calvyn IV,ix,1).

Binne hierdie raamwerk van volstreekte afhanklikheid van die Woord moet Calvyn se siening oor die mag van die kerk verstaan word, naamlik die mag om te leer, om te regeer, en om wette te maak (Calvyn IV,viii,1: "*De spirituali tantum potestate loquor, quae propria est ecclesiae. Ea autem consistit vel in doctrina, vel in iurisdictione vel in legibus ferendis*").¹⁶⁾

Die mag om te leer is die bevoegdheid om dogma te vorm. Dit doen die kerke gesamentlik op sinodes. Die gesag van die sinode word uitsluitlik daardeur bepaal of die leerstelling wat neergelê of uitgelê word met die Woord van God ooreenstem (Calvyn IV,viii,1,2,4,5,8; Bohatec 1961: 516-563. Sinodes, trouens geen kerklike vergadering het enige gesag buite-om die Woord nie (Calvyn IV,ix,9). Die belydenisskrifte wat deur die si-

node daargestel en toegepas word, is dus slegs 'n *na-sê*, *dieselfde-sê* (*homologein*), as wat God se Woord ons leer.

Die mag om te regeer, of om reg te spreek, is niks anders as die opdrag wat Christus self in sy Woord aan sy kerk gee nie (Calvyn se eksegeese van Mt 16:19;18:18 (OC 45:474-477 en 515v)). Die regeermag, óók as sleutelmag, is nie soseer 'n mag nie as 'n bediening: " ... *nec tam potestatem esse quam ministerium* ..."¹⁷⁾ (Calvyn IV,x,1). Die kerklike regspraak is geheel en al van 'n ander aard as die burgerlike (Calvyn IV,xii,1-6). Dit is 'n geestelike regeringsmag waarin Christus sy besondere dienaars gebruik om sy heerskappy in die gemeente te bedien.

Die mag om wette te maak dui weer eens nie op selfstandige gesag nie. In hierdie ondersoek is reeds daarop gewys dat die 'wette' wat die kerk mag maak, uit die Woord van God moet wees; dit mag nie bloot menslike insettinge wees wat op menslike goëddunke berus nie (kyk 2.7.2), maar: " ...*quae et Dei auctoritate fundatae, et ex Scriptura desumptae, adeoque prorsus divinae sint*"¹⁸⁾ (Calvyn IV,x,30; vgl. ook IV,vi,9). Die toestemming tot die fundering én die begrensing van 'die mag van wette te maak' is saamgetrek in 1 Korintiërs 14:40. Op sterkte van hierdie Skrifuitspraak dat "alles welvoeglik en ordelik (moet - *CJS*) toegaan" móét die kerk ordereëlins vir sy ordelike voortbestaan tref. Hierdie ordereëlins moet in ooreenstemming met die Woord wees, asof dit "uit die mond van Christus self" kom (Calvyn se eksegeese van 1 Kor 14:40 (OC 49:536)).

Daarom kan Calvyn, in sy aandrang op 'n kerkregering waarin slegs die gesag van Christus bedien word, praat van "die orde en die gestalte van die regeringsinrigting, wat Hyself voorgeskryf het" (IV,vi,9). Hy praat selfs van: " ... *de ordine ... quo ecclesiam suam gubernari voluit Dominus*"¹⁹⁾ (IV,iii,1). Vir Calvyn lê die grondfout van alle kerklike dwalinge opge-

sluit in 'n lewenswyse waarin die kerk oor die Gees beskik. Vir hom is die kerkorde in werklikheid niks anders nie as 'n korreksie op hierdie grondfout (vgl. Noordmans 1980:390).

Uit Calvyn se gesagsbegrip blyk dat God nie in die minste afstand van sy gesag doen nie. Die dienaar wat sy gesag bedien, is slegs 'n werktuig in sy hand. En 'n werktuig kan niks anders doen nie as om hom te onderwerp aan wie hom hanteer (Goumaz 1964:16). Daar is dus geen sprake van 'n horisontale gesagsverdeling, waarvolgens die gesag in die kerk aan indiwiduele mense of vergaderinge oorgedra word nie (Hanekom 1964:151). God is self die bepaler en die bedienaar van die gesag in sy kerk, "want niks is méér die eie werk van God as dat Hyself sy kerk met sy mag en gesag regeer nie" (Calvyn se eksegeese van Hd 13:2 (OC 48:281)).

2.7.4 *Diensbegrip*

"Toen Calvyn op het bord de pion van den ouderling trok, zette hij daarmee den paus schaakmat" (O Noordmans, aangehaal deur Goumaz 1964:5). Daarom kan Calvyn ook as die vader van die presbiteriale kerkregeringstelsel beskou word (kyk sy eksegeese van 1 Kor 12:28 (OC 49:506v)).

Calvyn (IV,iii,4) neem sy uitgangspunt in Efesiërs 4:11 (OC 51:196-198). Hiervolgens word die regering van die kerk, ooreenkomstig Christus se instelling, aan apostels, profete, evangeliste, herders en leraars opgedra. Van hierdie dienste was die apostels die grondleggers. Die profete was die uitleggers van God se wil (óók deur besondere openbaringe) en dus die amptelike Woordverkondigers. Die evangeliste het as helpers van die apostels opgetree. Die apostels, profete en evangeliste was buitengewone dienste wat eenmalig gefunksioneer het in die grondliggende byeenroeping van die kerk. Die gewone dienste, wat as die blywende diens-te sou voortduur, is die van herders en leraars en diakens (Richel 1942:

208vv; Ganoczy 1968:249vv). Tussen herders en leraars maak Calvyn 'n duidelike onderskeid in sy eksegeese van Efesiërs 4:11 (OC 51:196-198). Hy beskou die herders as ouderlinge en die leraars as predikante, waaronder ook 'n bykomende soort leraar wat verantwoordelik is om die opleiding van die leraars te behartig. Hoewel die diakens prinsipieel één diens verrig, onderskei Calvyn (IV,iii,9) in die funksionering daarvan tussen die wat die liefdegawes beheer en die wat die armes versorg (kyk ook Bavinck 1967:315-329).

In sy *Ordonnances Ecclésiastiques*²⁰⁾ handhaaf Calvyn vier dienste wat hy noem as die wat "ons Here vir die leiding van sy kerk ingestel het, naamlik die herders (*les Pasteurs*), dan die doktore (van die Heilige Skrif), vervolgens die ouderlinge en ten vierde die diakens" (Pont 1981:23). Maar, soos reeds aangetoon, noem hy in sy Institusie drie dienste (Calvyn IV,iv,1), wat op die keper beskou terug herlei kan word na twee, naamlik die van ouderlinge (leer en regeerouderlinge) en diakens (Calvyn IV,iii,8; kyk ook Van Itterzon 1974:87, en Bronkhorst 1947:182). (Hier kom Calvyn weer eens met Luther ooreen (kyk 2.3.5)). Dit kom daarby dat daar vir Calvyn prinsipieel twee dienste is, die van ouderling en die van diaken, maar wat funksioneel in vier te onderskei is (die mindere differensiëring van die diakendiens in diakens wat die liefdegawes beheer en die wat die armes en siekes versorg, word hier buite rekening gelaat): die *pastores*, wat ook funksioneer as *doctores*, die *seniores* en die *diacones* (Pont 1981:23; vgl. Calvyn IV,iv,1 waar die *seniores* nie soos in die *Ordonnances Ecclésiastiques* (dàár *anciens*) aangedui word nie, maar klaarblyklik onder die "*reliqua pars*" ("oorblywende deel") verstaan moet word).

Prakties onderskei Calvyn tussen vier dienste, maar hiertussen handhaaf hy 'n fundamentele eenheid. Al vier die dienste is één, daarin dat dit niks anders is nie as bediening van Jesus Christus (Goumaz 1964:15). Op die spore van Bucer erken Calvyn één grondliggende oorspronklike diensop-

drag vir die kerk waarvan die toespitsing prakties in vier gestaltes verwirklik word (Ganoczy 1968:274v). Smidt (1972:103) verwoord dit so:

"Keines der Ämter darf emanzipiert oder singularisiert werd. Sie haben nur den Sinn, Christus und seine Herrschaft zu verkündigen und zu verwirklichen". Die een diens heers nie oor die ander nie, maar is geheel en al gelyk.

God deel sy Woord en sy Gees ook deur die dienste mee. Daarom moet die roeping tot die dienste van Godswêë deur middel van die gemeente kom (Richel 1942:199; Milner 1970:142).²¹⁾ En daarom is die dienste aan die plaaslike kerk gebonde (Doumergue 1917:109v; Goumaz 1964:21). Sonder die roeping durf niemand die heilige dienswerk opneem nie. *Roeping* is vir Calvin die sleutelwoord tot die dienste (Balke 1973:162v; Goumaz 1964:40v; Fröhlich 1930:8vv). Die roeping word beseël met die beroeping. Die beroeping behels eerstens gebed en verkiesing en tweedens eksaminering. *Gebed* omdat die roeping van die Here kom en *eksaminering* om te toets of dit van Hom gekom het (Calvyn se eksegeese van 1 Kor 14:32 (OC 49:531); kyk ook *Ordonnances Ecclésiastiques* art 4-9 in Pont 1981:23v).

Calvyn se diensbeskouing rus op twee pilare: én die nederigheid van die dienskneg in sy volkome onderworpenheid aan die Here én die mag van die diens waar die dienskneg niks minder as bedienaar van God se gesag is nie (Goumaz 1964:9). In alles is God die handelende Persoon. Die diensknegte is nooit 'in beheer' nie, maar hulle bly eenvoudig werktuie in God se hand, van wie verlang word om getrou te wees aan hulle Opdraggewer (Calvyn se eksegeese van 1 Kor 4:2 (OC 49:362v)). Hulle is nie tot diens geroep om oor die kerk te heers nie, maar hulle is *primus inter pares* onder die heerskappy van Christus. Uit hulleself het die dienaars niks mee te deel nie, maar uit die Woord van God verklaar hulle die geheim van die ewige lewe aan h gevalle en gedoemde mensheid.

As dienskneg van God is die bedienaar terselfdertyd ook dienskneg van die kerk (Milner 1970:136).²²⁾ Die hoogste eer moet vir die dienskneg daarin lê dat hy hom geheel en al aan die volk van God moet wy (2 Kor 4:5 (Calvyn OC 50:52)), op so 'n wyse dat dit duidelik aan die lig kom dat Christus nie in die skadu van 'n enkele konkurrent staan nie. Die feit dat God gewone mense gebruik om sy Woord te verkondig, behoort ons met ootmoed te vervul - en juis dit behoort ook die broederliefde ("*charité fraternelle*") te bevorder (Doumergue 1917:97). Die hoogste waardigheid in die kerk is nie 'n *imperium* nie, maar die *ministerium*. Die herder is slegs 'n tolk (1 Kor 3:7 (Calvyn OC 49:350v)); die Woord wat hy verkondig is alles. Hieruit blyk dat Rieker (1899:141v) gelyk het daarin dat die dienaars vir Calvyn nie verteenwoordigers van die gemeente, in die sin van uitvoerders van die gemeentewil, is nie. Die dienaars lewer nie diens in opdrag van die gemeente nie, maar in opdrag van God, deur - en aan die gemeente (Calvyn IV,iii,13).

Terugskouend kan gestel word dat Calvyn die dienste nooit 'ver-ding-lik' het nie. Hy verselfstandig die dienste nooit tot *amp*te in die sin van status en posisie nie. Calvyn se diensbegrip is verder ook nie demokraties nie, en ook nie outoritêr nie. Demokraties is dit nie, omdat die gesag nie in die lede van die kerk lê deur wie die dienaars aangewys word nie. Outoritêr is die dienste ook nie, omdat hulle nie hulle eie gesag bedien nie, maar dié van Christus. Die gesag van Christus lê onoordraagbaar in die Woord. Dusdoende staan die dienaars steeds onder die kontrole en die tug van die Woord (Calvyn se eksegeese van Hd 13:2 (OC 48:279-281); kyk ook Richel 1942:202). Die swaarste verantwoordelikheid van die dienaars, maar ook hulle hoogste eer, lê in hulle benaming. Hulle diensknegsgewaad is hulle las, en tóg hulle glorie. Hulle stel die Bepaler en Bedienaar van die reg en die orde in die kerk aan die woord.

2.7.5 *Samevatting*

Vir Calvyn is die kerk nie 'n verselfstandige struktuur waaraan mense 'behoort' nie. Die gelowiges wat ordelik deur die Woordverkondiging onder leiding van die dienste saamgebind word, is die kerk. Die uitgangspunt in Calvyn se denke oor die kerk is die Hoofskap van Jesus Christus. In Hom realiseer die uitverkiesende genade van God en in Hom trek die uitverkorenes as sy liggaam saam. Saam met die uitverkorenes is daar egter ook nog hipokriete teenwoordig. Daarom is die kerk wat vir die menslike oog sigbaar is, en die kerk wat deur God as kerk geken word, nie identies nie. Die onsigbare (ware) kerk manifesteer hom in die sigbare (uitwendige) kerk. Deur die sigbare kerk kom Jesus Christus se heerskappy tot uitdrukking.

Die kerk word deur die Woordverkondiging 'gekonstitueer'. Christus regeer deur die Woordverkondiging, én bepaal én bedien derhalwe daardeur die reg en die orde in sy kerk. Hy doen dit deur die Heilige Gees wat juis deur die Woordverkondiging in die harte van die gelowiges werk. Sodoende is die kerk die herstel van die orde in die wêreld. Die nuwe orde wat deur die verlossing in Christus tot stand kom, moet ook in die kerk se uiterlike orde tot uitdrukking kom. Op dié wyse word Christus se koningskap deur die kerkregering vergestalt. Juis daarom mag daar geen gewetensbindende 'wette', wat op menslike goëddunke berus, in die kerk ingevoer word nie. Die kerk is geen demokrasie nie, maar 'n monargie met Jesus Christus as Koning. Derhalwe kan daar geen kerklike mag of gesag buite-om God se Woord bestaan nie: die kerklike gesag setel nie in die persoon, of in die diens, of in die vergadering nie; dit setel in die lewende Woord. Die dienaars spreek slegs gesagvol as hulle die Woord aan die woord stel.

Die kerk se bevoegdheid *om te leer, om te regeer en om wette te maak* setel

eweneens in die Woord: ook hierdie 'mag' is niks anders as *ministerium* nie.

Die besondere diensknegte wat deur God tot die dienste geroep word, word nooit as heersers oor die gemeente gestel nie. Deur al hulle arbeid moet Jesus Christus, die lewende Verlosser en Koning van sy kerk ware gestalte aanneem. Vir Calvyn gaan dit ten diepste hoe om God reg te vereer en reg te dien. Sy antwoord vind hy in gehoorsaamheid aan Christus se heerskappy - deur volkome onder sy Woord te buig. So word die Woord en die werkinge van die Heilige Gees (deur die Woord) die basis van Calvyn se kerkbegrip, gesagsbegrip en diensbegrip.

Alle lyne in Calvyn se kerkbegrip, gesagsbegrip en diensbegrip kan slegs na een sentrale punt herlei word: Góð as die Bepaler en Bedienaar van die reg en die orde in die kerk, Hy alléén.

2.8 BEVINDING: DIE BEPALER EN BEDIENAAR VAN DIE REG EN DIE
ORDE VIR DIE KERK AS DAARSTELLER VAN
'n KERKREGERING

2.8.1 *Die kerklike monarg*

Die Roomse beskouing oor die bepaler en bedienaar van die reg en die orde in die kerk is uit 'n komplekse stelsel van teologiese gedagtekonstruksies af te lei. Uit die ondersoek het dit duidelik geword dat die ganse kerkbegrip en gesagsbegrip soos dit in 'n imposante gedagtesisteen tot dogma verwerk is, deur die Roomse 'amps'-begrip bepaal word. Die Roomse siening van die diens as amp, soos afgelei uit die pouslike amp, is dominant. Die Roomse ampsbegrip is die vertrekpunt van waaruit die Roomse kerkregering in al sy geledinge verstaan moet word.

Vanweë die oorheersende posisie van die pous as die direkte verteenwoordiger van Christus op aarde is hy die hoogste gesagsdraer, wetgewer, regter en bedienaar van die 'godelike reg' in die kerk. Die pouslike amp is 'n onbetwiste monargale amp van waar al die leiding, diskresie en beslissing, as die soewereine outoriteit, in die Roomse Kerk uitgaan.

As kerklike monarg is die pous die uitsluitlike bepaler en bedienaar van die reg en die orde in die Roomse Kerk. Vanweë die feit dat die hele amptestruktuur in hom as verteenwoordiger van Christus saamtrek, en hom derhalwe in die kerk verteenwoordig, is hyself ten diepste ook die alleenbedienaar van die reg en die orde vir die kerk. In sy optrede en uitsprake word in die Rooms Katolisisme die heerskappy van Jesus Christus oor sy kerk veronderstel.

Dit is nie vergesog om te beweer dat die pouslike amp só hoog in die Roomse Kerk waardeur word dat die kerk in al sy fasette volgens dié beskouing,

deur die pouslike amp *gekonstitueer* en *verpersoonlik* word nie. Derhalwe is dit korrek om die Roomse kerkregering as *die papale*, of *die monargale-episkopale-sisteem* te kenskets.

Saamgevat is die konsekwensies van die Roomse kerkregeringsbeskouing die volgende:

- (i) Die devaluasie van die Woord van God as die enigste bron en norm vir die kerkreg en die kerkorde.
- (ii) Die verdringing van die alleenheerskappy van Jesus Christus oor sy kerk.
- (iii) Die verheffing van dienaars in die kerk tot outoritêre beskikkers oor die reg en die orde in die kerk van Christus.
- (iv) Die aantasting van God se soewereiniteit en die vervreemding van God se volk.

Kerkreg het in die Roomse Kerk 'n regsisteem geword wat deur 'n menslike outoriteit, as kerklike monarg, bepaal word. Eweneens het die orde in die Roomse Kerk 'n juridies-wettiese ordesisteem geword wat kragtens die kerklike tradisie op die outoriteit van die kerklike monarg berus. Kerkreg en kerkorde funksioneer in die Roomse kerkregeringstelsel as 'n selfstandige (kanonieke) grootheid op grond van die tradisie en die pouslike gesag los van en buite-om die Woord van God.

2.8.2 *Die Staatsowerheid*

Die Lutherse- sowel as die *Erastiaanse beskouing* het aan die burgerlike vors, oftewel die staatsowerheid, 'n oop mandaat as bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk gegee.

Hoewel Luther die Woord van God weer sy plek in die kerk laat inneem

het, en hoewel hy 'n juiste perspektief op die gesag van die Woord en die *ministerium* van die kerklike dienste daarop nagehou het, het hy in gebreke gebly om die reg en die orde van die kerk ook onder die alleenheerskappy van die "Wortkönig" te betrek. Eweneens het Erastus die kerkregering nie in die spektrum van die 'innerlike kerk' tereg gebring nie, maar onder die 'uiterlike' faset van die kerk, wat hy - méér as Luther - geheel en al aan die beskikkingsmag van die owerheid oorgelaat het. Die uitgangspunt hier-toe is die konsekwente onderskeid tussen 'n 'geestelike' en 'n 'wêreldlike' regiment, wat beide - op verskillende wyses - deur God gebruik word: die 'geestelike regiment' om die ware gelowiges deur die Woord- en sakraments-bediening te regeer; en die 'wêreldlike regiment' om die ganse georganiseerde samelewing wetlik te orden en te regeer. Op hierdie wyse is kerkreg en kerkorde, as non-essensiële aspekte van kerkwees, aan die juridies-wetlike regeringswyse van die staatsowerheid prysgegee.

Die konsekwensies van hierdie beskouing is die onversoenlike tweespalt in die kerk wat 'geestelik' ontstaan het en 'geestelik' voortbestaan rondom die Woord en die sakramente, maar wat formeel 'wêreldlik' regeer word. Wesenlik hou dit die verdringing van Jesus Christus as die enigste ware regeerder van sy kerk, deur sy Woord en Gees, in. Hierdie beskouing kan as 'n *staatsregtelike kerkregeringstelsel* gekenskets word.

2.8.3 *Die sinode*

Die *kollegialistiese beskouing* het in Nederland en in Suid-Afrika, histories besien, 'n grondverskuiwing ondergaan. Gedurende die eerste desennia van die negentiende eeu het die regsbevoegdheid wat (Erastiaans) aan die staat gegee is van die staatsowerheid die bepaler en bedienaar van die orde en die reg vir die kerk gemaak. Met die ontworsteling van die kerk onder die staatsjurisdiksie uit, het die reeds ingeboude 'hoogste gesags-

liggaam van die kerk' in die kollegialisme die onbetwiste bepaler en bedienaar van die reg en orde vir die kerk geword.

Die kollegialisme is gegrond op die gemeentesoewereiniteit. Die eerste spore van die 'vrye verdrag van outonome burgers' lê reeds in die opkoms van die konsiliarisme in die eerste helfte van die veertiende eeu. Hierdie gedagtegang word deur die rasionalisme van die agtiende eeu aangegryp en historiese momentum gegee. Hiervolgens word die kerk bloot *histories* verklaar, en sy oorsprong aan die *vrye wil* van die mens toegeskryf. Die soewereine gewetensvryheid van die mens word op die spits gedryf. Die *pligte* van die mens word met *regte* vervang. Godsdienst word op die basis van die mens se vrywillige wilsbeskikkinge beoefen. Die gemeente dra sy regsbevoegdheid aan sy 'ampsdraers' oor, wat op grondslag van 'n oop mandaat namens die gemeentelede handel. Die gemeentes, as't ware genootskaplike 'takke' van 'die kerk', dra ook hulle gesag en hulle kerklike regsbevoegdheid ten aansien van kerkregtelike- en kerkregeringsake aan die sinode oor: só word die sinode die hoogste gesagsliggaam van die kerk. Die sinode maak wette vir die gemeentes, stel 'n 'kerkorde' saam, en sien toe dat dit nagekom en uitgevoer word. Die sinode het die beslissende gesag oor alle kerklike regsake van die gemeentes verkry, en hy voer dit by wyse van bepalinge, reglemente en sinodale uitsprake uit. In 'n sekere sin verteenwoordig kerkrade die sinodale gesag in die gemeentes. Kerkverband word 'n oorkoepelende 'kerkgenootskap'. Die kerk word 'n objektiewe grootheid, 'n regspersoon waarby 'n mens kan aansluit of jou kan onttrek. Die dienste ontleen hulle funksie aan die kerk. 'Die kerk' se mondstuk is die sinode wat opdrag gee en reglemente bepaal.

In die kollegialisme is die sinode as hoogste gesagsliggaam die gemandateerde bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk. Daarom kan die kollegialistiese kerkregering met reg as 'n *sinodokratiese kerkregeringstelsel*

bestempel word.

Perspektief: Omdat die Afrikaanse kerke in die Gereformeerde kerkefamilie van die eerste helfte van die negentiende eeu af, en verder terug, dieselfde geskiedenis het, is die kollegialisme diep in die denke oor en in die praktyk van dié kerkregeringstelsels ingegroef. Die begrip 'kerkverband', as 'n oorkoepelende organisasie of struktuur wat in en deur sinodes handel, is daarvan 'n voorbeeld. Hiervolgens funksioneer 'kerkverband' as 'n struktuur naas en bo die 'plaaslike kerk'. 'Kerkverband' word nou 'die kerk' teenoor die plaaslike kerk as 'die gemeente'. Sinodes word 'n permanente selfstandige bestuursliggaam wat as die beliggaming en mondstuk van 'die kerkverband' oor die kerke regeer (vgl. die benaming (NGK 1982b): "Agenda vir die sesde *vergadering van* die Algemene Sinode ..." (my kursivering - *CJS*); kyk bv. NHK 1983, art I,II; vgl. Pont s.j.:104; kyk bv. ook NGK 1982a, art 67-71, w o. spesifiek art. 67.1: "Die Kerk, plaaslik sowel as in sy verband, vind die grond van sy bestaan nie *slegs in die wilsuïting van sy lede* nie, maar in die vrymagtige raadsbesluit en welbehae van die drie-enige God, en is in sy ontstaan, bestaan en voortbestaan *soewerein in eie kring* (my kursivering - *CJS*); kyk ook Fourie 1980:40-42; kyk die indringende evaluering van Spoelstra (1984b: 29-46) oor die onderwerp).

Sedert die volksplanting in 1652 (skaars enkele dekades na die Dordtse Sinode van 1618/19) tot in 1804, toe De Mist se kollegialistiese 'Kerkordinansie' op die kerke afgedwing is, is die beginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel wel in die Kaap gehandhaaf, ondanks die onmiskenbare invloed van die 'Politieke Raad' op die kerkregering in dié tyd, hoewel die Dordtse Kerkorde nie formeel in gebruik was nie (vgl. Kruger 1957:32-34,38-43, 210; Jooste 1946:58; teenoor Vorster 1956:83-85 wat beweer dat die Dordtse Kerkorde wel formeel in die Kaap gegeld het).

'n Definitiewe keuse vir die Dordtse Kerkorde en téén die kollegialisme (soos verteenwoordig deur die gewysigde De Mist-'Kerkordinansie') is in Suid-Afrika gemaak by die herstigting van 'Die Gereformeerde Kerk' in 1859. Tydens die eerste sinode van 'Die Gereformeerde Kerk' in 1862 is dié keuse bevestig toe ds. D. Postma se gewysigde kerkorde afgewys is ten gunste van die Dordtse Kerkorde (Spoelstra 1984b:42v; vgl. Jooste 1958:84-87). En tog kon die skaduwee van 'n kollegialisties-getinte kerkbegrip eers ruim een en 'n kwart eeu later *formeel* afgeskud word, toe die sinode van 1985 besluit het dat die kerkverband nie benoem moet word nie, vanweë "die gevaar ... dat hierdie kollegialistiese kerkbegrip deur benoeming van die kerkverband by gelowiges posvat en groei ..." (GKSA 1985, p. 207, vgl. p. 217v). Met die wegdoening van die offisiële naam vir dié kerkverband 'Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika', en die bevestiging dat slegs die plaaslike kerke benoem word, met behoud van die verwysing na die Gereformeerde kerke in kerkverband in onderskeiding met ander kerkgemeenskappe as 'Gereformeerde kerke in Suid Afrika', is die verhouding tussen kerk en 'kerkverband' kerkregtelik en regtelik opgeklaar. Of hierdie formele stap egter voldoende is om 'n reeds gesekulariseerde kerkbegrip van die kollegialistiese invloed te bevry, is 'n ander vraag (vgl. Spoelstra 1984a:28v;1984b:43;1984c:1;1984d:6v).

Van die kerkregeringsbeskouings waarmee die Christusregering in die kerk verteenwoordig word, is dit veral die kollegialisme wat sy donker spoor van rasionalisme en derhalwe menslike seggenskap in die kerkregeringstelsels van die Gereformeerde kerkefamilie in Suid-Afrika gelaat het.

2.8.4 *Die gemeente*

Die kongregasionalistiese beskouing rus op die interpretasie dat Christus sy gesag aan die gemeente gedelegeer het. Omdat die gesag direk van Christus af kom, is dit nie oordraagbaar soos in die geval van die kollegialisme

waar die gemeentesoewereiniteit 'n vrug van die rasionalisme is nie. Die outonomie van die gemeente hou in dat geen meerdere vergadering, of enige ander instansie, besluite kan neem wat vir die gemeente bindend is nie. Meerdere vergaderinge tree slegs konsulterend en adviserend op. Die dienaars van die gemeente is verteenwoordigers van die gemeente om sekere take in opdrag van die gemeente en in belang van die gemeente uit te voer. Dit bring mee dat die kerkregering in feite aan die Woordbedienaars oorhandig is. Tog staan hulle onder die gesag van die gemeente. Prinsipiële bepaal die gemeente die reg en die orde wat vir hom moet geld, en die gemeente sien toe dat dié reg en orde deur sy dienaars toegepas word. Die kongregasionalisme is in wese 'n eksklusiewe *gemeentelike* kerkregeringstelsel waarin die individualistiese onafhanklikheid van elke gemeente kenmerkend is. Derhalwe staan hierdie kerkregering as 'n *independentistiese kerkregeringstelsel* bekend.

2.8.5 God

Calvyn se beskouing word in elke aspek daarvan deur die soewereiniteit van die drie-enige God beheers: God stel die kerk daar; Hy bou en behou sy kerk onder die heerskappy van Jesus Christus deur sy Woord en sy Gees; Hy bedien sy gesag in sy kerk onmiddellik deur sy Woord en Gees en middellik deur sy diensknegte (wat niks anders doen nie as om sy Woord aan die woord te stel); Hy rus sy diensknegte vir hulle dienswerk toe en roep hulle as dienaars in die gemeente; Hy is as't ware die Voorsitter van die kerklike vergaderings waar reggespreek word en orde bepaal en gehandhaaf word (alles deur die korrelering van sy Woord en Gees); Hy regeer self sy kerk deurdat sy diensknegte, gedring deur sy Gees, volgens sy Woord handel; Hy vestig in en deur sy kerk 'n nuwe orde in die wêreld waarin sy reg bedien word; Hy maak die nuwe orde as die ware orde in die wêreld sigbaar óók deur die regshandelinge en die uiterlike ordereëlins in die kerk. God is in elke opsig die soewereine Beskikker oor sy kerk. Derhalwe is enige mate van

kerklike mag of gesag buite-om God se Woord totaal vreemd aan Calvyn se denke: kerklike gesag wat in 'n persoon, of in die diens, of in die vergadering setel, is vir Calvyn menslike fabriisering en daarom beuselary. Die gevolgtrekking: Calvyn se denke en arbeid is oorweldig deur die enigste moontlike bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk, naamlik die Here God.

Die benaming 'presbiteriaal-sinodale' kerkregering vir die stelsel waarvan Calvyn die grondlegger is (bv. Bronkhorst 1947:258vv; Plomp 1967b:17v) is slegs ten dele waar en daarom slegs ten dele kensketsend, én ten dele misleidend. Calvyn se vertrekpunt was wel die dienste, maar nie die sinode nie, allermens die 'kerkverband' en ewemin die kerk as 'n oorkoepelende struktuur. Née, dit is die dienste waardeur God sy Woord laat bedien, die dienste waardeur Hy sy reg en orde vir sy kerk laat bedien, soos saamgetrek in die presbiteriale regeerdiens wat die uitgangspunt vir Calvyn se kerkregeringsbeskouing is. Maar waar die beginsels van Calvyn se kerkregering met dié van die kollegialisme verenig word, waar 'die kerkverband' op een lyn met 'die kerk' geplaas word, en daarmee vereenselwig word, en waar die sinode derhalwe as fundamentele uitgangspunt gelyk met die regeerdiens gestel word, is daar prinsipiële sprake van 'n 'presbiteriaal-sinodale' kerkregering. Derhalwe is die enkelvoudige benaming *presbiteriale kerkregeringstelsel* méér kensketsend vir Calvyn se kerkregeringsbeskouing, mits Calvyn se visie op die regeerdiens-in-afhanklikheid-van-God verdiskonteer word en met hierdie benaming eintlik die *teokraties-presbiteriale kerkregering* bedoel word.

2.9 POSISIEKEUSE

My ondersoek het die volgende moontlikhede as bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk na vore gebring:

- (i) Die kerklike monarg
- (ii) Die staatsowerheid
- (iii) Die sinode
- (iv) Die gemeente
- (v) God

'n Antwoord op die vraag na die bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk, verklaar tegelyk waar die reg en orde vir die kerk setel en van waar of waaruit dit derhalwe nagevors moet word:

Is die bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk die *kerklike monarg* moet hierdie reg en orde uit die *kerklike canones* nagevors en omlyn word; in geval van die *staatsowerheid* moet die reg en die orde vir die kerk uit die *staatsregtelike wette en bepalinge* vasgestel word; in die geval van die *sinode* moet die reg en orde vir die kerk uit *besluite, bepalinge en reglemente van sinodes* bepaal word; in die geval van die *gemeente* moet die reg en die orde vir die kerk uit die *meerderheidswil van die lidmate* vasgestel word; maar is die bepaler en die bedienaar van die reg en die orde vir die kerk *God*, dan moet die reg en die orde vir die kerk uit die *Woord van God* nagevors en bepaal word.

God se Woord as bron vir die kerkreg kom dus hier kontrasterend te staan teenoor òf die *kerklike canones*, òf *staatsregtelike wette en bepalinge*, òf die *besluite, bepalinge en reglemente van sinodes*, òf die *meerderheidswil van die lidmate* as bron waaruit die reg en die orde vir die kerk nagevors moet word. Kragtens die uitgangspunt van hierdie studie (kyk 1.1) ontplooi my posisiekeuse as 'n *sine qua non* uit die bevindings (kyk 2.8):

God is die Bepaler en Bedienaar van die reg en die orde vir die kerk, en sy Woord is die normatiewe bron van waaruit hierdie reg en orde vasgestel moet word.

God openbaar sy reg en sy orde vir sy kerk in sy Woord. Hy bedien hierdie reg en orde *direk* deur sy Gees wat (deur die Woord) in die harte van sy gelowige kinders spreek. Hier is die Woorduitleg en die prediking die middelpunt van die direkte kerkregering. Maar Hy bedien sy reg en orde vir sy kerk ook *indirek* en wel deur sy gelowige diensknegte wat Hy tot die regeerdiens(te) geroep het om sy reg en orde vir sy kerk te 'positiveer' en toe te pas: nie deurdat Hy 'n bepaalde gesag aan die dienaars oorgedra het nie, maar daarin dat hulle bloot bedienaars van sy gesag deur sy Woord is. Ook hier is die Woorduitleg en die prediking die middelpunt van die (indirekte) kerkregering. So regeer God self sy kerk, direk en indirek, deur sy Gees en Woord.

Die vasstelling van die bepaler en bedienaar van die reg en die orde vir die kerk sowel as die setel, die bron van dié reg en orde, lei noodwendig tot die vraag na die inhoud van die reg en orde. Voorts is dit dus my taak om te bepaal wát God se reg en sy orde vir die kerk behels. Daaruit kan dan 'n Skrifgebonde beskouing oor die reg en die orde van die kerk ontplooi word.

Perspektief: Die posisionele standpuntinname wat ek hier ten aansien van die bepaler en die bedienaar van die reg en die orde vir die kerk gestel het, impliseer terselfdertyd standpuntinname met betrekking tot die onderskeie kerkregeringsbeskouings wat hier ontplooi is. Juis die posisiekeuse vir God as die Bepaler en Bedienaar van die reg en die orde vir die kerk en vir sy Woord as die bron van hierdie reg en orde, impliseer klaar 'n bepaalde *houding* teenoor die kerkregeringsbeskouings wat deur hierdie posi-

siekeuse afgewys is. Selfs waar die mens 'n menslike outoriteit as regeerder in die kerk aanwys, beteken dit nie noodwendig dat die regering van die Woord geheel en al tot niet gemaak word en só Christus se heerskappy volkome verdring word nie. Juis omdat God sy reg en orde vir die kerk in sy Woord bepaal en deur sy Gees en Woord laat bedien, moet daar nog sprake van 'n Christusheerskappy wees waar daar hoegenaamd nog na die Woord geluister word, al sou die luister ook hoe swak en hoe verdronge deur menslike denkkonstruksies en -regeringstrukture wees. Die kerkregering hoort aan Christus, maar die kerkregeringstelsels is menslike 'positivering' van God se reg en orde vir sy kerk wat Hy in sy Woord geopenbaar het. Derhalwe kan geen kerkregeringstelsel die volmaakte wees nie. Maar dié kerkregeringstelsel waarin 'n minimum menslike denkkonstruksie en 'n maksimum Woordopenbaring spreek, bied die beste *beveiliging vir die Woordregering*. Die besondere belang van 'n Skrifgehoorsame kerkregering lê daarin dat dit nie die weg verdring nie, maar dat dit die weg open waardeur die vrygekooptes hulle Koning se stem in die kerkregering mag herken, soos wat dit uit sy Woord opklink, om onvoorwaardelik en in blydschap voor sy aloue en ewig-nuwe heerskappy te mag buig.

Ek sluit die ekumenies-prinsipiële deel in die woorde van Calvyn wat die eerste lig oor die volgende afdeling laat val: "*Iam de ordine dicendum est, quo ecclesiam suam gubernari voluit Dominus. Tametsi enim solum ipsum regere ac regnare in ecclesia, in ea quoque praeesse vel eminere, et imperium hoc solo eius verbo exerceri atque administrari oportet: quia tamen visibili praesentia inter nos non habitat, ut voluntatem nobis suam ore coram declaret, hominum ministerium in hoc adhibere diximus, et quasi vicariam operam, non ad eos ius suum honoremque transferendo, sed tantum ut per os ipsorum suum ipse opus agat, qualiter ad opus quoque faciendum instrumento utitur artifex*" ²³⁾ (IV,iii,1).

AANTEKENINGE

Aantekeninge by 2.1: VERKENNING

1. Hoewel daar heelwat oorsigtelike weergawes van die betrokke kerkregeringstelsels in die Suid-Afrikaanse kerkliteratuur gegee is (o.m. Van der Linde 1965:78-82; Van der Walt 1976:16-20; Kleynhans 1982:64-90; o'B.Geldenhuis 1951:25-34), is daar nog nie 'n interpretasie van 'n bepaalde grondidee, soos hier geformuleer, gelewer nie; en by my beste wete ook nie uit die haas onoorsienbare stroom Duitse, Nederlandse, Engelse en Franse kerkregliteratuur nie.

T.o.v. die episkopale kerkregeringstelsel word hier nie differensiërend daarop ingegaan soos wat dit in verskeie lande, veral bv. in Engeland in die Anglikaanse kerk, ontwikkel het nie. Uit die voorafnavorsing vir hierdie studie het dit reeds geblyk dat die episkopalisme met sy onderskeie klemlegginge, wat die bepaler en die bedienaar van die reg en die orde vir die kerk betref, in hoofsaak deels met die Rooms Katolieke beskouing en deels met die Erastiaanse beskouing ooreenstem (vgl. o.a. Bronkhorst 1947:247vv; Bouwman 1970:40,42,102,104,168, 191, 194,211v,216).

2. Die verbranding van die pouslike banboek, tesame met die Roomse kerklike wetboek, waarmee Martin Luther (met die ondersteuning van Melancton) op 10 Desember 1520 die sneller getrek het wat die reformasie sou begin, het 'n fundamentele verset teen die reg en die orde van die Rooms Katolieke Kerk, en die bepaler en bedienaar daarvan, na die oppervlakte gebring. Hierdie Skrifgemotiveerde verset was één van die direkte aanleidende oorsake van die reformasie (kyk 2.3.5).

Aantekeninge by 2.2: DIE ROOMSE BESKOUING

By 2.2.1

1. Uit die *Lumen gentium* (21 November 1964) blyk wel dat die tweede Vatikaanse Konsilie die Roomse kerkbegrip herformuleer het. Die tradisionele beskouing was dat die kerk van Jesus Christus die Roomse Kerk *is*, en dat die sigbare Roomse Kerk derhalwe die liggaam van Christus *is*. Die nuwe formulering lui dat die kerk van Jesus Christus in die Roomse Kerk *bestaan* (vgl. die volledige teks van die *Lumen gentium* in Rossouw 1971:447-507). Of hierdie wysiging wesenlik op 'n dogmawysiging neerkom, is te betwyfel.

Met betrekking tot die Roomse gesagsbegrip en 'amps'begrip is na die tweede Vatikaanse Konsilie wel meer klem op die dienskarakter gelê, maar die pouslike *potestas* word met onverminderde dogmatiese strakheid gehandhaaf (Rossouw 1984:47; Trimp 1982:117,20).

Die 'nuwe benadering', op ekumeniese vlak, teenoor die protestante as "ons geskeie Christelike broeders" i.p.v. "kettere" en "skeurmakers" (Rossouw 1984:62v,87) verander m.i. nie die wese van die tradisionele Rooms Katolisisme nie. Vgl. bv. die pous se rede by die bekragtiging van die leer van die kerk na afloop van die tweede Vatikaanse Konsilie: "Dit was noodsaaklik om die eerste Vatikaanse Konsilie aan te vul. Die beste kommentaar wat oor die leer van die kerk gegee kan word, is om te sê dat dit die tradisionele leer op geen wyse verander nie. Wat was, bly. Wat voorheen eenvoudig beleef is, word tans duideliker uitgedruk ... uit dankbaarheid vir die minsame hulp wat Maria ons tydens hierdie sitting van die Konsilie verleen het ..." (Rossouw 1984:65). Ook is daar by my wete nêrens geldige blyke in die nuwe hersiene *Codex Iuris Canonici* wat in 1983 verskyn het, gegee, óf daaruit aangetoon, waarvolgens die Rooms Katolieke Skrifbeskouing, kerkbeskouing en beskouing oor die pouslike gesag amptelik verander is nie.

2. 'n Beknopte seleksie van die kontemporêre skrywers wat in 'n mindere of meerdere mate weg van die eng tradisionele beskouings 'n eie siening oor die kerk, kerklike gesag en die kerklike diens ontwikkel het, sluit o.a. die volgende in:

ALTING VON GEUSAU, L. 1966. *Ecumenism and the Roman Catholic Church*. London : Scheed & Ward.

BACKES, I. 1960. Die Kirche ist das Volk Gottes im Neuen Bunde. *Trierer theologische Zeitschrift*, 69:111-117.

BÄUMER, R. & DOLCH, H., reds. 1967. Volk Gottes: zum Kirchenverständnis der katholischen, evangelischen und anglikanischen Theologie. Festgabe für Josef Höfer. Freiburg : Herder.

BEINERT, W. & CONGAR, Y., et al. 1972. Das Heilsgeschehen in der Gemeinde (In Feiner, J & Löhrer, M., reds. *Mysterium Salutis*, Grundriss Heilsgeschichtlicher Dogmatik, dl. 4/1 Einsiedeln : Benziger.)

BIELMEIER, J., red. 1969. Abschied von Trient: Theologie am Ende des kirchlichen Mittelalters. Regensburg : Pustet.

BUTLER, B.C. 1962. *The idea of the church*. Baltimore : Helicon.

CONGAR, Y. 1964. Konzil als Versammlung und grundsätzliche konziliarität der Kirche. (In Baptist Metz, J., et al. *Reds. Gott in Welt: Festgabe für Karl Rahner*, dl. 2. Freiburg : Herder.)

- DE BOVIS, A. 1961. What is the church? (In Daniel-Rops, H., *alg. red.* The Twentieth Century Encyclopedia of Catholicism, dl. 48. New York : Hawthorn.)
- DE LUBAC, H. 1956. The catholic and his church (Uit Frans vertaal deur Mason, M.) New York : Sheed & Ward.
- HARING, H. & NOLTE, J., reds. 1971. Discussion um Hans Küng "Die Kirche". Ökumenische Forschungen. Ergänzende Ableitung: kleine ökumenische Schriften, 5. Freiburg : Herder.
- HORST, U. 1971. Umstrittene Fragen der Ekklesiologie. Regensburg : Pustet
- KERTELGE, K. 1972. Gemeinde und Amt im Neuen Testament. München : Kösel.
- KIRVAN, J.J. 1971. The infallibility debate. New York : Paulist Press.
- KOENKER, E.B. 1954. The liturgical renaissance in the Roman Catholic Church. Chicago : University Press.
- KÜNG, H. 1970. Unfehlbar? Eine Anfrage. Einsiedeln : Benziger.
- KÜNG, H. 1968. Wahrhaftigkeit: zur Zukunft der Kirche. Freiburg : Herder-Bücherei.
- KÜNG, H. 1968. Apostolic Succession: rethinking a barrier to unity. (In Küng, H., *red.* Concillium, theology in the age of renewal : Ecumenical Theology. 34, New York : Paulist Press.)
- KÜNG, H. 1967. Die Kirche. Freiburg : Herder.
- KÜNG, H. 1964. Strukturen der Kirche. Freiburg : Herder.
- LINDBECK, G. 1970. The future of Roman Catholic Theology: Vatican II, catalyst for change. Philadelphia : Fortress.
- MUSSNER, F. 1955. Christus, das All und die Kirche: Studien zur Theologie des Epheserbriefes. Trierer Theologische Studien, 5. Trier : Paulinus-Verlag.
- O'BRIEN, E. 1965. Theology in transition: a Bibliographical evaluation of the "Decisive Decade", 1954-1964. New York : Herder & Herder.
- OEPKE, A. 1954. Leib Christi oder Volk Gottes bei Paulus? *Theologische Literaturzeitung*, 79:363-368.
- RAHNER, K. 1971. Zum Problem Unfehlbarkeit: Antworten auf die Anfrage von Hans Küng. *Quaestiones disputatae*, 54. Freiburg : Herder.
- RAHNER, K. 1971. Replik. Bemerkungen zu Hans Küng, im Interesse der Sache. *Stimmen der Zeit*, 187:145-160.
- RAHNER, K. 1970. Zum Begriff der Unfehlbarkeit in der katholischen Theologie: einige Bemerkungen anlässlich des 100-Jahr-Jubiläums der Unfehlbarkeitsdogma vom 18 Juli 1870. *Stimmen der Zeit*, 186:18-31.
- RAHNER, K. 1970. Kritik an Hans Küng: zur Frage der Unfehlbarkeit theologischer Sätze. *Stimmen der Zeit*, 136:361-377.
- RAHNER, K. 1970. Disput um das kirchliche Lehramt: zum Problem nicht-unfehlbarer kirchliche Lehrentscheidungen. *Stimmen der Zeit*, 185:73-81.
- RAHNER, K. et al. 1968. Obedience and the church. Washington : Corpus Books.
- RAHNER, K. 1963. Über Bischofskonferenzen. *Stimmen der Zeit*, 172:267-283.

- RAHNER, K. 1963. Über den Episkopat. *Stimmen der Zeit*, 173:161-195.
- RAHNER, K. 1963. Gegenwart des Christentums. Freiburg : Herder.
- RAHNER, H. 1957. Die Kirche Gottes, Kraft in menschlicher Schwäche. 2de dr. Freiburg : Herder.
- RAHNER, K. 1957. Das Charismatische in der Kirche. *Stimmen der Zeit*, 160:161-186.
- RAHNER, K. 1955. Das freie Wort in der Kirche. 2de dr. Einsiedeln : Johannes-Verlag.
- RAHNER, K. 1952. Die Chancen des Christentums heute. Cologne : Luther-Druck.
- RAHNER, K. 1950. Gefahren im heutigen Katholizismus. Einsiedeln : Johannes-Verlag.
- RATZINGER, J. 1969. Das neue Volk Gottes: Entwürfe zur Ekklesiologie. Düsseldorf : Patmos.
- RATZINGER, J. 1968. Zur Frage nach dem Sinn des priesterlichen Diensten. *Geist und Leben*, 41:347-376.
- RATZINGER, J. 1954. Volk und Haus Gottes in Augustins Lehre von der Kirche. München : Zink.
- RÉTIF, A. & LAMARCHE, P. 1960. Das Heil der Völker, Israels Erwählung und die Berufung der Heiden im Alten Testament. Düsseldorf : Patmos.
- SCHAUT, A. 1949. Die Kirche als Volk Gottes: Selbstaussagen der Kirche im römischen Messbuch. *Benediktinische Monatschrift*, 25:187vv.
- SCHILLEBEECKX, E. 1979. Theologie des kirchlichen Amtes. *Diakonia der Seelsorgers*, 1:147-160.
- SCHILLEBEECKX, E. 1971. Wereld en kerk. Bilthoven : Nelissen.
- SCHILLEBEECKX, E. 1969. The catholic understanding of office in the church. *Theological studies*, 30:569vv.
- SCHLIER, H. 1962. Die Zeit der Kirche: exegetische Aufsätze und Vorträge. 3de dr. Freiburg : Herder.
- SCHNACKENBURG, R. 1961. Die Kirche im Neuen Testament: ihre Wirklichkeit und theologische Deutung, ihr Wesen und Geheimnis. *Quaestiones disputatae*, 14. Freiburg : Herder.
- SÖLL, G. 1957. Das Priestertum der Kirche: ein Desiderat der Ekklesiologie und ihrer Verkündigung. (In Auer, J. & Volk, H., reds. *Theologie in Geschichte und Gegenwart: Michael Schmaus zum sechzigsten Geburtstag*. München : Zink.
- SOIRON, T. 1951. Die Kirche als der Leib Christi: nach der Lehre des Hl. Paulus exegetisch, systematisch und in der Theologischen wie praktischen Bedeutung dargestellt. Düsseldorf : Patmos.
- VAN DER LINDE, H. 1948. Rome en de Una Sancta: Het oecumenisch vraagstuk en de arbeid van Rome voor de hereinigen der kerken. 2de dr. Nijkerk : Callenbach.
- VON LOEWENICH, W. 1955. Der moderne Katholizismus: Erscheinung und Probleme. Witten : Luther.

By 2.2.3

3. In hierdie studie word eerder van die Bybelse 'diensgedagte' (*ministerium*) uitgegaan as van die imperiale 'ampsgedagte' (*potestas*). Trimp(1982: 115-119) maak 'n keuse vir 'amp' teenoor 'diens'. Hy meen dat die woord 'diens' in beslag geneem word deur horisontalisering en spiritualisering van die diensbetoon aan die gemeente: "overal waar medemenslikheid word geoeffend ... In dat geval heeft de kerk als instituut voor geestelijke volksgezondheid genoeg aan een los aantal functionarissen die op het niveau van eerste- of tweede-lijns-hulpverlening (de 'deskundigen') hun diensten verrichten (Trimp 1982:117). Nietemin erken hy dat die begrip 'amp' - soos 'diens' - óók weerloos staan teen willekeurige misbruik.

My probleem met 'amp' is dat dié begrip vanweë die rasionalisme (en die humanisme) buite sy funksie om verselfstandig word. So word 'amp' 'n struktuur waaraan die dienswerk-van-die-kerk *toevertrou* word (vgl. Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1982, art. 3:1). Dit lei daartoe dat 'amp' die betekenis van *posisie*, *status*, selfs *stand*, verkry.

Soos Ridderbos (1971:528) gaan Trimp (1982:119) van die 'volmag' van die dienste uit. 'Gevolmagtigdes' dui op *plaasvervanging* (Schoonees et al. 1979:215). Dié begrip druis m.i. teen die *diensgedagte* van die Skrif in. In die Nuwe Testament is die *diakonia* niks anders as die *diens* in die kerk in opdrag van Christus nie. Daarom gaan ek, soos die ou Gereformeerde kerkordes, by voorkeur uit van die begrippe 'diens', 'bediening' en 'bedienaars' in die betekenis van bv. Ef 4:12; 2 Kor 5:18, 1 Tm 4:6, ondanks die beswaar van eventuele misbruik. *Diens* bly immers die skriftuurlike begrip.

4. Ook die woord *ordo* in die Roomse kerkreg is aan die Romeinse reg ontleen: die senatore het die leierstand gevorm wat as die *ordo* teenoor die *populus* (oftewel *plebs*) bekend was, Hier word die woord 'n aanduiding van die regeerstatus van 'n owerheidspersoon, waaraan hy saam met sy kollegas deel het (Trimp 1982:20).

5. Volgens die weergawe van Trimp(1982:29v) lui 'n deel van die Vaticanum II se besluit in hoofstuk 3 van die Konstitusie *oor die kerk* soos volg: "Deze heilige vergadering, in de voetstappen tredend van het Eerste Vaticaans Concilie en zich daarby aansluitend, leert en verklaart, dat Jezus Christus, de eeuwige Herder, de heilige kerk gesticht heeft door zijn apostelen te zenden zoals Hijzelf door de Vader gezonden was (vgl. Jh 20:21); Hy is het die gewild heeft, dat hun opvolgers, namelijk de bisschoppen, tot aan de voleinding der tijden de herders van zijn Kerk zouden zijn. Maar om het episcopaat één en onverdeeld te bewaren, heeft Hij de heilige Petrus aan het hoofd van de andere apostelen gesteld en in hem het blijvend en zichtbaar beginsel en fundament van de eenheid in geloof en gemeenschap vastgelegd. Deze leer nu over de instelling, de eeuwige duur, de macht en de aard van het gewijde primaat van de pous van Rome en over zijn onfeilbaar leergezag houdt de heilige kerkvergadering nogmaals als vast te geloven aan alle gelovigen voor en, in dezelfde opzet verdergaand, neemt zij zich voor de leer betreffende de bisschoppen, de opvolgers van de apostelen, die samen met de opvolger van Petrus, de plaatsbekleder van Christus en het zichtbaar hoofd van de gehele Kerk, het huis van de levende God besturen, ten overstaan van allen te belijden en te verklaren".

Aantekeninge by 2.3: DIE LUTHERSE BESKOURING

By 2.3.2

1. Bv. stelling 62 van Luther se beroemde '95-Stellinge'. Dit lui (in sy spelling) soos volg: "Verus thesaurus ecclesie est sacrosanctum evangelium glorie et gratie dei". ("Die ware skat van die kerk is die hoogheilige *evangelie* (my kursivering - CJS) van die eer en die genade van God") (Luther WA 1:236). Die onvoorwaardelike gesag van die Woord as God se geopenbaarde wil bring Luther in talle van sy geskrifte aan die lig, w.o. pertinent in *Vorlesung über 1. Mose 1535-1545* (WA 43:673). In *Vorlesung über Jesaja 1527-1529* (WA 25:254) sê Luther: " 'n voortreflike spreuk wat mens op alle mure behoort te skryf, is dat die Woord van die Here alleen sal bly; wat buite en bo die Woord van God is, sal soos 'n blom van die veld vergaan". En in *Die Hauspostille 1544* (WA 52:515) sê hy: "Ons moet God se woord as 'n almagtige krag hoog en heerlik hou, want hy wat dit het, hét alles en kán alles". Ook in sy beroemde 'Tafelgesprekke' toon Luther aan dat die Bybel die ontwyfelbare en enigste Woord van God is (kyk Stolk 1983: 7-16). Uiteraard toon preek vir preek wat Luther gelewer het op die een of ander wyse deurdrongenheid van die belang van die Woord as sentrum vir die geloofs- en kerklewe. (Vir een van sy preke wat die Heilige Skrif as tema het, " Die ondersoek van die Heilige Skrif " uit Jh 5:39v, 43, gehou te Halle op 5 Augustus 1545, is hy deur die stadsraad met 'n goue beker beloon!) (Luther 1884:3vv)).

By 2.3.3

2. 'Regiment' was in die sestiende eeu nie 'n staties institutêre begrip, met die betekenis van bv. 'n militêre regiment nie, maar dit was 'n dinamies funksionele begrip wat eerder op bepaalde handeling gedui het. 'Regiment' moet dus gelees word as 'regime', regeringstelsel; hier meer bepaald: God se tweërlei regeringstelsel (vgl. Douma 1984:46, voetnoot 4).

By 2.3.4

3. Lieberg (1962:240) voer aan dat die skaduwee van 'n 'goddelike instituut' en 'n 'goddelik gekonstitueerde' hiërargie uit die Rooms Katolisisme steeds oor Luther se teologie sou gehang het. Hierteenoor beweer Bahmann (1967:140) dat Luther 'n deeglike besef getoon het dat die genade van God in die *sigbare* kerk tot uiting kom en dat 'n mens nie 'sigbare kerk' kan sê sonder om tegelykertyd ook 'kerkorde' te sê nie. Hy verwerp Lieberg se siening waarom Luther nie meer aandag, institusioneel en kerkordenend, aan die sigbare kerk gegee het nie.

M.i. het die geskiedenis getoon dat Luther inderdaad méér as 'n skadubokser was (Bahmann 1967:141), hy was nie net 'n reaksie-teoloog teen die Roomse skaduwee nie. Dit neem egter nie weg dat sy afkeer aan die Roomse institutionalisme en die misbruike daarvan wél 'n invloed op sy teologie gehad het nie (Luther in *Warum des Papstes und seiner Jünger Bücher von D. Martin Luther verbrannt sind, 1520* (WA 7:152-186)) en dat Lieberg (1962:240) se siening, alhoewel dit slegs 'n deel van die waarheid is, dus nie onjuis is nie.

4. Hoewel Luther aanvanklik wel die beskouing gehandhaaf het dat die "Gemeinde (plaaslike kerk *CJS*) Recht und Macht habe alle Lehre zu urteilen und Lehrer zu berufen, ein- und abzusetzen ..." (Friedrich 1978:77, kyk ook 78v; Luther Ausg. W. V:289vv), het hy die landheer tog 'noodbiskop' gemaak, waardeur die regering van die kerk uiteindelik (veral deur sy volgelinge) aan die wêreldlike owerheid oorgedra is (De Wet 1921:24). 'n Praktiese oorweging, wat by die prinsipiële uitgangspunt van Luther se tweerike-leer, ook hier in ag geneem moet word, is dat Luther se reformatie in 'n groot mate op die goedgunstigheid van die protestantse vorste toegewys was. Sonder hierdie steun sou die beweging waarskynlik gedoem gewees het, as in aanmerking geneem word dat die keiser en die Roomse vorste gedurende die tyd van die Smalkaldiese Verbond (1531-1555) van plan was om die protestantse beweging met wapengeweld uit te roei - waarin hulle waarskynlik ook kon geslaag het as daar nie ook ander vyande (soos die Turke) was nie (Nürnberg 1985:2).

Verder moet ook Luther se versugting: "Aber ich habe die Leute nicht!" As 'n praktiese probleem ten opsigte van sy kerkordenende arbeid aangemerkt word (vgl. Van't Spijker 1983:118).

5. Hier word slegs enkele van die beduidendste eksponente aangemerkt: Dombos 1961:12vv; Heckel 1973:225,317vv; Wolf 1961:17,466vv, Wolf 1948:33vv; Liermann 1973:75vv; Liermann 1955:108,127v,131; Liermann 1933:22-24; Maurer 1976:20vv; Dantine 1982:257vv,320vv; Grundmann 1965:18vv,22vv; Grundmann 1966:3vv; Grundmann 1969a:548; Bohatec 1937:570; Steinmüller I 1968:64; Steinmüller II 1968:796vv,805vv,819; Stein 1980:43vv).

By 2.3.5

6. "Omdat dit immers gemeenskaplik aan almal is, kan geen een homself as individu aanmatig nie, voordat hy geroep word nie"

7. Omdat die evangelie nie die wêreldlike ryk wo. die groot getal ongelowiges kan regeer nie, is die wêreldlike regiment noodsaaklik (Luther in 'n preek oor 1 Tm 1:18-2:2, Mrt 1525 (WA 17,1:149). Die wêreldlike regiment se regeringsbevoegdheid strek egter nie verder as die "äuserliche und leibliche Dinge" nie (Luther in *Epistel S. Petri gepredigt und ausgelegt. Erste Bearbeitung, 1523* (WA 12:334v)). Waar die wêreldlike mag hom aanmatig om vir die siel van die mens wette te maak, daar gryp hy in God se regiment en verderf net die siel van die mens (Luther in *Von weltlicher Obrigkeit, 1523* (WA 11:262)).

8. Hierby moet aangemerkt word dat Zwingli en Bullinger ook die kerkregering aan die staatsowerheid oorgedra het. Weliswaar by Bullinger nie wat sakramente betref nie (McNeill II 1977:1215, voetnoot 6). Melancton het dieselfde weg opgegaan, selfs konsekwenter as Luther (Douma 1984:63).

Aantekeninge by 2.4: DIE ERASTIAANSE BESKOUING

By 2.4.1

1. Erastus het sy beskouing weergegee in sy werk, *Explicatio Gravissimae Quaestionis*, wat aanvanklik in die vorm van 'n manuskrip gesirkuleer het, maar na sy dood in 1589 gepubliseer is (Biesterveld & Kuyper 1905:VIII, IX).

By 2.4.4

2. Aan die begrippe *aequitas*, *iustitia* en *honestas* gee Erastus 'n buite-Bybelse inhoud. Dit blyk dat hy die 'goddelike reg' met die natuurreg gelykstel, hoewel hy dit nie verder uitgewerk het nie (vgl. Wesel-Roth 1954:101).

Aantekeninge by 2.5: DIE KOLLEGIALISTIESE BESKOUING

By 2.5.2

1. Hierdie seldsame geskrif, klaarblyklik die enigste van J.D. Janssen oor "Het Algemeen Kerkelijk Regt ... In Betrekking tot Het Staatsregt ...", die gebied waarop hy in Nederland in die begin van die negentiende eeu groot invloed uitgeoefen het, het my deur prof. W. van't Spijker bereik. Hieruit blyk onteenseglik dat die kollegialisme in Nederland sy wortels in die Luther-aanse, dit wil sê die 'Landsherrliche' reg, oftewel die *ius Majestaticum* of territoriale *circa sacra* het, en ook die beginsels van die 'nuwe' staats-regtelike opvattinge uit die *Aufklärung* implementeer. Hiervolgens funksioneer die kerkreg in volkome afhanklikheid van en in onderhorigheid aan die staat-like reg (Janssen 1855:9-11,17).

2. In die tweede desennium van die negentiende eeu het die owerheid onderskeid gemaak tussen die terme 'bestuur' en 'beheer'. Volgens artikel 15 van die 1816-Reglement is die hoogste 'bestuur' aan die sinode opgedra, maar volgens artikels 90 en 92 is die hoogste kerklike 'beheer' aan die koning opgedra (Haitjema 1951:49).

3. Teenoor die kollegialistiese *societas*-idee wil D.C.G. Fourie (1973: 81,105-108,140v) die regs persoonlikheid van Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 'n *universitas* laat funksioneer. Die vraag is egter of hy langs hierdie weg daarin slaag om die 'vrye verdrag'-gedagte, wat ten grondslag van die kollegialisme lê, te ontsnap. Hy verklaar self: "Vir die oprigting van 'n *universitas* is vooraf nodig die gemeenskaplike wil van die oprigters wat 'n *Gesamentakt* of 'n *Vereinbarung* tot gevolg het" (Fourie 1973:108). Hiervolgens grond die *universitas* uiteindelik ook maar, soos die *societas*, op die 'vrye wil van outonome burgers'.

M.i. lê die grondfout wat Fourie maak daarin dat hy, soos Spoelstra (1979a:46; 1979b: 47-49; 1980:42-45) tereg in sy polemieë teen Fourie aantoon, die *kerkvergaderinge* as vertrekpunt en basis vir kerkregering neem, *algemene regs begrippe* buite om die Skrif gebruik om die kerk se funksionering in 'kerkverband' te verklaar en dat hy veral 'kerkverband' as 'kerk in die geheel' gebruik. Ook Roeleveld (1979:27-35; 1980:5-26) het in dié polemieë die 'genootskaplike' trekke in Fourie se standpunt met betrekking tot sy siening van kerk en kerkverband aangetoon. Hy het dit gedoen deur Fourie se beroep op Voetius te weerlê, deur 'n woordelike vertaling van laasgenoemde aan te bied. Hieruit blyk dit volgens Voetius duidelik dat 'n gereformeerde kerk nie in die kerkverband opgaan nie en dat 'n gereformeerde kerkverband juis nie op die kollegiale model 'n regs persoon is of kan wees nie. Teenoor die kollegiale gedagte van meerdere vergaderings as permanente strukture, wat derhalwe op regs persoonlikheid kan aanspraak maak, toon Roeleveld (1980:9v) uit Voetius die gesag van die meerdere vergaderings, wat uit afgevaardigdes bestaan, soos volg aan:

- (i) "non quod ad perpetuam possessionem, sed quod ad exercitium tantum (nie van voortdurende besit nie, maar net van uitoefening daarvan);
- (ii) "et quidem non absoluta sed limitata (en egter nie absoluut nie, maar beperk);

- (iii) " non magistratis, sed ministerialis (nie heersend nie, maar dienend);
- (iv) " non summa, sed inferior ... (nie hoër nie, maar laer);
- (v) " non originalis, sed derivata et delegata (nie oorspronklik nie maar afgelei en gedelegeer);
- (vi) " non tam ex praerogativa jurisdictionis, quam aestimationis et reverentia (nie soseer uit 'n prerogatief van regsbevoegdheid nie as uit waardering en agting)"

'n Soortgelyke studie as die poging van D.C.G. Fourie, om uit die impasse te kom van die kollegialistiese invloed in die sfeer waar kerkreg en staatlike reg mekaar raak, het G. Pienaar gelewer deur die regsposisie van die kerk (in staatsregtelike sin) te omlin. Hy doen 'n *gemeenregtelike regspersoon* aan die hand (Pienaar (1982:298vv;1984:15v), waarvolgens kerke op grond van die *interne verbandsreg* van plaaslike kerke (Pienaar 1982:275v), gesamentlik aan die regsverkeer kan deelneem en gemeenskaplike eiendomme kan beheer (Pienaar 1984:15). Hiervolgens kom daar geen oorkoepelende liggaam tot stand wat gesag voer oor die plaaslike kerk nie. Dit wil sê van 'kerkverband' word nie 'kerk' gemaak nie. Eweseer word van die kerk nie 'n vereniging van mense op vrywillige grondslag gemaak wat regspersoonlikheid besit om namens sy lede regshandelend op te tree nie.

By 2.5.4

4. 'n Roomse trek, naamlik die *oordrag van goddelike gesag*, in die kollegialisme kan wel begryp word in die uitspraak van Kuyper (1883:52): "Dit Collegiaal sisteem is een echt cameleontisch stelsel; ge kunt er elk stelsel meê goedpraten ..." Hiermee bedoel hy dat die kollegialisme 'n regte verkleurmannetjiesstelsel is.

Aantekeninge by 2:6: DIE KONGREGASIONALISTIESE BESKOUING

By 2.6.1

1. (i) Die CP ken groter bevoegdheid aan die sinode toe as die SD. In die CP het die sinode bevoegdheid tot besluitneming, gee "directions", getuig teen wanbestuur in 'n plaaslike kerk en wys so 'n kerk die regte weg aan. Hierby bly egter gehandhaaf dat die sinode nie die bestuur van so 'n kerk mag oorneem nie, en geen tugmag het nie. Die SD beperk hom tot die term "advice" as die terreinbestek van die sinode.
- (ii) Die CP omskryf die rede vir en die doel van die sinode heel ruimer as die SD.
- (iii) Die CP spreek hom oor die aanvaarding en opvolging van sinodebesluite uit in soverre die besluite in ooreenstemming met die Woord van God is, en verklaar selfs dat dié besluite ontvang moet word "with reverence & submission". Die SD swyg hieroor.
- (iv) Die CP verklaar nie - in teenstelling met die SD - dat slegs "occasional synods" ooreenkomstig die Skrif is nie (Deddens 1984:53v).

By hierdie verskille wat Deddens opgemerk het, moet ook die belangrike verskil aangemerkt word dat die SD 'n duideliker standpunt oor die uitverkiesing handhaaf as die CP (kyk 2.6.3, aantekening 2).

2. In die SD word die uitverkiesing as grondslag vir die kerk egter meer pertinent gestel (SD II,III).

3. As twee willekeurige voorbeelde van die kerkverbond word die van die kerk te Salem en die van die kerk te Charletown-Boston (1630) weergegee:

- (i) "We covenant with the Lord and one with another: and doe bynd ourselves in the presence of God, to walke together in all his waies, according as he is pleased to reveale himself unto us in his Blessed word of truth" (Boon 1951:126).
- (ii) "In the Name of ouer Lord Jesus Christ, and in Obedience to His holy will and Divine Ordinance, Wee whose names are hereunder written, being by His most wise, and good Providence brought together into this part of America in the Bay of Massachusetts and desirous to unite our selves into one Congregation, or Church, under the Lord Jesus Christ our Head, in such sort as becometh all those whom he hath Redeemed, and Sanctified to Himselfe, do hereby solemnly, and religiously (as in His most Holy Presence) Promise, and bind ourselves, to walke in all our wayes according to the Rule of the Gospell, and in all sincere Conformity to His holy Ordinances, and in mutuall love and respect each to other, so neere as God shall give us grace" (Boon 1951:128).

4. "This Form (of a Visible Church - *CJS*) is the Visible Covenant, Agreement, or consent whereby they give up themselves unto the Lord, to the observing of the ordinances of Christ together in the same society, which is usually called the *Church Covenant*" (CP IV,3).

5. "All believers ought, as God giveth them opportunity there unto, to endeavour to joyn themselves unto a particular church ... that they may not be cut off from the priviledges of the covenant ..." (CP IV,6).

Aantekeninge by 2.7: CALVYN SE BESKOUING

By 2.7.2

1. " ... (deur) bemiddeling (letterlik: tussenkoms) van Christus se verdienste ..."

2. In Calvin se kerkbegrip is daar 'n 'innerlike' en 'n 'uiterlike' faset, 'n "onsigbare gemeenskap van uitverkorenes" en die "sigbare kerk" wat eersgenoemde bevat. In sy Institusie (1956:IV,i,7 - Sizoo-vertaling -)stel hy dit só:

"Want we hebben gezegd, dat de Heilige Schrift in tweeërlei zin van de kerk spreekt. Soms, wanneer ze de kerk noemt, bedoelt ze die kerk, die inderdaad voor Gods aanschijn kerk is; in welke geen anderen opgenomen worden, dan die door de genade der aanneming kinderen Gods, en door de heiligmaking des Geestes waarachtige leden van Christus zijn. En dan bevat zij niet slechts de heiligen, die op de aarde wonen, maar alle uitverkorenen, die er van het begin der wereld geweest zijn. Dikwijls echter duidt de Schrift met de naam kerk aan de ganze menigte der mensen, die over die aarde verspreid is, en die belijdt, dat zij één God en Christus dient, door de Doop in zijn verbond wordt ingelijfd, door de deelneming aan het Avondmaal haar eenheid in de ware leer en liefde betuigt, eenstemmigheid heeft in het Woord des Heren, en tot de prediking daarvan de dienst onderhoudt; die door Christus ingesteld is. In deze kerk echter zijn zeer veel huichelaars gemengd, die niets van Christus hebben dan de naam en de uiterlijke schijn; zeer veel eergierigen, hebzuchtigen, afgunstigen, kwaadsprekers, sommigen van een onrein leven die een tijdlang verdragen worden, of omdat ze niet door een wettig oordeel kunnen overtuigd worden, of omdat niet altijd een behoorlijke gestrengheid van tucht heerst. Evenals het dus nodig is, dat we een onzichtbare, alleen voor Gods ogen waarneembare kerk geloven, so wordt ons geboden deze, die ten aansien der mensen kerk genoemd word, hoog te achten en gemeenschap met haar te oefenen".

3. Aan die hand van die verskeie uitgawes van die Institusie toon Ganoczy (1968) 'n duidelike ontwikkelingslyn in Calvin se kerkbegrip aan, waarin die klem al hoe meer van die onsigbare na die sigbare kerk verskuif het:

" 1536: Unsichtbare Einheit der Erwählten".

" 1539: Sichtbar dienende Mater Ecclesia".

" 1543: Unsichtbare communio in der sichtbaren communicatio".

" 1559: Geordneter Dienst aus göttlicher Autorität".

4. "Aangaande die uiterlike hulpmiddele waardeur God ons tot die gemeenskap met Christus uitnooi en daarin hou".

5. Richel (1942:64) sowel as Ganoczy (1968:151) oordeel tereg dat Bohatec nie helder onderskei het nie dat Calvin die term *ecclesia mater fidelium* vir beide, onsigbare- én sigbare kerk gebruik. Terselfdertyd val Ganoczy (1968:357vv) self in die slagat om die moeder-beeld bloot as 'n sigbare moeder-*struktuur* voor te stel, waaruit hy moontlike kerklike outoritarisme by Calvin suggereer (Ganoczy 1968:359).

Die interpretasie dat waar Calvin oor die kerk as moeder handel, hy "waar-

skynlik onbewus" die kerk aan die besondere dienste gelykstel (König 1966: 107), verdien m.i. hersiening. Weliswaar gaan Calvyn uitvoerig op die amptelike dienswerk in waar hy dit oor die *mater ecclesia* het (IV,i,4-6; sy eksegeese van 1 Tm 3:15 (OC 52:287-289)), maar wel teen die agtergrond van sy beskouing dat die Woordbediening, en derhalwe die dienswerk, noodsaaklik is vir die voortbestaan van die (sigbare) kerk omdat die geloof daardeur gebou word (vgl. IV,i,5,6). So gesien is 'kerk' nie gelyk aan 'n 'amptestruktuur' in die moeder-beeld van Calvyn nie, maar 'n hoopvolle gemeenskap waarsonder daar geen ingang tot die lewe is nie ("... *quando non alius est in vitam ingressus* ..." (IV,i,4)). In die woorde van Noordmans (1980:34): "Hier word alles 'wel saamen gevoegd'; hier houden de hardheid, de spanning, de eenzaamheid op; hier is het huis 'mijner broederen en mijner vrienden'; hier is Salem, *ons aller moeder*".

Verder iets oor die oorsprong van die moederbeeld by Calvyn. Calvyn verwys wel na Gl 4:26 in IV,i,4 (hoewel dit nie in die Tholuck-uitgawe aangedui word nie), maar hy put ongetwyfeld uit die tradisie van die kerkvaders in sy gebruik van dié beeld. Cyprianus (CSEL 3,1:214) het byvoorbeeld gestel dat niemand God as Vader kan hê wat nie die kerk as moeder het nie. (Calvyn (IV,i,4) se gedagtegang, reeds gesiteer, sluit direk hierby aan.) Maar ook Augustinus het dié beeld gebruik: "*Itaque, ut saepe dixi ... securi estis, qui Deum Patrem et ejus Ecclesiam matrem habetis*" ("Soos ek dikwels gesê het ... wie God as Vader en die kerk as moeder het, sal veilig wees") (MPL 43: 353). En: *Amemus Dominum Deum nostrum, amemus Ecclesiam ejus illum sicut patrem, istam sicut matrem, illum sicut dominum, hanc sicut ancillam ejus; quia filii ancillae ipsius sumus*" "Laat ons die Here ons God liefhê, laat ons sy kerk liefhê: Hom soos 'n vader, haar soos 'n moeder; Hom soos 'n Heer, haar soos 'n diensmaagd; omdat ons seuns van sy diensmaagd is" (MPL 37:1140).

Uit die gebruik van kerk as moeder by én Augustinus én Cyprianus kan die wesenlike belang van die kerk in die gelowige se verhouding met God afgelei word (vgl. ook Augustinus in *De baptismo* (MPL 43: 152)), maar nie 'n vereenselwing van die kerk met die besondere dienste nie. By hierdie tradisie sluit Calvyn ten nouste aan.

6. "Derhalwe is kerkverlating 'n verloëning van God en Christus".

7. "God gee ons die geloof in ons harte (letterlik: inspireer ons die geloof), maar deur die instrument van die evangelie ... Só berus die mag om salig te maak by God, maar deur die prediking van die evangelie".

8. Die term *Corpus Christi* is ook deur Augustinus gebruik. Teenoorgesteld van Augustinus se bedoeling is die term in die Roomse beskouing strak veruitwendig en geformaliseer: die kerk het die juridiese gedaante van 'n staat verkry (Richel 1942:53). Calvyn gebruik die term ooreenkomstig die oorspronklike bedoeling as 'n geheeluitdrukking waarin sowel die sigbare as die onsigbare kerk organies vervat word. In die sigbare gemeenskap van die heiliges, waaronder ook die hipokriete, funksioneer die onsigbare kerk as *Corpus Christi*, waarin elke lid sy eie plek van God ontvang (Richel 1942:63v).

9. "Maar ons moet vashou wat ons uit Paulus aanhaal, dat die kerk op geen ander wyse gebou word as deur die uiterlike prediking nie ..."

10. Die Heilige Gees is vir Calvyn die Leermeeester van die godsdiens, Behoeder van die leer van die vroomheid en Bewerker van geloofsekerheid (Dourmergue 1931:78). Die getuienis van die Heilige Gees is egter nie vir Calvyn

'n religieuse *ervaring* nie. Née, dié getuigenis *wel* wel 'n religieuse ervaring. Die Heilige Gees se werkinge is nie subjektief nie, maar so objektief as die Woord self (Doumergue 1931:79v). Die Woord stel die Heilige Gees bekend en omgekeerd bevestig en verseker die Heilige Gees die gesag van die Woord (Doumergue 1931:84). Hieruit blyk dat die Heilige Gees en die Woord van God onlosmaaklik aan mekaar verbonde is. Omdat Calvin niks meer wou wees as Woorduitlegger en Woordverkondiger nie, het hy niks minder geword as teoloog van die Heilige Gees nie.

11. Hier moet twee opmerkinge gemaak word:

- (i) Plomp (1969:123-128) het in sy diepgaande studie oor die onderwerp gevind dat die tug by Calvin geen kentekens van die kerk is nie, egter van die 'welgeordende kerk': sonder die tug wil dit nie sê dat die kerk geheel en al verwoes sou wees en dat 'die gebou van die kerk' nie sou bly staan nie, mits die leer waarop die kerk immers gegrond is, nog behoue sal bly (1969:125). Vir Calvin was die tug dus belangrik vir die *bene esse*, maar nie vir die *esse* van die kerk nie (1969:127). Dit is een van die merkwaardige spelinge van die geskiedenis dat Luther die tug onder die kentekens van die kerk vermeld het en dat die Lutherse konfessionele ontwikkeling uitgeloop het op 'n duidelike afwysing van die tug as *nota ecclesiae*, terwyl Calvin die tug nie as een van die *notae* erken het nie en dat dit tóg in die Gereformeerde (calvinistiese) konfessies as *nota ecclesiae* opgeneem is (1969:128).
- (ii) Calvin stel nie 'n perfeksionistiese eis aan die suiwerheid nie, daarom fulmineer hy skerp teen die anabaptiste wat van die kerk wegskeur omrede daar nog nie volkome heiligheid en derhalwe suiwerheid onder die lidmate is nie (IV,i,13-29; kyk ook Balke 1973:161).

12. Dit was Calvin se lewenswerk om te orden - natuurlik deur die Woordverkondiging (Kampschulte 1972:385vv). Hy het die kerk organisatories georden sowel as die staat in Genève, en só die lewe van mense: alles in ooreenstemming met die Woord van God (Doumergue 1931:120; Van't Spijker 1984:215). Selfs op sy sterfbed het Calvin die direkteure en senaatslede van Genève gemaan om by die orde te hou wat hy ingestel het, uiteraard teen die agtergrond van die verwarring wat in die kerk (en staat) van Genève geheers het toe hy daar aangekom het (Beza 1984:73).

13. "die uiterlike hulpmiddele ..." tot "... die gemeenskap met Christus ..."

By 2.7.3

14. Na die vertaling van A. Sizoo: "Daarom moet men hier bedenken, dat alle gezag en waardigheid, die de Geest in de Schrift hetzij aan de priesters, hetzij aan de profeten, hetzij aan de apostelen, hetzij aan de opvolgers der apostelen toekent, in haar geheel niet eigenlijk gegeven wordt aan de mensen zelf, maar aan de dienst, waarover zij gesteld zijn, of (om duidelijker te spreken) aan het Woord welke bediening hun is toevertrouwd ... Want wanneer ze tot haar ambt geroepen worden, dan word hun tegelijkertijd bevolen, dat ze niets voortbrengen uit zichzelf, maar spreken uit de mond des Heren ... Indien dus de priester gehoord wil worden, moet hij zich een bode Gods betonen ..." (Calvin 1956:IV,viii.2).

15. " ... dat dit nie soseer 'n mag is as wel 'n bediening nie ..." Ter toelichting haal ek voorts uit A Sizoo se vertaling aan: "Want ofschoon Hij zelf alleen in de kerk moet regeren en heersen, en in haar ook de leiding moet hebben en het hoogste gezag bekleden en deze heerschappij alleen door zijn Woord geoefend en bediend moet worden, zo hebben wij, omdat Hij niet met zichtbare tegenwoordigheid onder ons woont om ons zijn wil mondeling in eigen persoon te verklaren, gezegd, dat Hij daartoe de dienst van mensen aanwendt en als het ware een plaatsvervangende werkzaamheid, niet om op hen zijn recht en eer over te dragen, maar alleen om door hun mond zijn eigen werk te volbrengen ... " (Calvyn 1956:IV,iii,1).

16. "Ek praat slegs oor die geestelike mag wat aan die kerk toebehoort. Hierdie mag is geleë in die leer, of in die regspraak, of in die daarstel van wet-te."

17. " ... dat dit nie soseer 'n mag is as wel 'n bediening nie ..."

18. " ... wat gegrond is op God se gesag en uit die Skrif geneem en dus geheel en al goddelik is".

19. " ... die orde ... waardeur die Here wil dat sy kerk regeer word".

By 2.7.4

20. Indien die *Ordonnances Ecclésiastiques* buite-om Calvyn se ekklesiologie en veral sy gesagsbeskouing, soos dit in sy kommentare en in sy Institusie te voorskyn kom, beoordeel word, lei dit tot 'n onewewigtige beoordeling van hierdie kerkorde (bv. Cornelius 1892:35-39): "Die presbyteri aber sind die Inhaber der Gewalt und Gerichtsbarkeit der Kirche, ja sie selber sind die ecclesia ..." (Cornelius 1892:8). Die gebreke in Calvyn se kerkorde, wo. in hoofsaak die kerklike afhanklikheid van die burgerlike owerheid (Anrich 1928:28v), moet veral gesien word teen die agtergrond dat Calvyn t.a.v. die bevoegdheid van die dienste 'n kompromis met die stadsowerheid moes maak, vanweë die aandrang van die owerheid van Genève. Vir Calvyn was die kompromis noodsaaklik om die kerk binne die Geneefse *corpus Christianum* met sy *ius patronatus in sacra* te laat oorlewe (Spoelstra 1984b:31). Die Geneefse Klein Raad, Raad van Twintig en Raad van Tweehonderd het die reformasie deurgevoer en hulleself as kerkvoogde en erfgename van die vroeëre gesag van die biskop, pous of vors beskou. Derhalwe het dié owerheid - teen Calvyn se sin - die terrein van die regeerdiens betree deur bv. aanspraak te maak op die uitoefening van die kerklike tug (Dankbaar 1957:84v; Plomp 1969:181).

21. Die feit dat Calvyn, in die praktiese omstandighede van 'n *ius patronatus in sacra* in Genève (vgl. Spoelstra 1984b:31), nie beswaar daarteen gehad het dat die owerheid ("*autorité Civile*") die verkiesing van die predikant ("*ministre*") bevestig nie, het in geen mate afbreuk gedoen aan die gemeente se beroepingsreg nie (Doumergue 1917:103v).

22. Die dienste by Calvyn is nie, soos wat in die kollegialisme (kyk 2.5.5) ten onregte aangevoer word, verteenwoordigend van die gemeente, asof die gesag in die gemeente setel en asof die dienaars die uitvoerders van die gemeentewil is nie. Calvyn het die gemeente op grond van sy kerkbegrip nooit anders in dié verband as die *causa instrumentalis* beskou waaruit en waardeur die dienaars na vore tree nie: geroep deur en op las van God alleen (Plomp 1969:86-88).

Aantekening by 2.9: POSISIEKEUSE

23. "Nou moet ons oor die orde praat, waardeur die Here wil dat sy kerk regeer word. Want ofskoon Hyself alleen in die kerk moet regeer en heers, en daarin ook die leiding moet hê en die hoogste gesag beklee en hierdie heerskappy alleen deur sy Woord geoefen en bedien moet word, so het ons, omdat Hy nie met sigbare teenwoordigheid onder ons woon om ons sy wil mondeling in eie persoon te verklaar nie, gesê dat Hy daartoe die diens van mense aanwend, en as't ware 'n plaasvervangende werksaamheid, nie om op hulle sy reg en eer oor te dra nie, maar slegs om deur hul mond sy eie werk te volbring, soos ook 'n ambagsman vir sy werk gereedskap gebruik."